



ATKV-KENNISGEWINGBOEK 2022

'N GLASHELDER
TOEKOMSBLIK





INHOUDSOPGAWE

Sake wat statutêr voorgeskrewe sake is:

Kennisgewing van die algemene jaarvergadering van 2022	2
Sakelys	4
Reglement van orde vir die virtuele algemene jaarvergadering	5
Verkorte notule van die algemene jaarvergadering van 2021	9
Terugvoer op resolusies van 2021	32
ATKV-reglemente	44
Statutêr voorgeskrewe sake: Gewone besluite	69
Statutêr voorgeskrewe sake: Spesiale besluit	77

Ander sake wat nie statutêr voorgeskryf is nie:

Mosies 2022	78
CV's van die direksiekandidate	79
Volmagvorm en volmagreëls	82
Lys van ATKV-takke	86

KENNISGEWING VAN DIE ALGEMENE JAARVERGADERING VAN DIE AFRIKAANSE TAAL- EN KULTUURVERENIGING, REGISTRASIENOMMER 1962/005157/08

Kennis word hiermee gegee dat die algemene jaarvergadering van die ATKV op Woensdag 20 Julie 2022 virtueel sal plaasvind met die volgende oogmerke:

- Om die voorsittersrede en die verslag van die besturende direkteur aan te bied;
- Om die finansiële jaarstate van die ATKV-groep vir die jaar geëindig op 28 Februarie 2022 aan te bied;
- Om die eksterne ouditeursverslag en die korporatiewebestuursverslag aan te bied;
- Om die eksterne ouditeure aan te stel;
- Om direkteure volgens artikel 22 van die Akte van Oprigting (AVO) te verkies;
- Om die ouditkomiteelede aan te stel;
- Om die ledeverteenvoordigers op die nominasiekomitee aan te stel;
- Om die reglemente van die ATKV voor te lê vir bekragtiging volgens die AVO en die Maatskappywet, Wet 71 van 2008, artikel 15(3);
- Om die verslag van die sosiaal-en-etiekkomitee aan te bied;
- Om die verslag van die vergoedings-en-mensehulpbronkomitee aan te bied;
- Om die verslag van die ouditkomitee aan te bied;
- Om sake en handelinge wat deur die direksie van die ATKV namens die maatskappy onderneem en uitgevoer is, te bevestig;
- Om spesiale besluit 1 te oorweeg en goed te keur; en
- Om enige ander sake (mosies) te bespreek wat die algemene jaarvergadering 2022 in terme van artikel 75 van die Maatskappywet en artikel 17.2.6 van die AVO geregtig is om te bespreek en waarvan behoorlik kennis gegee is deur die direksie aan die takke van die ATKV.

Goedkeuring van een spesiale besluit

Die volgende spesiale besluit ten einde finansiële bystand tussen filiaalmaatskappye en verwante partye te reguleer, word in opdrag van die ATKV-direksie vir oorweging en goedkeuring voorgelê.

SPESIALE BESLUIT 1

INTERGROEPLENINGS

'n Spesiale besluit ter bevestiging dat die direksie namens die lede die bevoegdheid uitoefen om in ooreenstemming met artikel 45 van die Maatskappywet, Wet 71 van 2008, en onderhewig aan die bepalings van die AVO, waar toepaslik vir 'n periode van twee jaar vanaf die datum van hierdie resoluë direkte of indirekte finansiële bystand kan verleen aan *inter alia* die verwante, medefiliaal- en filiaalmaatskappye van die maatskappy volgens bepalings en voorwaardes soos deur die direksie besluit van tyd tot tyd.

UITWERKING VAN HIERDIE SPESIALE BESLUIT

Die besluit verseker nakoming van die Maatskappywetbepalings met betrekking tot intergroepleninge en die direksie se nakoming van dié wet.

MOTIVERING VIR HIERDIE SPESIALE BESLUIT

Die proses, soos deur die Maatskappywet neergelê, het ten doel om deursigtigheid te bevorder en ondersteuning te bied aan die finansiële verslagdoening soos vervat in die jaarstate.



Mnr. Johan Schoeman

Maatskappysekretaris

Johannesburg

9 Junie 2022

WOENSDAG 20 JULIE 2022

Algemene jaarvergadering van die ATKV

1. Reglement van orde Besluit 1

2. Mosie van roubeklag Besluit 2

3. Goedkeuring van die verkorte notule van die virtuele algemene jaarvergadering wat op 14 Julie 2021 gehou is Besluit 3

4. Terugvoer op resolusies van 2021 Besluit 4

STATUTÊR VOORGESKREWE SAKE: GEWONE BESLUITE

5. Voorlegging van die besturende direkteur van die ATKV-MSW Besluit 5

6. Voorlegging van die besturende direkteur van die ATKV-Sake Besluit 6

7. Voorlegging van die finansiële jaarstate van die ATKV-groep vir die jaar geëindig op 28 Februarie 2022 Besluit 7

8. Aanstelling van die eksterne ouditeure BDO Suid-Afrika Ingelyf Besluit 8

9. Verkiesing van nie-uitvoerende direkteure Besluit 9

10. Voorlegging van die voorsitter ATKV-MSW Besluit 10

11. Verkiesing van direkteure op die ouditkomitee Besluit 11

12. Verkiesing van ledevertegenwoordigers op die nominasiekomitee Besluit 12

13. Bekragtiging van die volgende ATKV-reglemente: Besluit 13

13.1. ATKV-reglement van die ATKV-MSW-direksie;

13.2. ATKV-reglement van die ouditkomitee;

13.3. ATKV-reglement van die sosiaal-en-etiekkomitee;

13.4. ATKV-reglement van die vergoedings-en-mensehulpbronskomitee;

13.5. ATKV-reglement van die verkiesing vir die ATKV-MSW-direkteure;

13.6. ATKV-reglement van orde vir die AJV; en

13.7. Takreglement vir die funksionering van ATKV-takke.

14. Verslag van die ouditkomitee Besluit 14

15. Verslag van die sosiaal-en-etiekkomitee Besluit 15

16. Verslag van die vergoedings-en-mensehulpbronskomitee Besluit 16

17. Mosies 2022 Besluit 17

STATUTÊR VOORGESKREWE SAKE: SPESIALE BESLUIT

18. Spesiale besluit 1: Intergroepleninge Spesiale besluit 1

19. Afsluiting en verdagting

*Alle opnames en dokumente sal op die ATKV se webwerf beskikbaar gestel word.

Klik op die volgende skakel: <https://atkv.org.za/ons-storie/qjv/>

Reglement van orde

VIR DIE ALGEMENE JAARVERGADERING

NOTA: Onderstaande moet gelees word saam met die maatreëls wat nodig is om die AJV van 2022 virtueel aan te bied. Dit mag impliseer dat van die prosedures anders sal verloop as wat in die reglement aangedui word, sonder dat die gesag/implikasies daarvan aangetas word.

1. OPENING EN AFSLUITING MET GEBED

Die sittings van die algemene jaarvergadering word elke dag met gebed geopen en afgesluit.

2. VOORSITTER

Die voorsitter van die ATKV-direksie tree ingevolge artikel 4.13 van die Akte van Oprigting (AVO) op as voorsitter van 'n behoorlik gekonstitueerde algemene jaarvergadering. In sy/haar afwesigheid of as enige saak rakende die persoon van die voorsitter bespreek word, tree die visevoorsitter as voorsitter op. Indien sowel die voorsitter as visevoorsitter nie in staat of bereid is om as voorsitter op te tree nie, kies die algemene jaarvergadering 'n tydelike voorsitter uit sy geledere.

3. NOTULE VAN DIE ALGEMENE JAARVERGADERING

Die maatskappysekretaris reël vir die notule van die algemene jaarvergadering, wat die volgende besonderhede moet bevat:

- 3.1. Die tyd, datum en plek van die algemene jaarvergadering;
- 3.2. Voorstelle wat aan die algemene jaarvergadering voorgelê moet word;
- 3.3. Besluite wat deur die algemene jaarvergadering geneem moet word;
- 3.4. Belangrike reëlins van die voorsitter; en
- 3.5. Ander sake wat volgens die besluit van die algemene jaarvergadering genotuleer moet word.

4. PRESENSIELYS

Die hoofkoördineerder van die algemene jaarvergadering sien toe dat die teenwoordigheid van alle stemgeregtigdes met die aanvang van die algemene jaarvergadering en ook by die voortsetting van elke afsonderlike sitting elektronies aangeteken word. Daarom sal alle teenwoordiges te alle tye 'n elektroniese identifikasiekaart tydens die vergadering dra.

5. SAKELYS

Die sakelys vir die verrigtinge van die algemene jaarvergadering omvat die werksaamhede soos wat bepaal word in artikel 4.12.2 en 4.14.3 van die AVO van die ATKV. Die algemene jaarvergadering behou hom egter die reg voor om die volgorde van die items op die sakelys na gelang van omstandighede te wysig.

6. REËLS VIR BESPREKINGS

Die volgende reëls geld vir die bespreking van en wysigings aan voorstelle tydens die algemene jaarvergadering:

- 6.1. Inleiers van voorstelle word hoogstens vyf minute toegelaat om hul voorstelle toe te lig, behalwe die inleiers van voorstelle oor statutêre sake en spesiale besluite, aan wie die voorsitter na goeëddunke bykomende tyd kan toestaan.
- 6.2. Alle ander sprekers wat aan die bespreking van 'n voorstel deelneem, word drie minute toegelaat.
- 6.3. Inleiers van voorstelle word toegelaat om aan die einde van die bespreking repliek te lewer net voordat die voorstel tot stemming gebring word.
- 6.4. Die algemene jaarvergadering mag na goeëddunke meer tyd vir besprekings toelaat.

7. BESPREKING VAN MOSIES

Die mosies moet skriftelik wees en elektronies of persoonlik by die ATKV-hoofkantoor ingedien en in die kennisgewing van die algemene jaarvergadering gepubliseer word. Die voorstelle moet tydens die algemene jaarvergadering gesekondeer word voordat dit deur die indiener toegelig kan word. Slegs die indiener van 'n voorstel replek aan die einde van die bespreking van die voorstel kan lewer, word meer as een spreekbeurt oor enige voorstel toegelaat. Indien 'n spreker oor 'n voorstel gepraat het en weer oor 'n wysiging van dieselfde voorstel wil praat, moet sodanige spreker hom of haar streng by die bespreking van die wysiging hou. Voorstelle wat deur die direksie voorgelê word aan die algemene jaarvergadering, word deur een van die direksielede toegelig.

Bogenoemde besprekings van die mosies kan verskil in die geval van 'n virtuele algemene jaarvergadering.

'n Wysiging aan of die wysiging van enige mosie kan mondelings deur 'n stemgeregtigde voorgestel word en moet deur 'n ander stemgeregtigde gesekondeer word. Geen wysiging mag 'n negasie van 'n voorstel wees nie. Indien die algemene jaarvergadering virtueel plaasvind, moet insette op mosies elektronies en voor die algemene jaarvergadering ingedien word vir aanvaarding.

Die voorsitter mag reël dat voorstelle en wysigings in kleiner groepe bespreek word, maar besluite moet deur die volle algemene jaarvergadering aanvaar word.

8. ONDERBREKING VAN 'N BESPREKING

Die bespreking van 'n mosie mag slegs onderbreek word deur:

- 8.1. 'n wysiging voor te stel;
- 8.2. 'n voorstel om te verdaag of om van die punt af te stap;
- 8.3. 'n voorstel dat daar dadelik oor die punt gestem word;
- 8.4. die voorsitter wat 'n lid toelaat om 'n persoonlike verklaring te doen;
- 8.5. 'n voorstel om die saak terug te verwys na die direksie; of
- 8.6. 'n punt van orde.

Indien die bespreking van 'n mosie afgehandel is, het die indiener van die betrokke mosie die reg op replek voordat daar oor die betrokke mosie, met of sonder wysiging(s), gestem word.

9. PUNTE VAN ORDE

Die punte van orde waarop lede van die algemene jaarvergadering hulle kan beroep, is soos volg:

- 9.1. dat die gedrag van 'n spreker onwelvoeglik of sy of haar taal onbehoorlik of lasterlik is, of dat die spreker van die onderhawige saak afdwaal;
- 9.2. dat dit tyd is om te verdaag;
- 9.3. dat 'n spreker te lank praat;
- 9.4. dat 'n voorstel of wysiging *ultra vires* of om die een of ander rede onreëlmatig is;
- 9.5. dat die opname van stemming verkeerd is;
- 9.6. dat 'n spreker nie die voorsitter aanspreek nie, oneerbiedig jeens die voorsitter is of die beslissing van die voorsitter nie gehoorsaam nie;
- 9.7. dat daar nie 'n kworum is nie;
- 9.8. dat iemand die vergadering sonder die verlof van die voorsitter verlaat het; of
- 9.9. dat 'n onreëlmatigheid van prosedure of enige oortreding van die AVO begaan is.

Die voorsitter beslis alle punte van orde. Die beslissing in dié opsig is finaal. 'n Punt van orde moet eers afgehandel word voordat die algemene vergadering met die mosie voortgaan.

Reglement van orde

VIR DIE ALGEMENE JAARVERGADERING (VERVOLG)

10. STEMMING

10.1. METODE

Stemreg op die algemene jaarvergadering word gereël volgens Skedule 1, Deel E van die AVO. Die stemming tydens die algemene jaarvergadering geskied, tensy die AVO anders vereis, deur die opsteek van hande of, ten tye van 'n virtuele algemene jaarvergadering, via elektroniese medium. Die voorsitter of ten minste vyf stemgeregtigde lede wat teenwoordig is by die algemene jaarvergadering kan egter vra dat die stemming oor enige mosie met stemming deur middel van enige toepaslike elektroniese meganisme sal plaasvind. Indien 'n lid van die algemene jaarvergadering die uitslag van 'n stemming betwyfel, mag sodanige lid onmiddellik ná die uitslag versoek dat die stemme weer opgeneem word. Indien die algemene jaarvergadering akkoord gaan, word daar in so 'n geval oorgestem. As 'n lid nie onmiddellik ná die uitslag van 'n stemming beswaar daarteen maak nie, word die saak as afgehandel beskou.

10.2. STAKING VAN STEMME

Indien daar 'n staking van stemme is, word daar oor die betrokke mosie beslis volgens die bepalings in artikel 4.11.10 van die AVO van die ATKV.

10.3. TOETSSTEMMING

Die voorsitter het die reg om ter wille van tydbesparing toetsstemmings te hou om die gevoel van die algemene jaarvergadering oor sekere sake te wete te kom.

11. STEMREG

Ingevolge Skedule 2, Deel C van die AVO het slegs een afgevaardigde per takstruktuur wat 'n lid is en wat deur die betrokke tak benoem en gemagtig is; asook 'n lid van die direksie of van 'n direksiekomitee wat ook lede moet wees, stemreg op die algemene jaarvergadering, onderworpe aan die bepalings van artikel 4.11.3 van die AVO met betrekking tot spesiale besluite.

12. VERKIESING VAN LEDE VAN DIE DIREKSIE

Die algemene jaarvergadering het 'n reglement vir die verkiesing van direksielede aanvaar. Die verkiesing van direkteure vind tydens die algemene jaarvergadering aan die hand van die volgende prosedures en vereistes plaas:

- 12.1. Die kriteria en bepaling van die behoeftes, insluitend geografiese en demografiese samestelling van die direksie;
- 12.2. Kennisgewing van die versoek om nominasies;
- 12.3. Nominasievoorwaardes en -prosesse;
- 12.4. Werksaamhede en verpligtinge van die nominasiekomitee;
- 12.5. Kennisgewing van die mosie vir die verkiesing van direkteure; en
- 12.6. Die verkiesingsprosedure.

13. DOKUMENTE VAN DIE ALGEMENE JAARVERGADERING

Die notule, jaarverslag, finansiële state en ander nodige verslae word skriftelik saamgestel en elke lid van die algemene jaarvergadering ontvang 'n afskrif daarvan. Hierdie dokumente is ook elektronies beskikbaar, spesifiek in die geval van 'n virtuele algemene jaarvergadering.

14. TYDHOUER

Die besturende direkteur van die ATKV-MSW reël vir 'n amptelike tydhouer wat 'n klokke lui sodra die spreker se tyd verstreke is. Die spreker wat aan die woord is, moet afsluit wanneer die klokke lui. Hierdie reëling geld nie in die geval van 'n virtuele algemene jaarvergadering nie.

15. DIE MEDIA

Die direksie stel 'n mediakomitee aan by die aanvang van die algemene jaarvergadering om verslaggewers van die media by te staan, en om 'n oog te hou oor die aard en juistheid van die verslae aan die media. Ander lede van die algemene jaarvergadering mag nie kommentaar aan die media lewer nie en moet verteenwoordigers van die media na die mediakomitee verwys. Skakeling met die media moet geskied met inagneming van die vertroulikheid van sekere kwessies, waar en wanneer dit relevant is.

16. ORDE

- 16.1. Die voorsitter handhaaf die orde tydens gesamentlike sittings van die algemene jaarvergadering. Hy/Sy tree onpartydig en billik op en beskerm minderhede op 'n redelike manier. Sy/Haar reëlings en beslissings is finaal.
- 16.2. Gesamentlike sittings begin en eindig stiptelik soos op die sakelys aangedui. 'n Amptelike tydhouer kondig die begin en einde van sittings aan deur middel van 'n waarskuwing 15 minute voor en dan weer 5 minute voor die geskeduleerde tyd wat op die sakelys aangedui is. Tydens 'n virtuele algemene jaarvergadering is die proses grootliks aaneenlopend, en die betrokke spreker sal verdere reëlings aankondig soos wat die verrigtinge verloop.
- 16.3. Lede van die algemene jaarvergadering staan die voorsitter by in die handhawing van orde tydens gesamentlike sittings deur nie laat te kom of die vergadersaal tydens 'n sitting sonder die toestemming van die voorsitter te verlaat nie.
- 16.4. Geen stemgeregtigde lid mag die amptelike verrigtinge van die algemene jaarvergadering voor die verdaging op die laaste sittingsdag verlaat nie tensy vooraf toestemming van die voorsitter verkry is.

17. PLEK VAN DIE VOLGENDE ALGEMENE JAARVERGADERING

Die direksie bepaal waar die volgende algemene jaarvergadering gehou sal word.

18. NIESTEMGEREGTIGDES

Niestemgeregtigde lede van die ATKV en ander uitgenooide lede van die publiek sit in die vergadersaal elders as die stemgeregtigde lede.

VERKORTE *Notule*

VERKORTE NOTULE VAN DIE VIRTUELE ALGEMENE JAARVERGADERING VAN DIE ATKV GEHOU OP WOENSDAG 14 JULIE 2021 OM 09:00

Algemene Jaarvergadering (AJV) van die ATKV

OPMERKING: Dit is die tweede keer in die geskiedenis van die ATKV dat die AJV virtueel gehou word. Hierdie reëling is noodsaaklik weens die Covid-19-pandemie en die gevolglike landswye inperking en verwante Covid-19-regulasies.

1. OPENING

Dr. Mike Heaney van die NG gemeente Margate open die AJV met Skriflesing en gebed deur middel van 'n vooraf opname wat voor die AJV op die ATKV-webwerf beskikbaar gestel is.

2. KONSTITUERING

Die kennisgewing van die AJV is gepubliseer soos wat voorgeskryf word in artikel 4.14 van die Afrikaanse Taal- en Kultuurvereniging (ATKV) se Akte van Oprigting (AVO), asook ingevolge artikel 61 (7) van die Maatskappyywet, Wet 71 van 2008.

Daar is 179 stemgeregtigdes wat vooraf aanlyn en tydens die AJV gestem het. 'n Kworum word ingevolge artikel 4.9.1 van die ATKV se AVO en artikel 64 (1) van die Maatskappyywet daargestel uit 'n meerderheid van alle stemgeregtigdes soos wat met konstituering bepaal word. Die volledige aanlyn registrasieregister is by die maatskappysekreteraris beskikbaar vir insae.

Die AJV is behoorlik gekonstitueer ingevolge artikel 4.7 van die AVO van die ATKV.

3. VERWELKOMING

Sonél Brits, besturende direkteur van die ATKV-MSW, verwelkom almal wat virtueel ingeskakel is. Sy verduidelik die proses wat vir die virtuele AJV gevolg word.

Die verslae en video's is vooraf opgeneem en aan die lede beskikbaar gestel.

4. REGLEMENT VAN ORDE

Die onderstaande inligting moet gelees word saam met die maatreëls wat nodig is om die AJV van 2021 virtueel te kan hou. Dit mag impliseer dat van die prosedures anders sal verloop as wat in die reglement aangedui word, sonder dat die gesag en/of die implikasies daarvan aangetas word.

Die voorsitter vestig die afgevaardigdes se aandag op die bepalings wat vervat is in die reglement van orde wat vir die AJV geld.

BESLUIT

AJV 01/2021

Die AJV besluit:

Dat die verrigtinge van die AJV volgens die bepalings van die gepubliseerde reglement van orde sal geskied.

Die notule word geskryf in die volgorde van die oorspronklike sakelys en reflekteer nie noodwendig die volgorde van gebeure en gesprekvoering tydens die AJV nie.

5. MOSIE VAN ROUBEKLAG

'n Naamlys van ATKV-lede, familie van lede en prominente lede van die Afrikaanse kultuurgemeenskap wat in die afgelope verslagjaar oorlede is, is op die ATKV-webblad gepubliseer.

BESLUIT

AJV 02/2021

Die AJV besluit:

Dat die volgende mosie eenparig aanvaar word:

Hierdie AJV bring dankbaar hulde aan die ATKV-lede, familie van lede en prominente lede van die Afrikaanse kultuurgemeenskap wat in die afgelope verslagjaar oorlede is. Die ATKV eer hul nagedagtenis en bid hul dierbares die vertroosting van die Hemelse Vader toe. Meegevoel word ook spesifiek betuig met families wat geliefdes verloor het as gevolg van die Covid-19-virus.

6. GOEDKEURING VAN DIE VERKORTE NOTULE VAN DIE VIRTUELE AJV WAT OP 19 AUGUSTUS 2020 GEHOU IS

BESLUIT

AJV 03/2021

Die AJV besluit:

Dat die verkorte notule van die AJV van 19 Augustus 2020 as gelees beskou en goedgekeur word.

7. SAKE VOORTSPRUITEND

7.1 AFHANDELING VAN DIE BESLUIT VAN 2020

Die voorsitter hou die verslag oor die afhandeling van die besluite van 2020 se AJV aan die vergadering voor.

Daar is agt mosies kragtens artikel 4.6 van die AVO aan die AJV van 2020 voorgelê. Al agt mosies is eenparig aanvaar.

BESLUIT

AJV 04/2021

Die AJV besluit:

Dat kennis geneem word van die afhandeling van, terugvoer oor en implementering van die besluite van 2020 se AJV.

Statutêre voorgeskrewe sake: Gewone besluite

8. BEHANDELING VAN DIE VOORSITTERSREDE

Artikel 4.14.3 van die AVO bepaal dat die AJV die verslag van die direksievoorsitter van die ATKV-MSW sal behandel. Hierdie voorsittersrede is in die ATKV-jaarverslag vervat en eersgenoemde is saam met die kennisgewing van die AJV gepubliseer en beskikbaar op die ATKV se webwerf.

'n Video van Marlene le Roux, voorsitter van die ATKV-MSW-direksie, se aanbieding word tydens die AJV vertoon. Die voorsittersrede is ook vooraf beskikbaar gestel op die ATKV-webwerf.

BESLUIT

AJV 05/2021

Die AJV besluit:

Dat Marlene le Roux, voorsitter van die ATKV-MSW-direksie, se voorsittersrede en die aanbieding daarvan as behandel beskou en goedgekeur word.

Sonél Brits oorhandig die voorsitterstoel aan Schalk Cilliers vir die duur van haar voorlegging.

9. VERSLAG VAN DIE BESTURENDE DIREKTEUR VAN DIE ATKV-MSW

Schalk Cilliers, besturende direkteur van ATKV-Sake, neem die voorsitterstoel in vir die duur van bogenoemde verslag.

Artikel 4.14.3 van die AVO bepaal dat die AJV die uitvoerende direkteure se verslae sal behandel wat vervat is in die verslag van die besturende direkteur van die ATKV-MSW. Hierdie verslae is in die ATKV-jaarverslag gepubliseer en saam met die kennisgewing van die AJV aan die takke verskaf. Die aanbieding is ook vooraf beskikbaar gestel op die ATKV-webwerf.

BESLUIT

AJV 06/2021

Die AJV besluit:

Dat Sonél Brits, besturende direkteur van die ATKV-MSW, se verslag en aanbieding daarvan as behandel beskou en goedgekeur word.

Sonél Brits neem weer die voorsitterstoel in.

10. VERSLAG VAN DIE BESTURENDE DIREKTEUR VAN ATKV-SAKE

Schalk Cilliers, besturende direkteur van ATKV-Sake, se verslag oor die werksaamhede van ATKV-Sake is vooraf beskikbaar gestel op die ATKV-webwerf. 'n Video van sy aanbieding word ook tydens die AJV vertoon.

BESLUIT

AJV 07/2021

Die AJV besluit:

Dat Schalk Cilliers, besturende direkteur van ATKV-Sake, se verslag en aanbieding as behandel beskou en goedgekeur word.

11. FINANSIËLE JAARSTATE VAN DIE ATKV-GROEP VIR DIE JAAR GEËINDIG OP 28 FEBRUARIE 2021

Tommy Truscott, die finansiële direkteur van die ATKV-groep, se voorlegging van die finansiële jaarstate vir die jaar geëindig op 28 Februarie 2021 is vooraf beskikbaar gestel op die ATKV-webwerf.

Die volledige finansiële jaarstate van die ATKV-groep vir die jaar geëindig op 28 Februarie 2021 is in die ATKV-jaarverslag gepubliseer, en verskyn ook saam met die kennisgewing van die AJV op die ATKV se webwerf. Die takke is per SMS en e-pos ingelig dat bogenoemde inligting beskikbaar is op die webwerf.

Verder word die sake en handelinge bevestig wat deur die ATKV-direksie namens die maatskappy onderneem en uitgevoer is in die finansiële jaar van 2020/2021.

BESLUIT

AJV 08/2021

Die AJV besluit:

1. Dat die finansiële state, insluitend die direkteursverslag, die ouditeursverslag en die korporatiewebbestuursverslag, soos uiteengesit in die jaarverslag vir die jaar geëindig op 28 Februarie 2021, as gelees beskou, aanvaar en bevestig word.
2. Dat die sake en handelinge bevestig word wat deur die ATKV-direksie namens die maatskappy onderneem en uitgevoer is in die finansiële jaar van 2020/2021.

12. AANSTELLING VAN EKSTERNE OUDITEURE

Artikel 4.14.3.5 van die AVO bepaal dat 'n ouditeur ingevolge die Maatskappywet aangestel moet word. Die Maatskappywet bepaal in artikel 61(8)(c) dat 'n ouditeur tydens elke AJV aangestel word om dié amp te beklee van die sluiting van daardie betrokke jaar se AJV af tot die sluiting van die AJV in die daaropvolgende jaar.

Die aanstelling van BDO Suid-Afrika Ingelyf (BDO) as ouditeure is deur die ouditkomitee en die direksie oorweeg.

Die ouditkomitee het tydens die vergadering van 1 Junie 2021 die geskiktheid van BDO bevestig vir die aanstelling as ouditeure. Ná oorweging van bestuur se aanbeveling oor die aanstelling het die ouditkomitee en die direksie die volgende oorweeg en bespreek:

- Die ouditkomitee is tevrede dat BDO onafhanklik van die ATKV optree in ooreenstemming met die vereistes van die Maatskappywet.

BESLUIT

AJV 09/2021

Die AJV besluit:

Dat die AJV die aanstelling van BDO as eksterne ouditeure van die ATKV-groep tot na afloop van die volgende AJV in 2022 bevestig.

13. VERKIESING VAN NIE-UITVOERENDE DIREKTEURE

Die volgende twee nie-uitvoerende direkteure se termyne verstryk tydens die AJV van 2021:

- Charmel Flemming
- Hennie Strauss

Die direksie het besluit dat twee poste oopgestel word vir nominasie deur ATKV-takke en die ATKV-direksie ingevolge artikel 2.2 van die ATKV-reglement vir die verkiesing van direkteure. Die vul van die poste sal geskied aan die hand van 'n verkiesing vir een nie-uitvoerende direkteur tydens die AJV van 2021, en die koöptering van een nie-uitvoerende direkteur deur die direksie na afloop van die AJV van 2021.

Die volgende kandidate word vir die vakatures genomineer:

- Mnr. Quinton Adams*
- Ds. Dawid de Wet
- Prof. Deon Rossouw*
- Adv. Hennie Strauss
- Prof. Madele Tait

*Die * dui die voorkeurkandidate aan.*

Statutêre vereistes

Artikel 1.2 van die ATKV-reglement van die direksie bepaal dat direkteure van die ATKV aan die statutêre vereistes moet voldoen wat vervat is in die AVO van die ATKV, asook in die Maatskappywet en ander wetgewing. Sodanige direkteure moet ook uitvoering gee aan bestepraktystandaarde volgens die King-kodes. Artikel 5.1.7 van die ATKV se AVO bepaal verder dat 'n voornemende direkteur van die ATKV ingevolge die Maatskappywet bevoeg moet wees om 'n direkteur van 'n maatskappy te wees.

Nominasies

- Artikel 2.2.1 van die ATKV-reglement van die direksie bepaal dat nominasies deur 'n tak, ingevolge 'n besluit wat op 'n takjaarvergadering daarvoor geneem is, voorgelê word met die handtekening van die voorsitter en nog 'n lid van sodanige tak. Die genomineerde(s) hoef nie noodwendig lid van die betrokke tak te wees nie.
- Artikel 2.2 bepaal verder dat nominasies 'n aanduiding moet gee van die vakature waarvoor 'n genomineerde genomineer word, asook 'n motivering ter ondersteuning van die nominasie. 'n Persoon kan slegs vir een vakature genomineer word. 'n Volledige CV in Afrikaans, asook instemming van 'n genomineerde om genomineer te word, moet die nominasie vergesel. 'n Verkorte Afrikaanse CV van 'n maksimum van 300 woorde, wat in die kennisgewing van die AJV gepubliseer word, moet ook by die nominasie ingesluit wees.
- Sodanige nominasies deur takke word as deel van takke se takjaarvergaderingsverslae by die maatskappysekretaris ingedien, maar in alle gevalle nie later nie as Dinsdag 6 April 2021.

Bekendstellingsvideo's van die kandidate is vooraf beskikbaar gestel op die ATKV-platform. Die bekendstellingsvideo's word weer vertoon voor die verkiesing plaasvind.

Stemming vind plaas en terwyl die stemme geverifieer word, word die aanbieding van dr. Adriana Marais vertoon. Dr. Marais is die gasspreker by die ATKV se algemene jaarvergadering met die tema *Meer as net 'n reis!*

Sonél Brits stel vir dr. Adriana Marais voor aan die afgevaardigdes. Sy is 'n teoretiese fisikus, kwantumbioloog en tegnoloog. Sy is wêreldbekend en het 'n passie vir ekspedisies na verafgeleë plekke, selfs die buitenste ruim. Dr. Marais was ook een van die 100 kandidate wat in 2015 gekies is om moontlik 'n kolonie op Mars te stig. Nadat die Mars One Project in 2019 bankrot verklaar is, het dr. Marais die entiteit Proudly Human gestig. Sy het onlangs van die mees afgeleë plekke (party met van die uiterste toestande) op aarde besoek om mense se veerkragtigheid, gemeenskapsgees en volhoubaarheid deur volharding, verbeelding, navorsing en innovasie selfs in die uitdagendste omgewings ten toon te stel.

Uitslag

'n Volstreckte meerderheid is nie verkry nie, en 'n tweede ronde stemming vind plaas vir prof. Deon Rossouw en adv. Hennie Strauss.

Sonél Brits bevestig dat die afgevaardigdes wat reeds per volmag gestem het, ook aangedui het wie hulle kandidate van een tot vyf is indien 'n volstreckte meerderheid van stemme nie verkry word nie.

Terwyl die stemming geverifieer word, word 'n video van die ATKV se bedrywighede vertoon.

BESLUIT

AJV 10/2021

Die AJV besluit:

1. Dat kragtens die uitslag van die verkiesing die volgende persoon op die direksie aangestel word:
 - 1.1. Prof. Deon Rossouw word as nie-uitvoerende direkteur verkies vir 'n termyn van drie jaar tot en met 2024.
2. Dat die direksie na afloop van die AJV 'n persoon koöpteer met kundigheid op die gebied van finansies.

14. VERKIESING VAN DIREKSIELEDE OP DIE OUDITKOMITEE

Artikel 43(2) en 84(1)(c)(ii) van die Maatskappywet bepaal dat die AJV 'n ouditkomitee verkies.

Die komiteelede moet oor toepaslike kwalifikasies beskik met kundigheid op die gebied van finansiële bestuur, risikobestuur, die regte en inligtingstechnologie.

BESLUIT

AJV 11/2021

Die AJV besluit:

1. Dat kragtens die uitslag van die verkiesing die volgende persone op die ouditkomitee aangestel word:
 - 1.1. Nie-uitvoerende direkteur finansies: ATKV-MSW
 - 1.2. Nie-uitvoerende direkteur finansies: ATKV-MSW
 - 1.3. Nie-uitvoerende direkteur finansies: ATKV-Sake

15. VERKIESING VAN LEDEVERTEENWOORDIGERS OP DIE NOMINASIEKOMITEE

Die ATKV-reglement vir die verkiesing van direksielede bepaal:

Dat daar jaarliks 'n nominasiekomitee aangestel word wat bestaan uit:

- Die voorsitter van die direksie.
- Drie lede wat vir hierdie doel op 'n AJV benoem is.
- Hoogstens twee onafhanklike lede, wat lede moet wees maar nie lede van die direksie mag wees nie, en wat deur die direksie benoem word.

Hierdie nominasiekomitee tree op as 'n pre-advieskomitee om 'n voorkeurlys op te stel van persone wat deur die takke of direksie genomineer is vir verkiesing as direkteure, welke verkiesing tydens die eersvolgende AJV in 2022 sal plaasvind.

Dit is dus nodig dat ledevertegenwoordigers kragtens artikel 1.5.2 van die ATKV-reglement vanuit die vergadering genomineer word en dat die AJV deur middel van 'n gesamentlike stembrief, dog afsonderlik per kandidaat, stem vir drie van die kandidate wat genomineer is.

15.1 VERKIESINGSPROSES

Nominasies van kwalifiserende persone wat op die nominasiekomitee kan dien, is van die onderskeie takke ontvang. Die nominasies is deel van 'n stemproses wat via die diensverskaffer gekoördineer is.

Die volgende vier nominasies is ontvang en daar moet vir drie persone gestem word:

- Johan Fourie
- Pieter Möller
- Frik Roets
- Beatrix Venter

Die stemproses word geverifieer. 'n Video van die ATKV se bedrywighede word vertoon tydens die stemtelling.

Sonél Brits bevestig dat die afgevaardigdes wat reeds per volmag gestem het, ook aangedui het wie hul kandidate van een tot vyf is indien 'n volstreekte meerderheid van stemme nie verkry word nie.

BESLUIT

AJV 12/2021

Die AJV besluit:

1. Dat die volgende ledevertegenwoordigers by wyse van stemming op die nominasiekomitee aangestel word:
 - Pieter Möller verkies deur die AJV tot en met 2022
 - Frik Roets verkies deur die AJV tot en met 2022
 - Beatrix Venter verkies deur die AJV tot en met 2022
2. Dat hoogstens twee onafhanklike ATKV-lede na afloop van die AJV deur die direksie benoem sal word om op die nominasiekomitee te dien.

16. BEKRAGTIGING VAN DIE ATKV-REGLEMENT VAN DIE SOSIAAL-EN-ETIEKKOMITEE

Die direksie het die afgelope jaar wysigings aangebring aan bogenoemde ATKV-reglement.

Die reglement is ter insae beskikbaar op die webtuiste van die ATKV by www.atkv.org.za, asook op aanvraag by die geregistreerde kantoor. Die reglement het op die publikasiedatum van krag geword. Skedule 1, deel D van die AVO en artikel 15.3 van die nuwe Maatskappywet bepaal dat die AJV die ATKV-reglemente moet bekragtig.

Een ATKV-reglement is in die afgelope jaar gewysig, naamlik die ATKV-reglement van die sosiaal-en-etiekkomitee.

Die wysiging word hieronder in kursief aangedui:

5. SAMESTELLING VAN DIE KOMITEE

Die komitee word saamgestel uit minstens drie (3) nie-uitvoerende direkteure wat deur die direksie aangewys word. Ad hoc-uitnodigings mag aan ander kundige persone gerig word om die komitee by te staan in sy werksaamhede. *Die direksie wys die voorsitter van die sosiaal-en-etiekkomitee aan.*

BESLUIT

AJV 13/2021

Die AJV besluit:

Dat die wysiging van die ATKV-reglement van die sosiaal-en-etiekkomitee van die ATKV-groep bekragtig word.

17. VERSLAG VAN DIE OUDITKOMITEE

Die ATKV-reglement van die ouditkomitee bepaal dat terugvoer by die AJV gegee moet word deur middel van 'n formele verslag wat ingesluit is in die jaarverslag van die maatskappy.

BESLUIT

AJV 14/2021

Die AJV besluit:

Dat die verslag van die ouditkomitee van die ATKV-groep deur die AJV aanvaar word.

18. VERSLAG VAN DIE SOSIAAL-EN-ETIEKKOMITEE

Die ATKV-reglement van die sosiaal-en-etiekkomitee bepaal dat terugvoer by die AJV gegee moet word deur middel van 'n formele verslag wat ingesluit is in die jaarverslag van die maatskappy.

BESLUIT

AJV 15/2021

Die AJV besluit:

Dat die verslag van die sosiaal-en-etiekkomitee van die ATKV-groep deur die AJV aanvaar word.

19. VERSLAG VAN DIE VERGOEDINGSKOMITEE

Die ATKV-reglement van die vergoedingskomitee bepaal dat terugvoer by die AJV gegee moet word deur middel van 'n formele verslag wat ingesluit is in die jaarverslag van die maatskappy.

BESLUIT

AJV 16/2021

Die AJV besluit:

Dat die verslag van die vergoedingskomitee van die ATKV-groep deur die AJV aanvaar word.

Ander aangeleenthede wat nie statutêre voorgeskrewe sake is nie: Mosies van 2021

Die mosies van 2021 is vooraf op die webwerf gepubliseer. Die takke se terugvoer oor die mosies is aangevra en bygewerk.

Virtuele gesprekke het van 5 tot 7 Julie 2021 plaasgevind waartydens die onderstaande vyftien (15) mosies voorgelê, gemotiveer en bespreek is.

Die notulering van die vooraf gesprekke sal afsonderlik aan die afgevaardigdes gestuur word.

Al vyftien (15) onderstaande mosies is eenparig aanvaar.

20. MOSIES VAN 2021

MOSIES OOR DIE JEUG

20.1 RESOLUSIE 1

AJV 17/2021

Hierdie AJV beveel aan dat ATKV-takke hul aktiwiteite só sal beplan dat fokus geplaas sal word op die ouderdomsgroep 25 tot 40 jaar, en dat spesiale moeite gedoen sal word rondom die betrokkenheid van hierdie ouderdomsgroep se kinders.

ATKV-tak Arendsnes

Motivering van Monique Brink: ATKV-tak Arendsnes (Florida)

Monique sê dat sy en haar gesin die jongste mense was wat hulle by die ATKV-tak Arendsnes aangesluit het. Daar is besluit om meer aktiwiteite aan te bied wat jongmense met klein kinders betrek. Die meeste taklede was ouer as 50 jaar en nadat sy takvoorsitter geword het, het meer jonger mense hulle aangesluit by die tak. Die tak wil hê dat die ATKV meer op jonger mense en kinders moet fokus.

Bespreking

Bestuur bevestig dat 'n advertensieveldtog aan die gang is waarin uitgewys word dat die ATKV iets het om te bied vir en in elke fase van 'n persoon se lewe.

Vera Immelman van die ATKV-tak Mondjievool is in matriek en ondersteun die mosie. Sy sê dat gesinne wat hulle by takke aansluit baie goeie rolmodelle vir die jeug is. Ouers wat terugploeg in die gemeenskap dien as inspirasie vir jongmense.

Clive Cordon van die ATKV-tak Seeuitsig beklemtoon dat die ATKV sterker bemark en uitgebrei moet word in gemeenskappe omdat mense nie die ATKV ken nie. Daar moet gefokus word op die ATKV se handelsmerk.

20.2 RESOLUSIE 2

AJV 18/2021

Hierdie AJV beveel aan dat die jeug by hul ouers moet gaan uitvind hoe dit in die verlede was sodat die jeug die nuwe tegnologiese reis kan waardeer en verstaan waarheen om te gaan. Die jeug is die brandstof om mekaar aan te vuur om hul reis merkwaardig te maak.

ATKV-jeugtak Hupstoot

Danica Nortje van ATKV-jeugtak Hupstoot het die volgende motivering weens netwerkprobleme per e-pos gestuur:

Die jeug kan deur projekte nie net by ouer generasies leer hoe die goeie ou dae was nie, maar die ouer generasies kan die jeug ook leer om 'n beter begrip te kry van wat gewerk het en wat nie gewerk het nie. Deur verskille van naderby te bekyk, kan die jeug leer hoe verskille gemeenskappe juis gehelp het om te groei en hoe verskille tot voordeel van gemeenskappe kan strek.

MOSIES OOR VOLHOUBAARHEID EN IMPAK

20.3 RESOLUSIE 3

AJV 19/2021

Hierdie AJV beveel aan dat die ATKV en ATKV-takke projekte van stapel stuur wat gefokus is op die bewaring van die aarde in geheel. *Om op meer as net 'n reis te kan gaan, moet ons eers dít bewaar wat aan ons toevertrou is.* Die ATKV moet verantwoordelike rentmeesters wees ten einde sinvol op reis te wees. ATKV-tak Noorsveld

Die volgende motivering is skriftelik van die ATKV-tak Noorsveld (Jansenville) ontvang:

Tydens die grendeltyd het die wêreld stilgestaan en die natuur kon begin herstel. Hierdie momentum moet behou word deur groen projekte aan te pak. Ons kan ons wonderlike aarde help met projekte soos 'n jaarlikse ATKV-boomplantdag, of deur saam werk toe te ry om die osoonlaag te beskerm. Die ATKV is die ideale instansie om sulke projekte te inisieer – kom ons maak 'n merkbare verskil!

20.4 RESOLUSIE 4

AJV 20/2021

Hierdie AJV beveel aan dat die ATKV-takke aangespoor moet word om hul regmatige plek as verspreidingskanale vol te staan. 'n Reis van 'n duisend myl begin met 'n enkele tree.

Alle ATKV-takke word uitgedaag om volhoubare netwerke binne hul gemeenskappe te wees. Dit kan gedoen word deur vertrouensbande te smee met rolspelers in hul gemeenskappe, behoeftes te identifiseer en dan deur middel van doeltreffende projekte aan hierdie behoeftes in die gemeenskappe te voldoen. ATKV-tak Stormberg, ATKV-damestak Kro'bossie, ATKV-tak Ennerdale Baanbrekers

Motivering van Magda van der Walt: ATKV-tak Stormberg

Die ATKV-tak Stormberg in Burgersdorp het 'n groot nood in die gemeenskap gesien en is besig met gesprekke om sokkombuise te vestig. Die tak wil meer sigbaar raak en ook die dorp sover as moontlik skoonmaak met die hulp van besighede en inwoners.

Motivering van die ATKV-damestak Kro'bossie (De Aar)

Die ATKV se voetspoor in gemeenskappe word al hoe groter. Ongeag langdurige hulpverlening aan en ondersteuning van gemeenskappe, is daar steeds ruimte vir verbetering.

Motivering van ATKV-tak Ennerdale Baanbrekers

Die tak beoog om in opleidingsbehoefte te voorsien om 'n verskil in hul gemeenskap te maak. Die fokus sal veral op leesbevordering en finansiële geletterdheid val.

Bespreking

Hennie Kloppers van die ATKV-tak Pretoria Polisie bevestig dat hulle reeds goeie verhoudings het met organisasies in hul gemeenskap en voortbou daarop.

VERKORTE *Notule* (VERVOLG)

Surita Duminy van die ATKV-tak Vryheid vra dat die ATKV nie moet vergeet van leerders wat tuisonderrig ontvang nie. Hulle wil individueel betrokke raak by die ATKV-projekte omdat die kinders nie in skoolverband kan inskryf om deel te neem nie. Ouers van leerders wat tuis onderrig word, besoek en ondersteun ook die ATKV-oorde tydens skoolkwartale.

Reuphillan Pelser, 'n direkteur op die direksie van ATKV-Sake, ondersteun Surita Duminy se voorstel.

Frik Roets van die ATKV-tak Vereeniging sluit aan by die opleidingsbehoefte en wys daarop dat leesvaardighede drasties versleg het as gevolg van die Covid-19-pandemie.

Clive Cordon van die ATKV-tak Seeuitsig beklemtoon dat die ATKV se handelsmerk beter bemark kan word deur middel van die ATKV-takke.

Bestuur bevestig die volgende:

- Dit gaan oor vennootskappe op verskillende vlakke in 'n gemeenskap.
- Dit gaan oor behoeftegedrewe identifisering van projekte.
- Burgerlike organisasies behoort 'n uitgebreide rol te speel.
- Baie lesse kan geleer word, maar daardeur word ook baie geleenthede vir ons geskep om oplossings te vind vir die uitdagings.
- Dit is vir kinders ongelooflik moeilik om in hierdie uitdagende tye aan te pas by die nuwe normaal.
- Baie ATKV-projekte word nou virtueel aangebied en kinders het toegang daartoe.

20.5 RESOLUSIE 5

AJV 21/2021

Hierdie AVJ daag die ATKV as organisasie uit om sigbaar te word in gemeenskappe op grondvlak en dat alle ATKV-takke saam uitreik na die bejaardes in hul onderskeie gemeenskappe en hulle bemagtig. Die spreekwoordelike weduwees en wese kan sodoende deel van die ATKV se opwindende en interessante reis na die onbekende word.

ATKV-tak Stormberg, ATKV-damestak Kro'bossie, ATKV-tak Bloemfontein

Motivering van die ATKV-tak Kro'bossie

Die tak wil ander takke motiveer om deur volhoubare uitreiking te fokus op alle projekte wat betrekking het op bejaardes, weduwees en weeskinders, en wat ook deur die breë ATKV geïnisieer word.

Motivering van die ATKV-tak Bloemfontein

Ons projekte vir bejaardes het ten doel om voedselsekerheid te bewerkstellig, veral onder bejaardes wat finansiële baie swaar kry. Ons ondersteun die vestiging van entrepreneurskappe en moedig ruilhandel aan om sodoende bejaardes en gemeenskappe te help om selfversorgend te wees.

Bestuur bevestig die volgende:

Die takke word aangemoedig om mense wat in 'n swakker posisie verkeer positief te beïnvloed, soos byvoorbeeld bejaardes en weeskinders. Die mense kan gehelp word om hul menswaardigheid te behou; elke bietjie maak 'n verskil in iemand se lewe.

20.6 RESOLUSIE 6

AJV 22/2021

Hierdie AVJ beveel aan dat die ATKV tydens hierdie reis daarop sal fokus om projekte van stapel te stuur wat gesprekvoering aanmoedig en brùe bou sodat die vyandige diskriminasie teen Afrikaans kan vervaag en vervang kan word met 'n algehele positiewer ingesteldheid teenoor Afrikaans.

ATKV-tak Douglas

Motivering van Ernie Brummer: ATKV-tak Douglas

Bespreking

Michiel Jacobs van die ATKV-tak Alberton ondersteun die mosie. Hy lê klem op die ATKV se naam in hierdie verband. Hy haal Frits Kok, vorige besturende direkteur van die ATKV, se woorde aan: "Afrikaans het genoeg vyande, kom ons maak vriende in Afrikaans." Die ATKV-takke moet 'n verskil op voetsoolvlak maak. Stel praktiese maniere voor, soos om met ander soortgelyke organisasies hande te vat om die ATKV verder te bemark.

Volgens Frik Roets van die ATKV-tak Vereeniging is elke ATKV-lid 'n ambassadeur vir die ATKV. Die tak stel voor dat wanneer gaste by 'n oord se ontvangs inboek, hulle video's en/of foto's op 'n TV-skerm moet kan sien van alles wat die ATKV doen sodat die mense bewus gemaak kan word van al die aktiwiteite van die ATKV.

Donovan Koopman van die ATKV-tak Ennerdale Baanbrekers beklemtoon dat die ATKV nouer betrokke moet raak by die departement van onderwys. Die departement moet deeglik bewus wees van die projekte wat die ATKV aanbied.

20.7 RESOLUSIE 7

AJV 23/2021

Hierdie AVJ doen 'n beroep op ATKV-takke om betrokke te raak by meer volhoubare en sigbaar uitvoerbare projekte wat voedselsekerheid in gemeenskappe betref.

ATKV-tak Kroonstad

Motivering van Maritzie Maritz: ATKV-tak Kroonstad

Takke moet help met die skep van nuwe projekte, byvoorbeeld die plant van groente en vrugte wat mense kan help om selfonderhoudend te wees.

Bespreking

Christo van der Rheede, 'n direkteur op die direksie van ATKV-Sake en uitvoerende direkteur van AgriSA, noem dat hulle boere in die gemeenskap gevra het om te help met die uitdeel van kospakkies. Hulle wil egter graag met nog ander organisasies soos die ATKV saamwerk om nog meer mense te bereik. AgriSA het 'n ramphulpfonds gestig wat ook 'n artikel 18A-sertifikaat uitreik. Voedselnood is aan die toeneem. Hy stel voor dat 'n span bestaande uit verteenwoordigers van AgriSA en die ATKV saamgestel word om 'n strategie te beplan.

Michiel Jacobs van die ATKV-tak Alberton beaam dat Christo se woorde bemoedigend is. Hul tak het al met AfriForum saamgewerk aan uitreikprojekte in die gemeenskap. Die tak ondersteun die voorstel dat die ATKV en AgriSA hande vat.

Surita Duminy van die ATKV-tak Vryheid sê dat Helpende Hand van Solidariteit ook betrek kan word.

Clive Cordon van die ATKV-tak Seeuitsig steun Christo se voorstel. Daar moet egter net gewaak word daarteen dat daar nie 'n verwagting geskep word dat die ATKV net hulp verleen nie. Hulp moet ook opvoedingsplanne insluit.

Volgens Maritha Deenik van die ATKV-tak Oudtshoorn is dit nou die ideale tyd om ouers en kinders te kry om groentetuine by skole aan te lê aangesien kontak sport nie nou mag plaasvind by skole nie.

Bestuur bevestig die volgende:

- Dit is belangrik dat projekte ondersteun moet word wat help om voedselnood te verlig.
- Vaardigheidsontwikkeling met die oog op volhoubaarheid is net so belangrik sodat mense kan leer om na hulself om te sien.

20.8 RESOLUSIE 8

AJV 24/2021

Hierdie AJV beveel aan dat die ATKV se fokus op projekte aangepas en verbreed moet word om veral te voorsien in veranderende en nuwe behoeftes in gemeenskappe as voortvloeisel van die Covid-19-situasie. ATKV-tak Kunstejê, ATKV-tak Andalusia

Motivering van Melanie Marais: ATKV-tak Kunstejê

Werksgeleenthede en leesvaardigheid was en is nog altyd 'n basiese behoefte.

Die ATKV en die takke kan binne elkeen se omgewing, werksterrein en finansiële vermoë innoverende modelle toepas. Net soos wat opspringrestaurant (pop-up restaurants) 'n nuwe neiging is, is daar nou opspringbiblioteke en straatbiblioteke. Gemeenskappe rig stalletjies of ander ruimtes op geskikte plekke in as biblioteke met boeke wat die gemeenskapslede en ander vrywilligers skenk. Mense kan dan gratis boeke kom kry om te lees en dit dan weer terugbesorg.

In dorpe en stede waar diefstal en beskadiging 'n probleem kan wees, kan die straatbiblioteke gekombineer word met werkskepping. Werklose mense kan gevra word om toesig oor die biblioteke en die uitleen van boeke te hou. Die ATKV en/of die takke kan hierdie mense binne perke vergoed. Opspringbiblioteke kan ook by die oorde gevestig word as nog 'n ontspanningsaktiwiteit tot voordeel van die gaste. Ouers en kinders word hierdeur aangemoedig om saam te lees vir ontspanning.

Motivering van Johan Pretorius: ATKV-tak Andalusia

As gevolg van die Covid-19-pandemie is daar baie nuwe probleme en uitdagings. Die ATKV kan 'n brugbouer wees tussen mense wat kan help en mense wat hulp nodig het. Daar is byvoorbeeld mense wat boeke kan skenk en mense wat nie toegang tot boeke het nie.

Bestuur bevestig die volgende:

Die feit dat daar baie mosies is wat oorvleuel, beteken dat baie mense bewus is van dieselfde leemtes en behoeftes in die gemeenskappe. Die ATKV en sy takke kan struktureel 'n verskil in die land maak en daardeur ook die Afrikaanse bydrae in die land verder uitbrei.

MOSIES OOR TAAL EN LEES

20.9 RESOLUSIE 9

AJV 25/2021

Hierdie AJV beveel aan dat takke hul eie trotse identiteit sal ontwikkel onder die vaandel van die ATKV – met inagneming van die beleid en struktuur van die ATKV. Dit is belangrik dat elke tak 'n trots sal hê om hulself te laat geld daarbuite, om 'n diens te lewer en om Afrikaans te bevorder. ATKV-tak Arendsnes

Motivering van Monique Brink: ATKV-tak Arendsnes

Die taklede is trots daarop om deel van die ATKV-tak Arendsnes te wees en sal graag wil sien dat alle takke hul eie unieke taknaam met die ATKV-logo op klere en korporatiewe artikels plaas.

Bestuur bevestig die volgende:

Dit is 'n goeie voorstel om die ATKV se handelsmerk uit te brei. Dit moet net in oorleg met die ATKV se kommunikasieafdeling gedoen word.

20.10 RESOLUSIE 10

AJV 26/2021

Hierdie AVJ beveel aan dat die ATKV en al sy takke daarop sal fokus dat Afrikaans sy regmatige plek in Suid-Afrika inneem en behou. Die ATKV se standpunte oor Afrikaanse onderrig by alle onderriginstansies moet duidelik geformuleer en wyd aan lede en die media gekommunikeer word.

ATKV-tak Hartenbos, ATKV-tak Douglas

Motivering van Ernie Brummer: ATKV-tak Douglas

Daar is tans 'n robuuste debat aan die gang oor moedertaalonderrig en spesifiek oor Afrikaans by die Universiteit Stellenbosch. Die stem van die ATKV word gemis in hierdie debat. Die bedoeling van die mosie is dat die ATKV duidelik sy standpunt oor Afrikaans aan die lede en die media moet kommunikeer.

Bespreking

Volgens Susan Smith, ATKV-MSW-direkteur verbonde aan die departement Afrikaans van die Universiteit van Fort Hare, is dit belangrik wat Ernie sê oor Afrikaans wat behoue moet bly. Afrikaans moet ondersteun en uitgebou word deur groter sigbaarheid en die ATKV moet sy stem laat hoor. Die ATKV moet doelstellings stel waarvolgens sy stem meer hoorbaar gemaak kan word deur standpuntinname.

20.11 RESOLUSIE 11

AJV 27/2021

Hierdie AVJ beveel aan dat die ATKV, ATKV-takke en ATKV-lede op 'n praktiese wyse betrokke sal raak om leerders se spel- en leesvaardighede te verbeter om sodoende te verhoed dat hulle agter bly. Daar kan van oudonderwysers, tuisbly-ouers en grootouers gebruik gemaak word om gratis hulp en kursusse aan te bied.

ATKV-tak Groot Gat Gilde

Motivering van die ATKV-tak Groot Gat Gilde

'n Groot ondersteuningstelsel kan daargestel word deur bestaande netwerke binne gemeenskappe te gebruik. Die ATKV kan die nodige leesprogramme en storieboeke voorsien. Dit sal ook baie vir oudonderwysers, tuisbly-ouers en grootouers beteken as hulle toegegerus word om opleiding te verskaf waardeur leesgeletterdheid bevorder kan word.

Bespreking

Louis Nel van die ATKV-tak Platberg (Harrismith) bevestig dat hul tak by die plaaslike Eisteddfod betrokke geraak het en veral fokus op die lees- en skryfvaardighede van leerders.

Celesti van Zyl van die ATKV-tak Kuilsrivier sê dat hul tak 'n HAT gee vir die topleerders in graad 12 as erkenning van hul prestasie in Afrikaans. Die kinders waardeur dit ongelooflik baie.

Trudie Swanepoel van die ATKV-damestak in Despatch voeg by dat sy 'n leesgroepie vir graad 1's het. Sy help hulle met lees en dit is bemoedigend dat ouers haar hulp vra om hul kinders te help met lees.

20.12 RESOLUSIE 12

AJV 28/2021

Hierdie AVJ beveel aan dat die intensiteit van projekte deur hoofkantoor en takke sal toeneem sodat dit meer as net 'n reis uitbeeld.

ATKV-tak Centurion

Motivering van Sakkie Kotze: ATKV-tak Centurion

Sakkie wys daarop dat dit meer as net 'n reis is, veral as jy saam met die ATKV op reis is. Die Afrikaanse taal en kultuur word al vir meer as 90 jaar op velerlei wyses bevorder: deur praat, sing, dig en droom.

VERKORTE *Notule* (VERVOLG)

Die tak ondersteun die sentiment dat verskeie kunstenaars en ander mense se loopbane begin het met deelname aan ATKV-projekte en -strukture. Die ATKV-tak Centurion is baie trots op die ATKV-direksie, -bestuur, -personeel, ATKV-oorde en -takke.

Bespreking

Susan Smith, ATKV-MSW-direkteur, wys daarop dat jongmense daarvan hou om te spog met 'n skouerband, balkie of enige ander sigbare voorwerp as erkenning wat hulle met trots kan dra. Sy ondersteun die mosie.

Bestuur bevestig die volgende:

Elke persoon wat betrokke is by die ATKV vertolk 'n rol en dra by daartoe dat die droom van die ATKV bewaarheid word. Dit bly belangrik om erkenning te gee.

Sonél Brits het in Junie 2021 'n musiekproduksie van Jodi Jantjies bygewoon by die Pierneef-teater in Pretoria. Jodi het 'n vyf jaar lange pad gestap om 'n lewenslange droom te bewaarheid nadat sy deelgeneem het aan ATKV-Crescendo. Sy het met trots vertel hoe die ATKV haar lewe radikaal verander het. Jannie du Toit, wat baie jare gelede ook 'n Crescendo-wenner was, het ook die geleentheid bygewoon. Dit is lekker om te sien hoeveel van die ATKV-Crescendo-wenners se plakkaat in die teater hang.

MOSIES VAN DANK EN GELUKWENSING

20.13 RESOLUSIE 13

AJV 29/2021

Hierdie AJV bedank die gesondheidswerkers van Suid-Afrika vir die toewyding, passie en ywer wat hulle onder moeilike omstandighede aan die dag gelê het gedurende die afgelope Covid-19-pandemiejaar. Mag die gesondheidswerkers voortgaan om soos in die verlede steeds 'n onbaatsugtige verskil te maak in die toekoms. Die Here se seën word op die gesondheidswerkers en hul gesinne toegebid sodat hulle veilig en gesond sal bly.

ATKV-tak Wesbank, ATKV-tak Jakaranda

20.13 RESOLUSIE 13

AJV 30/2021

Hierdie AJV betuig sy dank en waardering teenoor die bestuur en werknemers van die ATKV ten einde die rieldanskultuur deur middel van die jaarlikse ATKV-Rieldanskompetisie te vier.

ATKV-tak Wesbank

20.13 RESOLUSIE 13

AJV 31/2021

Hierdie AJV spreek sy dank en waardering uit teenoor die ATKV-direksie, ATKV-hoofkantoor, alle huidige en vorige bestuurslede, ATKV-personeel, spesifiek die streeksbestuurders en ATKV-takke, vir die verskil wat hulle gemaak het gedurende die moeilike tye van die pandemie. Baie dankie ook aan die menige vrywillige kultuurwerkers by die takke landswyd wat al deur die jare die taal en kultuur in hul onderskeie gemeenskappe bevorder het.

ATKV-tak Pretoria, ATKV-tak Polisie, ATKV-tak Centurion, ATKV-tak Wesbank

Statutêre voorgeskrewe sake: Spesiale besluite

'n Toeligtingsvideo deur Sonél Brits, besturende direkteur van ATKV-MSW, is Vrydag 2 Julie 2021 op YouTube gelaai ter verduideliking van die spesiale besluite. Verder was daar Zoom-gesprekke op Donderdag 8 en Vrydag 9 Julie 2021 met afgevaardigdes en direkteure indien enigeen verdere toeligting verlang het.

Die volgende spesiale besluite oor wysigings word in opdrag van die ATKV-direksie vir oorweging en goedkeuring deur die AJV voorgelê:

- Wysiging van die waardes van die Afrikaanse Taal- en Kultuurvereniging (MSW) wat vervat is in die organisasie se Akte van Oprigting (AVO).
- Wysiging van die wyse van verslagdoening van die Afrikaanse Taal- en Kultuurvereniging (MSW) wat vervat is in die organisasie se Akte van Oprigting (AVO).
- Intergroeplening.
- Inkorporering van eiendomsfiliale.
- Die verkoop en oordrag van die onroerende eiendom na ATKV-Eiendomme (RF) (Edms.) Bpk.

21. SPESIALE BESLUIT 1(A): WYSIGING VAN DIE WAARDES WAT VERVAT IS IN DIE AVO

Wysiging van artikel 2, klousule 2.2.6 van die AVO.

Die bestaande klousule lees soos volg:

- 2.2** Doelstelling, bevoegdhede en waardes van die maatskappy
- 2.2.6** Die ATKV streef die volgende waardes na:
- 2.2.6.1** Die ATKV word gekenmerk deur die Christelik-Bybelse grondslag.
- 2.2.6.2** Die ATKV bedryf aktiwiteite volgens gesonde sakebeginsels.
- 2.2.6.3** Die ATKV is verbind tot goeie korporatiewe bestuur.
- 2.2.6.4** Die ATKV se besluitneming en optrede is gebaseer op die etiese waardes van verantwoordelikheid, aanspreeklikheid, billikheid, deursigtigheid, respek, gelykheid en menswaardigheid.

Die twee voorgestelde wysigings word hieronder in **blou**, **kursief** en in **donker skrif** aangedui.

Die gewysigde klousule sal dus voortaan soos volg lees:

- 2.2.6** Die ATKV streef die volgende waardes na:
- 2.2.6.1** Die ATKV word gekenmerk deur die Christelik-Bybelse grondslag.
- 2.2.6.2** Die ATKV bedryf aktiwiteite volgens gesonde sakebeginsels.
- 2.2.6.3** Die ATKV is verbind tot goeie korporatiewe bestuur.
- 2.2.6.4** Die ATKV se besluitneming en optrede is **dus** gebaseer op die etiese waardes van verantwoordelikheid, aanspreeklikheid, billikheid, deursigtigheid, respek, gelykheid, **diversiteit** en menswaardigheid.

BESLUIT

AJV 32/2021

Die AJV besluit:

Dat die AJV die besluit goedkeur met 'n meerderheid van 98% stemme ingevolge artikel 45 van die Maatskappywet, Wet 71 van 2008, dat die waardes in die AVO soos hierbo aangepas word.

22. SPESIALE BESLUIT 1(B): WYSIGING VAN DIE WYSE VAN VERSLAGDOENING WAT VERVAT IS IN DIE AVO

Wysiging van artikel 4, klousule 4.14.3 van die AVO.

Artikel 4.14.3 van die AVO bepaal oor verslagdoening

4.14 algemene jaarvergadering

Die bestaande klousule lees soos volg:

Die algemene jaarvergadering behandel die aangeleenthede soos deur die Wet voorgeskryf en in die Akte bepaal. Behoudens die bepalings van die Wet, moet die algemene jaarvergadering die volgende sake behandel –

- 4.14.3.1 die voorsittersverslag;
- 4.14.3.2 die verslag van die besturende direkteur;
- 4.14.3.3 die geouditeerde finansiële jaarstate en die ouditeursverslag;
- 4.14.3.4 die verkiesing van verkose nie-uitvoerende direkteure;
- 4.14.3.5 die aanstelling van ouditeure;
- 4.14.3.6 die oorweging van enige sake wat 'n ledevergadering kragtens die Wet of die Akte geregtig is om in behandeling te neem.

Die voorgestelde wysiging word hieronder in **blou**, **kursief** en in **donker skrif** aangedui.

Die gewysigde klousule sal dus voortaan soos volg lees:

4.14 algemene jaarvergadering

Die algemene jaarvergadering behandel die aangeleenthede soos deur die Wet voorgeskryf en in die Akte bepaal. Behoudens die bepalings van die Wet, moet die algemene jaarvergadering die volgende sake behandel –

- 4.14.3.1 die voorsittersverslag;
- 4.14.3.2 die verslag van die besturende direkteur;
- 4.14.3.3 die geouditeerde finansiële jaarstate en die ouditeursverslag;
- 4.14.3.4 die verkiesing van verkose nie-uitvoerende direkteure;
- 4.14.3.5 die aanstelling van ouditeure;
- 4.14.3.6 die oorweging van enige sake wat 'n ledevergadering kragtens die Wet of die Akte geregtig is om in behandeling te neem; en

4.14.3.7 die tweejaarlikse geïntegreerde verslag.

BESLUIT **AJV 33/2021**

Die AVJ besluit:

Dat die AVJ die besluit goedkeur met 'n meerderheid van 99% stemme ingevolge artikel 45 van die Maatskappywet, Wet 71 van 2008, dat daar op 'n tweejaarlikse basis 'n geïntegreerde jaarverslag gepubliseer word.

23. SPESIALE BESLUIT 2: INTERGROEPLINGS

Kennisgewing is aan ATKV-lede gegee insake spesiale besluite wat sal dien tydens die algemene jaarvergadering oor die herstrukturering van bedryfsaktiwiteite van die ATKV-groep en die voortsetting daarvan in die ATKV-MSW en sy volfiliaal, ATKV-Eiendomme (RF) (Edms.) Bpk., met insluiting van die volgende:

'n Spesiale besluit ter bevestiging van die direksie se bevoegdhede om in ooreenstemming met artikel 45 van die Maatskappywet, Wet 71 van 2008, en onderhewig aan die toepaslike bepalings van die AVO, vir 'n periode van twee jaar vanaf die datum van hierdie resoluë, direkte of indirekte finansiële bystand te verleen aan *inter alia* die verwante medefiliaal- en filiaalmaatskappye van die maatskappy volgens die bepalings en voorwaardes waaroor die direksie van tyd tot tyd besluit.

UITWERKING VAN HIERDIE SPESIALE BESLUIT

Hierdie spesiale besluit verseker dat die direksie die bepalings van die Maatskappywet nakom met betrekking tot intergroeplings.

MOTIVERING VIR HIERDIE SPESIALE BESLUIT

Die proses soos wat bepaal word deur die Maatskappywet het ten doel om deursigtigheid te bevorder en ondersteuning te bied aan die finansiële verslagdoening wat in die jaarstate vervat word.

BESLUIT

AJV 34/2021

Die AJV besluit:

Dat die AJV die besluit goedkeur met 'n meerderheid van 97% stemme ingevolge artikel 45 van die Maatskappywet, Wet 71 van 2008, met betrekking tot intergroeplings.

24. SPESIALE BESLUIT 3: INKORPORERING VAN EIENDOMSFILIALE

Kennisgewing is aan ATKV-lede gegee insake spesiale besluite wat sal dien tydens die algemene jaarvergadering oor die herstrukturering van bedryfsaktiwiteite van die ATKV-groep en die voortsetting daarvan in die ATKV-MSW en sy volfiliaal, ATKV-Eiendomme (RF) (Edms.) Bpk., met insluiting van die volgende:

Om die eiendomsfiliale van die ATKV-MSW, te wete ATKV-Buffelspoort Eiendomme (Edms.) Bpk. (T39692/1969) en ATKV-Toerklub (Edms.) Bpk. (T40631/1988), te inkorporeer by ATKV-Goudini Eiendomme (Edms.) Bpk. (T27458/1967) met die implikasie dat die vaste oordeiendomme wat gesetel is in eersgenoemde twee maatskappye, getransporeer word na 'n entiteit genaamd ATKV-Goudini Eiendomme (Edms.) Bpk., welke maatskappy 'n naamsverandering sal ondergaan na ATKV-Eiendomme (RF) (Edms.) Bpk.

BESLUIT

AJV 35/2021

Die AJV besluit:

Dat die algemene jaarvergadering die besluit goedkeur met 'n meerderheid van 98,66% stemme dat die vaste oordeiendomme wat gesetel is in eersgenoemde twee maatskappye hierbo genoem, getransporeer word na 'n entiteit genaamd ATKV-Goudini Eiendomme (Edms.) Bpk., welke maatskappy 'n naamsverandering sal ondergaan na ATKV-Eiendomme (RF) (Edms.) Bpk.

25. SPESIALE BESLUIT 4: DIE VERKOOP EN OORDRAG VAN DIE ONROERENDE EIENDOM NA ATKV-EIENDOMME (RF) (EDMS.) BPK.

Sien die lys van titelaktes wat aangeheg is as Aanhangsel A wat betrekking het op die verkoop en oordrag van die onroerende eiendom wat deur die ATKV-MSW besit word en waarop 'n oordbesigheid bedryf word – te wete ATKV-Bufferpoort, ATKV-Drakensville, ATKV-Eiland Spa, ATKV-Goudini Spa, ATKV-Hartenbos, ATKV-Klein-Kariba en ATKV-Natalia – na ATKV-Eiendomme (RF) (Edms.) Bpk.

Die AVO van die ATKV bevat 'n beperking ooreenkomstig artikel 19(1)(b) van die Maatskappywet wat onder meer die oordrag van oordbesigheid onderhewig maak aan spesiale goedkeuring deur die algemene jaarvergadering.

Voorts vereis die Maatskappywet in hoofstuk 5, artikel 112 tot 127 dat die algemene jaarvergadering spesiale goedkeuring moet verleen vir wesenlike transaksies.

Die ATKV-direksie versoek, ooreenkomstig skedule 1, deel A van die AVO en hoofstuk 5, artikel 112 tot 127 van die Maatskappywet, die algemene jaarvergadering om by wyse van hierdie spesiale besluite:

- die verkoop en oordrag van bates, spesifiek die grond en onroerende oordbates wat die verhuuringsaktiwiteite ondersteun, synde ATKV-Bufferpoort, ATKV-Drakensville, ATKV-Eiland Spa, ATKV-Goudini Spa, ATKV-Hartenbos, ATKV-Klein-Kariba en ATKV-Natalia vanaf die ATKV-MSW, ATKV-Bufferpoort Eiendomme (Edms.) Bpk. en ATKV-Toerklub (Edms.) Bpk. na ATKV-Eiendomme (RF) (Edms.) Bpk. goed te keur.

UITWERKING VAN HIERDIE SPESIALE BESLUIT

Die uitwerking van hierdie spesiale besluit is dat die groepstruktuur van die ATKV sodanig verander dat die ATKV-MSW die houermaatskappy is van ATKV-Eiendomme (RF) (Edms.) Bpk. as volfiliaal wat die eiendomme besit van die grond en onroerende oordbates.

Ná die herstrukturering sal:

- alle kultuur- en openbare weldaadsaktiwiteite in die ATKV-MSW setel, en
- die verhuuringsaktiwiteite van grond en onroerende oordbates sal in ATKV-Eiendomme (RF) (Edms.) Bpk. setel.

Die ATKV-MSW se direksie sal sy belegging in ATKV-Eiendomme (RF) (Edms.) Bpk. bestuur deur sy aandeelhoudersregte uit te oefen, wat insluit die aanstelling van ATKV-Eiendomme (RF) (Edms.) Bpk. se direksielede. Die direksie van ATKV-Eiendomme (RF) (Edms.) Bpk. sal volle aanspreeklikheid en verantwoordelikheid vir die dag-tot-dag-bedrywighede neem ooreenkomstig die Maatskappywet en algemeen geldende korporatiewe bestuursbeginsels.

Volle beheer van ATKV-Eiendomme (RF) (Edms.) Bpk. word behou en wesenlike regte word verskans deur bepalinge in die AVO's van die onderskeie maatskappye. Verder is die ATKV-MSW as enigste aandeelhouer en by wyse van sy gevolmagtigde status, die enigste stemgeregtigde op die algemene jaarvergadering van ATKV-Eiendomme (RF) (Edms.) Bpk.

MOTIVERING VIR HIERDIE SPESIALE BESLUIT

Die ATKV-direksie het 'n besluit geneem ingevolge waarvan die ATKV sy bedryfsaktiwiteite moet herorganiseer om optimale realisering van die ATKV-groep se visie, missie en strategiese doelwitte te verseker. Die skeiding van bedryfsaktiwiteite is noodsaaklik om te voldoen aan alle toepaslike vereistes van die Maatskappywet en die Wet op Belasting.

Die ATKV-direksie is van mening dat die huidige struktuur van die ATKV-groep nie optimaal en volhoubaar is nie en dat verwikkelinge in onder meer die maatskappy- en belastingwetgewing die direksie noodsaak om te herorganiseer. As openbare weldaadsorganisasie geniet die ATKV tans sekere toegewings ingevolge belastingwetgewing. Die voortsetting van hierdie belastingtoegewings is onderhewig aan die herorganisering van die ATKV.

Die ATKV-direksie is van mening dat die optimale ATKV-groepstruktuur behels dat die ATKV-MSW as houermaatskappy waarin die stemreg van die ATKV-ledebasis gesetel is, as 'n maatskappy sonder winsoogmerk (MSW) en as openbare weldaadsorganisasie (OWO) bedryf moet word. As houermaatskappy sal die ATKV-MSW sy regte as aandeelhouer uitoefen in die filiale.

BESLUIT

AJV 36/2021

Die AJV besluit:

Dat die algemene jaarvergadering die besluit met 'n meerderheid stemme van 97,96% goedkeur dat die verkoop en oordrag van die onroerende eiendom wat deur die ATKV-MSW besit word en waarop 'n oordbesigheid bedryf word, te wete ATKV-Bufferpoort, ATKV-Drakensville, ATKV-Eiland Spa, ATKV-Goudini Spa, ATKV-Hartenbos, ATKV-Klein-Kariba en ATKV-Natalia, na ATKV-Eiendomme (RF) (Edms.) Bpk. getransporeer word. Sien die lys van titelaktes wat aangeheg is as Aanhangsel A.

26. MOSIE VAN DANK

BESLUIT

AJV 37/2021

Die AJV besluit:

Dat die mosie van dank wat voorgehou is deur Sonél Brits, aanvaar word.

27. ATKV-TOEKENNINGS AAN TAKKE

Ongeag byna twee jaar van twyfel en vrees en die toekoms wat steeds onseker is, het die ATKV-takke die afgelope jaar soos altyd hoop gebring en op vele maniere 'n verskil in hul gemeenskappe gemaak.

Volgens Sonél Brits is die ATKV-takke die uitvoerders van die ATKV se gemeenskapsbetrokkenheid. Dié organisasie en veral sy takke het ten doel om 'n katalisator van hoop en verandering in gemeenskappe te wees sodat gemeenskappe hulself kan transformeer.

Sy sluit af met die woorde: "Geluk en dankie aan al die ATKV-takke vir hul toewyding en die verskil wat gemaak word."

Takke word jaarliks tydens die AJV deur die ATKV beloon vir projekte wat hulle in hul gemeenskappe en streke aangepak het ter ondersteuning van die ATKV se visie en missie. Hierdie jaar word toekennings in vier kategorieë gemaak, naamlik:

- Funksionaliteit
- 'n Leesprojek
- Innovasie
- Hooffokusse van die ATKV

Die toekennings word soos volg gemaak:

- Twee toekennings vir elk van die nege streke wat takke beloon vir 'n baie hoë graad van funksionaliteit. Een jeugtak en een tak bestaande uit volwassenes word beloon.
- Een toekenning vir elk van die nege streke wat 'n tak beloon vir 'n uitsonderlike leesprojek.
- Een toekenning vir elk van die nege streke wat 'n tak beloon vir 'n uitsonderlik innoverende projek.
- Een toekenning vir elk van die nege streke wat 'n tak beloon vir 'n projek van 'n hoë kwaliteit wat gerig is op een van die vier hooffokusse van die ATKV.

Die genoemde toekennings maak dit vir enige tak moontlik om te presteer; maak nie saak hoe groot die gemeenskap is waarbinne die tak werksaam is nie. Dit maak ook nie saak of die tak binne 'n stedelike of landelike gebied werksaam is nie.

Takke wat bogenoemde toekennings ontvang, kry 'n digitale sertifikaat en 'n kontantbedrag wat hulle kan gebruik vir 'n groot projek waarmee die ATKV se voetspoor nog dieper in die gemeenskappe getrap kan word.

Die toekennings word Donderdag 15 Julie 2020 op die ATKV se sosialemediaplatforms gelaai en die ATKV-streeksbestuurders sal dit weer op hul onderskeie Facebook-bladsye deel.

Die volledige lys van toekennings verskyn op die ATKV-webwerf.

BESLUIT

AJV 38/2021

Die AJV besluit:

Dat bogenoemde toekennings in die vier kategorieë gemaak sal word na afloop van die AJV.

28. AFSLUITING

Aangesien daar geen verdere sake vir bespreking is nie, word die AJV om 11:45 met Skriflesing en gebed afgesluit deur dr. Francois Neethling van die NG gemeente Durban-Oos.

VOORSITTER

DATUM

AANHANGSEL A TITELAKTELYS

Maatskappynaam op akte	Tipe eiendom	Titelakte	Erf	Deel	Oord
ATKV-BUFFELSPOORT EIENDOMME PTY LTD	Plaas	T39692/967	343	42	Buffelspoort
ATKV-Toerklub Ltd	Plaas	T40631/1988	343	47	Buffelspoort
Afrikaanse Taal- & Kultuurvereniging	Plaas	T17987/2006	17821	0	Drakensville
Afrikaanse Taal-en Kultuurvereniging M S W	Plaas	T143084/1998	725	5	Eiland
Afrikaanse Taal & Kultuurvereniging	Plaas	T53836/2010	868	0	Goudini
Afrikaanse Taal & Kultuurvereniging	Erf	G89/1952	3	0	Hartenbos
Afrikaanse Taal & Kultuurvereniging	Erf	T10759/1966	1453	0	Hartenbos
Afrikaanse Taal & Kultuurvereniging	Erf	T11974/1936	5	0	Hartenbos
Afrikaanse Taal & Kultuurvereniging	Erf	T115415/1997	201	0	Hartenbos
Afrikaanse Taal & Kultuurvereniging	Erf	T11974/1936	217	4	Hartenbos
Afrikaanse Taal & Kultuurvereniging	Erf	T12171/1985	1429	0	Hartenbos
Afrikaanse Taal & Kultuurvereniging	Erf	T15725/1951	2	0	Hartenbos
Afrikaanse Taal & Kultuurvereniging	Erf	T15719/1951	7	0	Hartenbos
Afrikaanse Taal & Kultuurvereniging	Erf	T15725/1951	682	0	Hartenbos
Afrikaanse Taal & Kultuurvereniging	Erf	T15725/1951	689	0	Hartenbos
Afrikaanse Taal & Kultuurvereniging	Erf	T15725/1951	873	0	Hartenbos
Afrikaanse Taal & Kultuurvereniging	Erf	T15725/1951	916	0	Hartenbos
Afrikaanse Taal & Kultuurvereniging	Erf	T16089/1988	219	0	Hartenbos
Afrikaanse Taal & Kultuurvereniging	Erf	T1746/1940	1	0	Hartenbos
Afrikaanse Taal & Kultuurvereniging	Erf	T17185/1977	279	0	Hartenbos
Afrikaanse Taal & Kultuurvereniging	Erf	T19822/1977	26	0	Hartenbos
Afrikaanse Taal & Kultuurvereniging	Erf	T19822/1977	76	0	Hartenbos
Afrikaanse Taal & Kultuurvereniging	Erf	T19822/1977	1540	0	Hartenbos
Afrikaanse Taal & Kultuurvereniging	Erf	T19822/1977	1541	0	Hartenbos
Afrikaanse Taal & Kultuurvereniging	Erf	T19822/1977	1542	0	Hartenbos
Afrikaanse Taal & Kultuurvereniging	Erf	T19822/1977	1543	0	Hartenbos
Afrikaanse Taal & Kultuurvereniging	Erf	T19822/1977	1544	0	Hartenbos
Afrikaanse Taal & Kultuurvereniging	Erf	T19822/1977	1545	0	Hartenbos
Afrikaanse Taal & Kultuurvereniging	Erf	T19822/1977	1546	0	Hartenbos
Afrikaanse Taal & Kultuurvereniging	Erf	T19822/1977	1547	0	Hartenbos
Afrikaanse Taal & Kultuurvereniging	Erf	T19822/1977	1548	0	Hartenbos

VERKORTE *Notule* (VERVOLG)

Maatskappynaam op akte	Tipe eiendom	Titelakte	Erf	Deel	Oord
Afrikaanse Taal & Kultuurvereniging	Erf	T19822/1977	1549	0	Hartenbos
Afrikaanse Taal & Kultuurvereniging	Erf	T19822/1977	1607	0	Hartenbos
Afrikaanse Taal & Kultuurvereniging	Erf	T21827/2000	3235	0	Hartenbos
Afrikaanse Taal & Kultuurvereniging	Erf	T23845/2000	200	0	Hartenbos
Afrikaanse Taal & Kultuurvereniging	Erf	T25950/1990	216	0	Hartenbos
Afrikaanse Taal & Kultuurvereniging	Erf	T47922/1995	195	0	Hartenbos
Afrikaanse Taal & Kultuurvereniging	Erf	T47927/1995	1427	0	Hartenbos
Afrikaanse Taal & Kultuurvereniging	Erf	T47926/1995	3193	0	Hartenbos
Afrikaanse Taal & Kultuurvereniging	Erf	T47938/1995	3467	0	Hartenbos
Afrikaanse Taal & Kultuurvereniging	Erf	T47930/1995	3485	0	Hartenbos
Afrikaanse Taal & Kultuurvereniging	Erf	T47933/1995	3501	0	Hartenbos
Afrikaanse Taal & Kultuurvereniging	Erf	T47928/1995	3515	0	Hartenbos
Afrikaanse Taal & Kultuurvereniging	Erf	T47932/1995	3537	0	Hartenbos
Afrikaanse Taal & Kultuurvereniging	Plaas	T4894/1983	219	8	Hartenbos
Afrikaanse Taal & Kultuurvereniging	Plaas	T4894/1983	219	9	Hartenbos
Afrikaanse Taal & Kultuurvereniging	Plaas	T4894/1983	278	1	Hartenbos
Afrikaanse Taal & Kultuurvereniging	Plaas	T4894/1983	278	2	Hartenbos
Afrikaanse Taal & Kultuurvereniging	Erf	T52051/1998	659	0	Hartenbos
Afrikaanse Taal & Kultuurvereniging	Erf	T54457/1996	3266	0	Hartenbos
Afrikaanse Taal & Kultuurvereniging	Erf	T54458/1996	3267	0	Hartenbos
Afrikaanse Taal & Kultuurvereniging	Erf	T69865/1988	2100	0	Hartenbos
Afrikaanse Taal & Kultuurvereniging	Erf	T7072/2010	6048	0	Hartenbos
Afrikaanse Taal & Kultuurvereniging	Erf	T7450/1987	2875	0	Hartenbos
Afrikaanse Taal- en Kultuurvereniging M S W	Plaas	T9026/2017	849	452	Klein-Kariba
Afrikaanse Taal- en Kultuurvereniging M S W	Plaas	T99285/2016PTA	849	439	Klein-Kariba
Afrikaanse Taal- en Kultuurvereniging M S W	Plaas	T99292/2016PTA	849	440	Klein-Kariba
Afrikaanse Taal- en Kultuurvereniging M S W	Plaas	T99280/2016PTA	849	444	Klein-Kariba
Afrikaanse Taal- en Kultuurvereniging M S W	Plaas	T99289/2016PTA	849	445	Klein-Kariba
Afrikaanse Taal- en Kultuurvereniging M S W	Plaas	T99286/2016PTA	849	447	Klein-Kariba
Afrikaanse Taal-&Kultuurvereniging-SASH-SARH	Erf	T9170/958	73	0	Natalia
Afrikaanse Taal-&Kultuurvereniging-SASH-SARH	Erf	T7848/1959	74	0	Natalia

Daar word vyftien mosies kragtens artikel 4.6 van die AVO aan die 2021- algemene jaarvergadering voorgelê. Al vyftien mosies word eenparig aanvaar.

MOSIES OOR DIE JEUG

RESOLUSIE 1

Hierdie AJV beveel aan dat ATKV-takke hul aktiwiteite só sal beplan dat fokus geplaas sal word op die ouderdomsgroep 25 tot 40 jaar, en dat spesiale moeite gedoen sal word met die betrokkenheid van hierdie ouderdomsgroep se kinders.
ATKV-tak Arendsnes

AFDELINGS OF TAKKE SE TERUGVOER EN IMPLEMENTERING

Hierdie aanbeveling het gestalte gevind in 'n aantal takke se inisiatiewe deur 'n verskeidenheid projekte wat aangepak is om die voorgestelde ouderdomsgroep te betrek by projekte, asook die fokus op betrokkenheid van gesinslede (kinders).

Slegs enkele voorbeelde:

- Die ATKV-tak Arendsnes het besluit om 'n volwaardige GESINSTAK te wees deur tydens elke vergadering vriende en familie saam te nooi na die tak se kindervriendelike aktiwiteite. Hulle het spesifiek gefokus op paartjies wat kleuters of jong kinders het. Tydens hul TJV van 2022 was daar 78 lede teenwoordig en vir die eerste keer in die tak se geskiedenis was die gemiddelde ouderdom van die lede jonger as 50. Soos ATKV-tak Arendsnes is daar ook ander takke wat daarop fokus om vergaderings en projekte 'n gesinservaring te maak, en só te verseker dat die nuwe generasie word aan ATKV- en takaktiwiteite blootgestel.
- Die Gladiator-projek se fokus was spesifiek om die ouderdomsgroep 25 tot 40 jaar se kinders te bereik. Die ATKV-tak Spandaukop het besluit om die boelie-probleem te takel, en die projek is na meer dorpe en skole uitgebrei. Die betrokke takke op die dorpe is ook as vennote hierby ingetrek (distribusiekanale en netwerke).
- Die ATKV-tak Kirkwood was betrokke by 'n gesinsfees waar spesifiek gefokus is op kindervermaak en pret vir die hele gesin.
- Verskeie takke oor die land heen fokus op projekte wat gesinsvermaak verskaf en die betrokkenheid van gesinne by ATKV-projekte aanmoedig, onder andere deur pretdrawwe, boekklubs, Afrikaanse Kultuur-radiostasie vir leerders, redenaarsfeeste, familiedae, feeste en nog vele meer. Takke (veral jeugtakke) moedig ook die deelname van leerders aan die ATKV se nasionale projekte, wat pertinent fokus op die ouderdomsgroep soos voorgestel in resolusie 1, aan.

TERUGVOER OP *Resolusies* (VERVOLG)

RESOLUSIE 2

Hierdie AJV beveel aan dat die jeug by hul ouers moet gaan uitvind hoe dit in die verlede was sodat die jeug die nuwe tegnologiese reis kan waardeer en verstaan waarheen om te gaan. Die jeug is die brandstof om mekaar aan te vuur om hul reis merkwaardig te maak.

ATKV-jeugtak Hupstoot

AFDELINGS OF TAKKE SE TERUGVOER EN IMPLEMENTERING

Daar was in 2021 takke wat dieper gedelf het in hierdie kwessie in.

Enkele voorbeelde:

- ATKV-jeugtak Hupstoot het ouers van verskeie skole in die omgewing se menings ingewin en daar was een gemeenskaplike faktor – toe hulle jonk was, was daar nie naastenby sulke gevorderde tegnologie as hulpmiddel in krisistye soos tydens 'n pandemie nie. Vandag se jeug is bevoorreg om op moderne wyse mekaar deur tegnologie te kan bystaan, kreatief te wees en mekaar te help; en ook met ouers, onderwysers of wie ook al per slimfoon, skootrekenaar, tablet, iPad ens. te kan kommunikeer. Onderwysers en vele ander individue het beslis ook hul kennis van tegnologie tydens die grendeltydperk verbreed, veral toe hulle hul lesse elektronies moes aanbied. Tegnologie was 'n enorme hulp tydens die krisistyd van die pandemie.
- ATKV-jeugtak Jonge Bomme het 'n oueraand gehou waartydens hulle openlik gesels het oor ander LGBTQI+-kwessies en hoe tegnologie en sosiale media op 'n positiewe manier gebruik kan word. Tydens die sessie is waardevolle insette oor die generasiegaping tussen die twee groepe ook bespreek.

MOSIES OOR VOLHOUBAARHEID EN IMPAK

RESOLUSIE 3

AFDELINGS OF TAKKE SE TERUGVOER EN IMPLEMENTERING

Hierdie AJV beveel aan dat die ATKV en ATKV-takke projekte van stapel stuur wat gefokus is op die bewaring van die aarde in geheel. Om op meer as net 'n reis te kan gaan, moet ons eers dít bewaar wat aan ons toevertrou is. Die ATKV moet verantwoordelike rentmeesters wees ten einde sinvol op reis te wees.

ATKV-tak Noorsveld

Die ATKV streef daarna om groen omgewingspraktyke te bedryf. Verskeie takke het projekte aangepak om die kwessie rondom bewaring van die omgewing, herwinning, waternood ens. te takel.

Enkele voorbeelde van projekte:

- Die ATKV en *PE Express* het 'n herwinningsprojek (SKOON: 'n Groen toekoms op jou drumpel) geloods wat spesifiek daarop gemik is om huisgesinne te motiveer en inspireer om te herwin en só op klein skaal te begin om 'n verskil te maak. Die doel van die projek is om die publiek in te lig oor die belangrikheid van herwinning, en dat dit maklik en moeitevry vir gesinne kan wees. As daar 'n klomp huishoudings is wat almal op klein skaal begin herwin, sal ons hopelik ander mense in ons kringe inspireer om dieselfde te doen.

- #Boomfees2021 het op 8 Mei 2021 by ATKV-Klein-Kariba plaasgevind waartydens die ATKV en die Khuthaza-stigting 150 bome geplant het. Benewens die bome wat geplant is, is 50 akasiabome aan ATKV-Negester geskenk vir hul omgewingsrehabilitasieprojek en 50 pekanneutbome is aan die Laerskool Jinnah Park geskenk om op die skoolterrein te plant. As 'n voedselproduserende boom kan dit die skool in staat stel om die oeste te gebruik by hul voedingskema, of hulle kan dit verkoop om fondse vir die skool in te samel. 'n Verdere 350 pekanneutbome is aan 'n boer in Noordwes geskenk wat die omliggende skole met landou help. Hierdie skenking het ook gelei tot 'n ruilooreenkoms deur 'n skenking van R20 000 aan die Woekerfonds wanneer die oes van die pekanneutbome realiseer.

- Verskeie takke is ook deurlopend by omgewingsbewustheid-projekte, onder meer eko-bakstene waarmee klaskamers of houters vir groentetuine gebou word, die kweek en plant van bome/spekbome, oprig van watertenks, herstel van paaie ens.

TERUGVOER OP *Resolusies* (VERVOLG)

RESOLUSIE 4

Hierdie AJV beveel aan dat die ATKV-takke aangespoor moet word om hul regmatige plek as verspreidingskanale vol te staan. 'n Reis van 'n duisend myl begin met 'n enkele tree.

Alle ATKV-takke word uitgedaag om volhoubare netwerke binne hul gemeenskappe te wees. Dit kan gedoen word deur vertrouensbande te smee met rolspelers in hul gemeenskappe, behoeftes te identifiseer en dan deur middel van doeltreffende projekte aan hierdie behoeftes in die gemeenskappe te voldoen.

ATKV-tak Stormberg, ATKV-damestak Kro'bossie, ATKV-tak Ennerdale Baanbrekers

AFDELINGS OF TAKKE SE TERUGVOER EN IMPLEMENTERING

In 2021 was daar 'n groot aantal takprojekte waarvan die uitvoering van die projek gegrond was op die gebruik van netwerke en die aangaan van vennootskappe. Takke word deurlopend aangemoedig om behoeftes te identifiseer in hul direkte gemeenskappe en hande te vat met die ATKV sowel as eksterne vennote om 'n groter impak vir spesifieke projekte te verseker.

Enkele voorbeelde van projekte waar behoeftes geïdentifiseer is, netwerke gemobiliseer is en vennootskappe aangegaan is:

- Dramawerksinkels Reckless Haven/Act Out (projek afgeskop deur die ATKV-tak Gemeenskapsteater). 'n Behoeftes wat in gemeenskappe geïdentifiseer is, is skole (en jeugtakke) wat graag (binne Covid-regulasies) weer iets meer as net "skool" wou aanpak. Die projek se doel is om leerders te bemagtig, kreatiwiteit aan te moedig en hulle te motiveer om buite die boks te dink. Die vraag na die werksinkels het vervolgens so toegeneem dat daar besluit is om in vennootskap met vyf streke te gaan en dit ook as 'n geïntegreerde projek uit te rol.
- Die ATKV-tak Ennerdale Baanbrekers het hul bestaande netwerke met organisasies soos die Gautengse onderwysdepartement (GoD) en Ladies of Hope uitgebrei. Die tak het in Oktober 2021 in samewerking met die GoD studiemetodes en 'n motiveringssessie vir die graad 12-leerders van die Senior School Improvement Programme (SSIP) aangebied. Die tak het ook hande gevat met Ladies of Hope en Saint George Street Primary deur die groentetuinprojek te fasiliteer.
- Die ATKV-tak Tehilah het sedert die uitbreek van die pandemie 'n groot verskil in die gemeenskap van Touwsrivier en omliggende dorpe gemaak. Aan die begin van die Covid-19-pandemie het die tak 'n sensusopname gedoen om die gemeenskap se behoeftes te identifiseer. Van die lede het van deur tot deur gegaan met 'n vraelys en só is vasgestel waar die nood die grootste is. Die inligting is gebruik om seker te maak kospakkies en skenkings kom by diegene uit wat dit die nodigste het. In 2021 het dié tak ook na die plaasgemeenskap uitgereik en met 'n skenking van R16 000 van Knowledge Pele en 'n bydrae van die ATKV is komberse in die plaasgemeenskappe uitgedeel.
- Die ATKV-tak Letaba het die organisering en borgskap van die Merenski-eistedfodd oorgeneem. Die projek bied aan die ATKV en die tak 'n reikwydte van sowat 120 skole in die Limpopo-provinsie.

- ATKV-tak Frangipani is jaarliks in vennootskap met die SAPD en besoek skole tydens kinderbeskermingsweek om aandag aan hierdie belangrike kwessie te gee.

Daar is ook verskeie projekte wat op nasionale takvlak uitgerol word wat vennootskappe gebruik en waar takke as verspreidingskanale dien om die impak te verbreed, soos onder andere die groentetuinprojek met Seed2Harvest, die leesgereedheidsprogram saam met die Suid-Afrikaanse Onderwysersnetwerk en die Rinkink terwyl jy dink-leesprogram.

RESOLUSIE 5

AFDELINGS OF TAKKE SE TERUGVOER EN IMPLEMENTERING

Hierdie AJV daag die ATKV as organisasie uit om sigbaar te word op grondvlak in gemeenskappe en dat alle ATKV-takke saam uitreik na die bejaardes in hul onderskeie gemeenskappe en hulle bemagtig. Die spreekwoordelike weduwees en wese kan sodoende deel word van die ATKV se opwindende en interessante reis na die onbekende. *ATKV-tak Stormberg, ATKV-damestak Kro'bossie, ATKV-tak Bloemfontein*

Menige takke brei hul sigbaarheid in die gemeenskap uit deur uitstekende projekte wat fokus op die welstand van bejaardes.

Verskeie takke regoor die land is aktief betrokke deur 'n verskeidenheid projekte by affreoorde of tehuise vir bejaardes met skenkings, Kerspakkies, opvoerings, kunsprojekte ens. Daar is ook gefokus op relevante kwessies en temas soos Wêrelddemensiedag, gesondheidspraatjies ens. Sommige takke het gereelde interaksies met tehuise in die vorm van die aanbied van etes, speletjiesdae en die bestee van tyd aan bejaardes vir persoonlike versorging ens.

Enkele spesifieke voorbeelde:

- Jannie du Toit ("Liedjie vir jou") vier 50 jaar as sanger en 'n verskeidenheid takke ondersteun hierdie mylpaal. Optredes is gefokus op die ouer generasie en gehou by verskeie tehuise.
- Die ATKV-tak Theunissen reik uit en is betrokke op Wêrelddemensiedag. Soveel van ons bejaardes kom voor hierdie gesondheidsuitdaging te staan en die tak het dit goedgevind om te ondersteun met 'n aanlyn stap/hardloop-projek en voorskote gemaak vir teksture.
- Vir ATKV-tak Gemeenskapsteater se Sig vir Kersfees-projek in samewerking met die Pasteur Hospitaal het die tak 'n fondsinsameling gehou. Twee-en-twintig individue is gehelp om hul sig terug te kry deur katarak-operasies vir hulle moontlik te maak. *Lottoland* het R267 000 geborg en 'n program hieroor gemaak.
- Die ATKV-takke Zoar en Oudtshoorn (Seniorburger-projek). Die takke reik elke jaar uit na bejaardes in die gemeenskappe van Zoar, Braklaagte, Ammalienstein en Oudtshoorn. Bejaardes word bederf met 'n heerlike bord tuisgekookte kos, daar word spesiale aandag gegee aan die versorging van hare en naels, en daar is gewoonlik 'n motiveringspraatjie en 'n bietjie vermaak by die geleentheid ingesluit.

TERUGVOER OP *Resolusies* (VERVOLG)

RESOLUSIE 6

Hierdie AJV beveel aan dat die ATKV tydens hierdie reis daarop sal fokus om projekte van stapel te stuur wat gesprekvoering aanmoedig en brûe bou, sodat die vyandige diskriminasie teen Afrikaans kan vervaag en vervang kan word met 'n algehele positiewer ingesteldheid teenoor Afrikaans.

ATKV-tak Douglas

AFDELINGS OF TAKKE SE TERUGVOER EN IMPLEMENTERING

Enkele projekte wat fokus op 'n positiewe ingesteldheid teenoor Afrikaans:

- Die bemarkingsafdeling van die ATKV, saam met takke, is 'n geruime tyd al besig om buitelugborde in dorpe en by skole op te rig. Die tak dien as fasiliteerder om rolspelers aan boord te kry om saam 'n bord te borg. Die rolspeler se logo verskyn dan tesame met die ATKV se logo op die bord. Hierdie eenvoudige aksie bied aan takke die geleentheid om in vennootskap met die ATKV te gaan en sodoende eksterne rolspelers hierby te betrek, wat natuurlik hierdie netwerk ekstern vergroot. Die bord se teks word in drie tale gedoen: Afrikaans, Engels en die inheemse taal van die gemeenskap (bv. Sesotho).
- Die ATKV-tak Ennerdale Baanbrekers bou brûe deur die aanbidding van teen-diskriminasie werkswinkels.
- Vanaf ATKV-hoofkantoor word gefokus op deelname aan gesprekke oor Afrikaans, veral die gebruik daarvan as akademiese taal. Die ATKV behou ook sy teenwoordigheid in gespreksgeleenthede saam met ander rolspelers in die Afrikaanse debat op strategiese vlak.

RESOLUSIE 7

AFDELINGS OF TAKKE SE TERUGVOER EN IMPLEMENTERING

Hierdie AJV doen 'n beroep op die ATKV-takke om betrokke te raak by meer volhoubare en sigbaar uitvoerbare projekte wat voedselsekerheid in gemeenskappe betref.
ATKV-tak Kroonstad

Ons land sit met geweldige uitdagings, waarvan voedselsekerheid seker een van die ergstes is. Die skep van selfonderhoudende groentetuine kan 'n groot bydrae lewer om juis dít te help aanpak.

Die ATKV en Seed2Harvest het 'n vennootskap aangegaan om die kwessie van voedselsekerheid te help takel.

Die ATKV het 'n loodsprojek van stapel gestuur waarin ons aan individue en takke opleiding gegee het oor hoe om jou eie organiese groentetuin te kweek. Daar is 123 groentetuin-beginstelle aangekoop en uitgerol in gemeenskappe regoor die land. Elke stel bevat kunsmis, sade, plaagdoders en 'n handleiding.

Die gedagte was om vir takke en individue 'n gereedskapkissie te gee wat alles bevat om 'n volhoubare groentetuin te kan begin wat organies is en die vermoë sal hê om selfgenererend te wees.

Daar is ook opleidingsessies aangebied in onder meer Mosselbaai en Pacaltsdorp. Die opleiding bestaan uit 'n drie-uur lange teoretiese aanbieding oor aspekte soos die begin en instandhouding van groentetuine, planttegnieke en plaagbestryding, gevolg deur praktiese opleiding en implementering.

Hierdie organiese tuinbegin-stel gee aan die gesin of persoon wat die inhoud plant 'n moontlike opbrengs van 60 kg vars produkte wat in 'n tuin, in houters of motorbande geplant kan word.

'n Verdere uitvloeisel van die groenteboksies is die generering van 'n inkomste van tot R2 000 uit 'n plantseisoen. Entrepreneurskap word dus aangemoedig. Oorskotgroente kan verkoop word, bure kan groente uitruil, klein markte kan geskep word en gemeenskappe en individue kan hulself volhoubaar onderhou.

Honderd drie en twintig takke oor die land heen en in Namibië het met implementering van hierdie projek organiese groentetuine aangeplant by onder meer gemeenskapsentrums, skole, kerke, kinderhuise, sentrums vir bejaardes, asook tuistuinte.

Daar is ook talle takke deurlopend betrokke by voedselsekerheidsprojekte soos sopkombuise, voorsiening van voedsel aan behoeftiges, kosbottels, skenkings van nie-bederfbare kos, verskaffing van maaltye en nog vele meer.

TERUGVOER OP *Resolusies* (VERVOLG)

RESOLUSIE 8

Hierdie AJV beveel aan dat die ATKV se fokus op projekte aangepas en verbreed moet word om veral te voorsien in veranderende en nuwe behoeftes in gemeenskappe as voortvloeiende van die Covid-19-situasie.

ATKV-tak Kunstejê, ATKV-tak Andalusia

AFDELINGS OF TAKKE SE TERUGVOER EN IMPLEMENTERING

ATKV-hoofkantoor het spesifiek klem gelê op die gemeenskapsfokus in die formulering en herbesoek van die groepstrategie.

Takke kon die groeiende behoeftes duidelik raaksien, en het daarom tydens die pandemie sterk daarop gefokus om direk in hierdie kritieke oorlewingsbehoeftes te probeer voorsien. Behoeftes is aangespreek deur onder meer skoolhulp, voedselverligting en leesondersteuning.

Enkele voorbeelde:

- ATKV-tak Tehilah deur die aanbied van wiskundeklasse. Die tak gee ook iets te ete om mense só aan te moedig om die klasse by te woon. Dit is die ideale kans om hierdie kinders te help met wiskunde en geletterdheid. Op dié manier help hulle die agterstand wat Covid-19 op skoolprestasie veroorsaak het, kleiner maak. Tydens die eerste inperking in 2020 is wiskundeklasse ook aan ouers aangebied sodat hulle hul kinders tuis kon help.

Takke was ook betrokke by projekte wat op die psigiese impak van die pandemie fokus. Dr. Deon Els (jnr.) het 'n aanlyn sessie aangebied vir takke wat gefokus het op doeltreffende gemeenskapsbetrokkenheid binne 'n veranderde en veranderende omgewing as gevolg van die Covid-pandemie.

Verder het takke ook omgesien na die sosiale en kreatiewe behoeftes van individue ná die impak van die pandemie, soos byvoorbeeld:

- *Sharrap en eet jou kos*. Die Kunstetrust en die Streekkantoor het in vennootskap gegaan om Ilne Fourie se komiese eenvrouvertoning na die takke (en dorpe) te neem aangesien daar tans 'n reuse-behoefte aan sulke projekte in die gemeenskappe is. Dit geskied in twee streke. Hierdie projek help die takke om hul fokus te verbreed en om in die gemeenskappe se behoefte na "normaliteit" en "menswees" of "samesyn" te voorsien.
- Die ATKV-tak PEAAT bied aan *Die Roadtrip*, wat handel oor twee vriende wat deur die land toer en allerhande uitdagings en struikelblokke op hul pad moet oorkom.

MOSIES OOR TAAL EN LEES

RESOLUSIE 9

AFDELINGS OF TAKKE SE TERUGVOER EN IMPLEMENTERING

Hierdie AJV beveel aan dat takke hul eie trotse identiteit sal ontwikkel onder die vaandel van die ATKV – met inagneming van die beleid en struktuur van die ATKV. Dit is belangrik dat elke tak 'n trots sal hê om hulself te laat geld daarbuite, om 'n diens te lewer en om Afrikaans te bevorder.

ATKV-tak Arendsnes

Die uitgangspunt van die ATKV is dat takke hul eie identiteit binne gemeenskappe moet vestig met die oog op bewusmaking en optimalisering van sigbaarheid en impak. Die ATKV-bemarkingsafdeling ondersteun takke deurlopend met die ontwerp van materiaal wat takspesifiek is. Daar is regdeur die jaar in takke se behoeftes voorsien om takspesifieke klere, geskenkitems ens. te ontwerp en voorsien.

Takke word ook aangemoedig om sigbaarheid in gemeenskappe te verbreed, ook met betrekking tot die vestiging van netwerke en aangaan van vennootskappe. Takke reik ook uit na rolspelers om sodoende hulself daarbuite te laat geld en Afrikaans te bevorder. Hierdie aspek is ook implisiet verreken in die ATKV se groepstrategie.

RESOLUSIE 10

AFDELINGS OF TAKKE SE TERUGVOER EN IMPLEMENTERING

Hierdie AJV beveel aan dat die ATKV, en al sy takke, daarop sal fokus dat Afrikaans sy regmatige plek in Suid-Afrika inneem en behou. Die ATKV se standpunte oor Afrikaanse onderrig by alle onderriginstansies moet duidelik geformuleer en wyd aan lede en die media gekommunikeer word.

ATKV-tak Hartenbos, ATKV-tak Douglas

Die ATKV het vanaf hoofkantoorvlak verskeie gesprekke met instansies oor hierdie onderwerp gehad. Hierdie gesprekke is voortgaande, maar betrokkenheid en die aard daarvan word fyn gekies om impak en posisionering in die proses te verreken.

TERUGVOER OP *Resolusies* (VERVOLG)

RESOLUSIE 11

Hierdie AJV beveel aan dat die ATKV, ATKV-takke en ATKV-lede op 'n praktiese wyse betrokke sal raak om leerders se spel- en leesvaardighede te verbeter om sodoende te verhoed dat hulle agterbly. Daar kan van oudonderwysers, tuisbly-ouers en grootouers gebruik gemaak word om gratis hulp en kursusse aan te bied.

ATKV-tak Groot Gat Gilde

AFDELINGS OF TAKKE SE TERUGVOER EN IMPLEMENTERING

Die VVA is deurlopend in samewerking met die takke-afdeling betrokke by die oorhandiging van boektrommels aan behoeftige skole. In 2021 het die VVA verskeie skole besoek, boekvoorlesings gedoen, boektrommels gevul met leesboeke en opvoedkundige items oorhandig en ook leeswerkswinkels aangebied. Waar daar takke in die onmiddellike omgewing van die skole is waar die oorhandiging plaasvind, word die takke betrek om saam met die VVA om te sien na die effektiewe gebruik van die trommels.

Om aan te sluit by die doelwitte van die VVA en die ATKV se fokus op leesbevordering, is daar reeds in 2021 begin met leesopleiding met die doel om leesvaardigheid, spelling en lees met begrip te bevorder met die EkKanLees-projek. Daar is reeds 70 aanbieders in die Noord-Kaap opgelei. Hierdie inisiatief word in samewerking en in vennootskap met Rinkink terwyl jy dink aangebied. Die projek word in 2022 verder uitgebrei deur die aankoop van boekpakkette en opleiding van fasiliteerders in gemeenskappe.

Hierdie projek is 'n langtermynprojek en sluit in om teater na die platteland en skole te neem om sodoende 'n liefde vir lees onder jongmense te kweek. 'n "Toolkit" was deel van die eerste fase van hierdie projek en is gefinaliseer. Hierdie "toolkit" bied aan voornemende teatergeselskappe en takke die middele om die toneelstuk *Dinosaursse kan nie lees nie*, wat in opdrag van die ATKV deur Ilne Fourie geskryf is, op die planke te sit.

Die ATKV en die AON het ook 'n vennootskap aangegaan en 'n leesgereedmakingsprogram aangebied vir grondslagfase-onderwysers. Die leesgereedmakingsprogram is deur die neuro-ontwikkelingskenner dr. Melodie de Jager van Mind Moves ontwikkel. Die program is in 2021 in Kirkwood, Gqeberha (Port Elizabeth) en Despatch aangebied.

Dié omvattende program bied opleiding aan graad 1-3-onderwysers en stel hulle in staat om leerders leesgereed te kry. Na afloop van die kursus het elke onderwyser 'n onderwysersgids en 39 plakkate ontvang, asook genoeg leermateriaal vir 30 leerders.

Verder is daar vele takke wat 'n passie het vir die aanpak van leeskwessies. Daar is takke wat projekte aanbied wat poog om 'n liefde vir lees onder kinders te kweek, poppekaste, skenkings van boeke, skrywerswerkwinkels, oprigting van tuis- en skoolbiblioteke en nog vele meer.

Enkele voorbeelde:

- Die ATKV-tak Vorentoe bied tans Afrikaanse klasse in Soweto aan waarin hulle eerste en tweede addisionele taalsprekers help om hul Afrikaans te verbeter. Afrikaans in Soweto brei ook hierdie jaar uit met die skenking van 'n vraghouerklaskamer wat 'n plaaslike sakeman aan die tak gemaak het.
- Die ATKV-tak Vereeniging in samewerking met die NWU is in die proses om 'n leestoep vir die Hoërskool Overvaal te ontwikkel om die lees- en speluitdagings van leerders te verminder.
- Die ATKV-damestak op Despatch het 'n leesrevolusie begin toe hulle in die grendeltydperk begin het om kinders met leesagterstande as gevolg van die inperking te help. Sedertdien het die aantal kinders wat ingeskryf is vir hierdie klassies aansienlik gegroei.

RESOLUSIE 12

AFDELINGS OF TAKKE SE TERUGVOER EN IMPLEMENTERING

Hierdie AJV beveel aan dat die intensiteit van projekte deur hoofkantoor en takke sal toeneem sodat dit meer as net 'n reis uitbeeld.

ATKV-tak Centurion

Al die projekte wat die ATKV aanbied, het 'n opleidingskomponent wat jongmense die nodige vaardighede gee om 'n verskil in hul eie lewens en in gemeenskappe te maak. Deur persoonlike ontwikkeling en groei help die ATKV om positiewe landsburgers te vorm en sosiale kohesie te bewerkstellig. ATKV-projekte vorm 'n spieëlbeeld van wat in 'n land en in 'n gemeenskap plaasvind.

Uiteindelik word die deelnemers van ATKV-projekte Suid-Afrika se leiers, besluitnemers en kunstenaars. Dus is die ATKV se taal- en kultuurprojekte nie net 'n lewensveranderende reis nie, maar 'n geleentheid om daadwerklik 'n verskil te maak. In die verslagtydperk het die intensiteit van projekte toegeneem deur ATKV-produkte soos (in die persoon van) Jodi Jantjes, asook Gekies vir die Kollig, Karoo Kaarte, kommersiële produkte en verskeie jeugprojekte aan te bied, wat jongmense die nodige hupstoot gee om daadwerklik 'n loopbaan te bou.

TERUGVOER OP *Resolusies* (VERVOLG)

MOSIES VAN DANK EN GELUKWENSING

RESOLUSIE 13

AFDELINGS OF TAKKE SE TERUGVOER EN IMPLEMENTERING

Hierdie AJV bedank die gesondheidswerkers van Suid-Afrika vir die toewyding, passie en ywer wat hulle onder moeilike omstandighede aan die dag gelê het gedurende die afgelope Covid-19-pandemiejaar. Mag die gesondheidswerkers voortgaan om soos in die verlede steeds 'n onbaatsugtige verskil te maak in die toekoms. Die Here se seën word toegebid op die gesondheidswerkers en hul gesinne sodat hulle veilig en gesond sal bly.
ATKV-tak Wesbank, ATKV-tak Jakaranda

Hierdie mosie vind beslag in vele takprojekte wat dank teenoor gesondheidswerkers regoor Suid-Afrika betoon.

RESOLUSIE 14

AFDELINGS OF TAKKE SE TERUGVOER EN IMPLEMENTERING

Hierdie AJV betuig sy dank en waardering teenoor die bestuur en werknemers van die ATKV ten einde die rieldanskultuur deur middel van die jaarlikse ATKV-Rieldanskompetisie te vier.
ATKV-tak Wesbank

Die direksie en die besturende direkteur dra die ATKV-takke se dank en waardering aan die ATKV-personeel en -bestuur oor.

RESOLUSIE 15

AFDELINGS OF TAKKE SE TERUGVOER EN IMPLEMENTERING

Hierdie AJV spreek sy dank en waardering uit teenoor die ATKV-direksie, ATKV-hoofkantoor, alle huidige en voormalige bestuurslede, ATKV-personeel, en spesifiek die streeksbestuurders en ATKV-takke, vir die verskil wat hulle gemaak het gedurende die moeilike tye van die pandemie. Baie dankie ook aan die menige vrywillige kultuurwerkers by die takke landswyd wat al deur die jare die taal en kultuur in hul onderskeie gemeenskappe bevorder het.
ATKV-tak Pretoria, ATKV-tak Polisie, ATKV-tak Centurion, ATKV-tak Wesbank

Die direksie en die besturende direkteur dra die ATKV-takke se dank en waardering aan die ATKV-personeel en -bestuur oor.

IN DIE AFGELOPE JAAR IS SEWE (7) ATKV-REGLEMENTE GEWYSIG.

Die volgende reglement:

- 1.1. ATKV-reglement van die ATKV-MSW-direksie;
- 1.2. ATKV-reglement van die ouditkomitee;
- 1.3 ATKV-reglement van die sosiaal-en-etiekkomitee;
- 1.4. ATKV-reglement van die vergoedings-en-mensehulpbrankomitee;
- 1.5 ATKV-reglement van die verkiesing vir die ATKV-MSW-direkteure;
- 1.6 ATKV-reglement van orde vir die algemene jaarvergadering; en
- 1.7 Takreglement vir die funksionering van ATKV-takke.

word voorgelê vir bekragtiging soos vereis deur artikel 15(3) van die Maatskappywet, Wet 71 van 2008, en Skedule 1, Deel D van die AVO. Die reglemente is ter insae beskikbaar op die webtuiste van die ATKV, www.atkv.org.za, en by die geregistreerde kantoor op aanvraag.

Die reglemente is op die ATKV se amptelike webtuiste gepubliseer sodat almal kon kennis neem daarvan. Die finale reglemente het met publikasie van krag geword.

ATKV-reglement van die ATKV-MSW-direksie

1. DIREKSIESTRUKTUUR EN FUNKSIONERING

1.1 'N GEBALANSEERDE DIREKSIE

Die direksie sal sodanig saamgestel word dat 'n balans tussen die uitvoerende en nie-uitvoerende direkteure, onder wie ook gekoöpteerde direkteure, gehandhaaf sal word. Die algemene benadering is die handhawing van 'n meerderheid nie-uitvoerende direkteure op die direksie.

1.2 FUNKSIONERING

Die direksie sal nie funksioneer as 'n blote toesighouer/wag hond nie, maar sal 'n gebalanseerde bydrae en interaksie van uitvoerende en nie-uitvoerende direkteure ten doel hê, in besonder wanneer aangeleenthede soos beleidsvorming, strategie (veral wat betref die ATKV se kernbesigheid), beplanning, prestasie, gedragstandaarde en kommunikasie rondom die belange van lede- en ander belangegroep hanteer word. In dié verband sal 'n gebalanseerde bydrae van die direksielede verwag word ten aansien van historiese en toekomstgerigte aktiwiteite, eties, nakomend en vooruitskouend vir volhoubare prestasie.

1.3 VOORSITTER VAN DIE DIREKSIE EN BESTURENDE DIREKTEUR

Die rolle van die voorsitter en besturende direkteur van die ATKV sal duidelik omskryf word om funksiesuiwering/belyning te bevorder en om te verseker dat daar 'n magsbalans bestaan sodat geen individu onbeperkte besluitnemingsbevoegdheid sal hê nie.

2. DIREKSIELEDE

2.1 PROFIEL EN VAARDIGHEDE

Geen besondere kwalifikasies word vereis om as direkteur op die ATKV-direksie te dien nie, maar daar is sekere minimum vaardighede, ingesteldhede en kognitiewe vermoëns wat van 'n ATKV-direkteur verwag word.

Die direkteursvaardighede omvat:

- 2.1.1. die vermoë om 'n onafhanklike mening te vorm en die vermoë tot onafhanklike optrede wanneer hy/sy die rigtinggewende rol van direkteurskap onderneem;
- 2.1.2. duidelike vermoë om met konkrete en abstrakte konsepte te kan omgaan;
- 2.1.3. die vermoë om 'n oorhoofse strategiese siening te ontwikkel en om direksie-aangeleenthede van verskillende perspektiewe te beskou;
- 2.1.4. 'n portefeulje van denkstyle en -patrone om met die diversiteit van direksie-aangeleenthede te kan omgaan;
- 2.1.5. 'n gemak met 'n besinnende styl en die ontwikkeling van scenario's;
- 2.1.6. die vermoë om 'n verband te trek tussen beleid en strategiese denke en besluite, om dit te implementeer en uit die gevolge te leer;
- 2.1.7. die vermoë om genoegsame tyd te kan afstaan aan die proses van "rigtinggewing", wat onderskei word van "bestuur".

2.2 AANSTELLINGSPROSES

Binne die parameters van die Akte van Oprigting (AVO) van die maatskappy sal die direksie, via die nominasiekomitee, oorweeg watter kandidate die direksie nomineer vir oorweging deur die algemene jaarvergadering.

2.3 AANTAL DIREKTEURSKAPPE

Die aantal direkteurskappe wat 'n nie-uitvoerende direkteur van die ATKV kan opneem, is onderworpe aan sy/haar vermoë om nougeset sy/haar statutêre en fidusiêre verpligtinge uit te voer. 'n Nie-uitvoerende direkteur behoort die opneem van direkteurskappe ook te beoordeel aan die hand van ander verpligtinge of werksverpligtinge wat hy/sy mag hê.

Direkteure word dus versoek om hul aantal direkteurskappe noukeurig te oorweeg. Die voorsitter sal 'n belangrike rol speel in die evaluasie van individuele direkteursbydraes.

2.4 AANTAL ATKV-DIREKTEURE

Die AVO maak in artikel 5 voorsiening vir die samestelling van die direksie.

3. AMPSTERMYN

3.1 AANSTELLINGS EN ROTASIE

Verkose lede van die direksie het 'n maksimum ampstermyn van drie (3) jaar, waarna sodanige direkteur sal uittree. Hy/sy word geag beskikbaar te wees vir herverkiesing deur die algemene jaarvergadering, tensy hy/sy anders aandui.

Verkose nie-uitvoerende direkteure word ingevolge die reglemente vir die verkiesing van verkose nie-uitvoerende direkteure deur stemgeregtigde lede tydens 'n ledevergadering verkies vir 'n maksimum ampstermyn van drie (3) jaar, herverkiesbaar vir 'n maksimum van twee (2) verdere ononderbroke ampstermyne van maksimum drie (3) jaar elk.

Gekoöpteerde nie-uitvoerende direkteure het 'n ampstermyn van maksimum drie (3) jaar en is weer koöpteerbaar vir 'n maksimum van twee (2) verdere ononderbroke termyne van maksimum drie (3) jaar elk. 'n Afkoelperiode van drie (3) jaar geld vir verkose en gekoöpteerde direkteure wat hul volle komplement van drie (3) termyne gediën het alvorens hulle weer verkiesbaar raak.

'n ATKV-erelid is nie verkiesbaar vir 'n vakature op die ATKV-direksie nie.

3.2 KONTRAKTE VIR UITVOERENDE DIREKTEURE

Uitvoerende direkteure sal deur middel van dienskontrakte in diens geneem word. Die beëindiging van die dienskontrak sal outomaties lei tot bedanking uit die direksie.

4. ROL EN VERANTWOORDELIKHEDE VAN DIE DIREKSIE

Die direksie aanvaar dat die uiteindelijke verantwoordelikheid en aanspreeklikheid vir die bedryf van die maatskappy by die direksie berus.

Die direksie aanvaar dat hy as die spilpunt vir en bewaarder ("custodian") van korporatiewe bestuur behoort te fungeer en dat sy hoofverantwoordelikheid die skepping van waarde is.

Daarom sal die direksie deur doeltreffende leierskap wat op 'n etiese grondslag berus die besigheid van die maatskappy rig en beheer, en aanvaar die direksie dat hy leierskap, ondernemingsgees, integriteit en oordeel moet uitoefen in die bestuur van die ATKV sodat dit kan oorleef en gedy.

5. DIREKSIEPROSEDURES

Die direksie sal sy aktiwiteite op 'n verantwoordelike manier in die beste belang van die ATKV bedryf sodat dit voldoen aan sy verrekeningsverpligtinge en verantwoordelikheid teenoor al die belanghebbendes. Die verpligtinge van die direkteure hou 'n sorgsaamheidsplig, asook 'n goeietrouverpligting in.

6. KOMITEES

Die direksie kan komitees van die direksie instel om die direksie behulpsaam te wees in die uitvoering van sy verpligtinge, die lede aanstel en hul aanstellings intrek. Met inagneming van die onderstaande aangeleenthede wat vir die besluitneming van die direksie voorbehou is, mag die direksie enige van sy/haar funksies aan sodanige komitees delegeer, met voorbehoud dat die uiteindelijke verantwoordelikheid ten aansien van die verantwoordelikhede en funksies steeds in die direksie setel.

7. VERGADERINGSPROSEDURES

Die AVO van die maatskappy (art. 5) bepaal die vergaderingsprosedures, stemreg en kworumvereistes en moet saamgelees word met die relevante gedeeltes van die Maatskappywet, spesifiek artikel 73.

Die fokusse vir die onderskeie direksievergaderings gedurende die jaar sal wees soos per die jaarplan, wat van jaar tot jaar mag wissel. 'n Kennisgewingstydperk van 21 dae, as interne reëling, geld vir direksievergaderings.

8. PROFESSIONELE DIENSVERSKAFFING DEUR 'N DIREKTEUR

Die maatskappy mag vir 'n besondere opdrag die dienste van 'n nie-uitvoerende direkteur kontrakteer. Die voorwaardes van so 'n kontrak moet mededingend wees (armlengte), duidelik omskryf word en alle regsvereistes ten aansien van openbaarmaking en verklaring van belange moet nageset nagekom word.

9. ALGEMEEN

Die direksie mag van tyd tot tyd hierdie reglement aanpas soos nodig.

10. SKRIFLESING EN GEBED

In ooreenstemming met die organisasie se waardes sal die verrigtinge van die direksie deur Skriflesing en gebed geopen word.

ATKV-reglement van die ouditkomitee

1. OOGMERK

- 1.1 Die ouditkomitee is 'n komitee van die ATKV-groep van maatskappye en word deur die algemene jaarvergadering verkies ooreenkomstig die bepalinge van die Maatskappywet om as ouditkomitee op te tree ten aansien van al die ATKV-maatskappye en beleggings. Die ouditkomitee is 'n direksie- en statutêre komitee wat verantwoording aan die direksie doen teen die agtergrond van die beginsels soos vervat in die King IV-verslag oor Korporatiewe Bestuur 2016™. Wat King IV betref, word spesifiek verwys na beginsels 2 (etiek), 4 (waarde-aanbod), 6 (korporatiewe bestuur) en 10 (rolsuiwering en verantwoordelikhede) van die sektoraanbevelings vir MSW's.
- 1.2. Die oorhoofse oogmerk van die ouditkomitee is om die direkteure by te staan in die uitvoering van hul verpligtinge:
 - 1.2.1. om die bates van die ATKV-groep te beskerm;
 - 1.2.2. om die implementering van doeltreffende interne beheerstelsels en meganismes te monitor; en
 - 1.2.3. om bestepraktyk- korporatiewe beheerstandaarde en risikobestuurbeleid, asook prosesse en praktyke te implementeer ten einde effektief te funksioneer as die oorhoofse risikokomitee van die ATKV-groep vir die voorbereiding van die geïntegreerde verslag van die maatskappy wat onder meer insluit akkurate finansiële verslagdoening en state ter nakoming van alle toepaslike wetgewing en voorskrifte vir rekeningkundige praktyk.
- 1.3. Die ouditkomitee onthef nie die direktelede van hul verantwoordelikhede nie, maar staan die direksie by in die nakoming daarvan.
- 1.4. Die ouditkomitee is nie 'n uitvoerende komitee nie en die ouditkomiteelede het geen uitvoerende magte en bevoegdhede ten aansien van hul bevindings en aanbevelings wat nie uitdruklik in hierdie reglement aan hulle verleen is nie. As sodanig sal die ouditkomitee nie enige bestuursfunksies uitoefen of bestuursverpligtinge uitvoer nie. Die ouditkomitee vervul 'n onafhanklike en objektiewe rol as monitor en sal aanbevelings aan die direksie voorlê vir goedkeuring en/of besluite soos wat nodig is.

2. KONSTITUSIE

- 2.1. Die ouditkomitee word jaarliks deur die algemene jaarvergadering verkies en aangestel. Die direksie wys die voorsitter van die ouditkomitee aan wat 'n onafhanklike nie-uitvoerende direkteur moet wees. Eksterne kundiges mag van tyd tot tyd 'n ouditkomiteevergadering op uitnodiging en in oorleg met die voorsitter van die ouditkomitee bywoon.
- 2.2 Die ouditkomitee bestaan uit ten minste drie (3) nie-uitvoerende direkteure wat gesamentlik (en nie noodwendig individueel nie) oor die kundigheid en ondervinding beskik wat nodig is om hul verpligtinge uit te oefen rakende die oorsig van:
- 2.2.1. geïntegreerde verslagdoening, wat finansiële verslagdoening insluit;
 - 2.2.2. interne finansiële kontroles;
 - 2.2.3. die eksterne auditproses en die rotasievereistes rakende auditfirmas;
 - 2.2.4. die interne auditproses;
 - 2.2.5. korporatiewe reg;
 - 2.2.5. risikobestuur;
 - 2.2.6. volhoubaarheidsaangeleenthede;
 - 2.2.7. inligtingstechnologiebestuur wat verband hou met geïntegreerde verslagdoening; en
 - 2.2.8. die korporatiewe bestuursprosesse binne die maatskappy.
- 2.3 Omdat die ouditkomitee verantwoordelik is vir toesighouding oor die maatskappy se geïntegreerde verslagdoening, behoort die ouditkomitee kollektief oor die kennis te beskik van verskillende verslagdoeningstandaarde, onder meer voldoening aan die Internasionale Verslagdoeningstandaarde (IFVS), asook die IFVS vir klein en medium ondernemings (KMO's).
- 2.4 Die ouditkomitee lede behoort oor die vaardigheid en ondervinding te beskik om deurdringende vrae te kan vra oor die aangeleenthede in paragraaf 2.2 hierbo, en mag kundige en professionele advies van buite die maatskappy inwin om hulle by te staan in die uitoefening van hierdie verpligtinge soos wat nodig mag wees. Sien paragraaf 5 hieronder waarin hierdie aspek beklemtoon word.
- 2.5 Die ouditkomitee lede is onafhanklik van bestuur en sal ook in geen besigheids- of ander verhouding staan teenoor die maatskappy nie aangesien dit wesenlik inbreuk kan maak op die uitoefening van hul onafhanklike oordeel as lede van die ouditkomitee.

3. VERGADERINGS EN PROSEDURES

Die ouditkomitee sal ooreenkomstig beste praktyke sy vergaderings beplan, bestuur en belê.

4. BYWONING

Die ouditkomitee kan enige bestuurslid versoek om 'n ouditkomiteevergadering by te woon en voorleggings te maak.

5. ONAFHANKLIKE PROFESSIONELE RAAD

Die ouditkomitee beskik oor die bevoegdheid om kundige en professionele raad van buite in te win soos wat nodig mag wees. Sien paragraaf 1.4. hierbo.

6. VERSLAGDOENING

Die ouditkomitee sal verslag doen soos wat vereis word deur die Maatskappywet.

7. EVALUERING

Die ouditkomitee sal ten tye van evaluering van die funksionering van die komitee die beginsels soos goedgekeur vir die evaluasie van die onderskeie direksies as vertrekpunt navolg.

8. SKRIFLESING EN GEBED

Die ouditkomitee sal in ooreenstemming met die waardes van die ATKV sy verrigtinge met Skriflesing en gebed open.

ATKV-reglement van die sosiaal-en-etiekkomitee

1. INLEIDING

Ten einde te voldoen aan die vereistes van die Maatskappywet (Wet 71 van 2008) en in navolging van beste praktyke in korporatiewe bestuur, word 'n sosiaal-en-etiekkomitee (SEK) vir die ATKV ingestel. "Komitee" hierna verwys na die sosiaal-en-etiekkomitee, tensy anders vermeld.

Die komitee funksioneer ook as 'n direksiekomitee en tree verder op as 'n groepkomitee van die ATKV. Die mandaat van die komitee is tweeledig: Eerstens is die mandaat statutêr vervat in die Maatskappywet en tweedens verleen die ATKV-direksie 'n mandaat aan die komitee. Hierdie komitee vervang geensins die funksies en verpligtinge van die individuele direkteure of die direksie as geheel nie.

2. DOEL EN ROL

- 2.1 Die komitee word ingestel as raadgever aan die direksie om te verseker dat die maatskappy 'n verantwoordelike sosiale burger, etiese en volhoubare werkgewer en etiese mededinger is en bly. Die doel van die komitee is kortliks 'n toesigrol waarvolgens die komitee spesifiek moet monitor of die organisasie sy sosiale verantwoordelikhede nakom en met die nodige verslagdoening daaroor. Die SEK moet spesifiek verantwoordelikhede nakom wat betref die volgende aspekte:

2.2 EKONOMIE

- 2.2.1 Ekonomiese ontwikkeling;
- 2.2.2 Bedrog en korrupsievoorkoming;
- 2.2.3 Swart ekonomiese bemagtiging; en
- 2.2.4 Verantwoordelike en deursigtige belastingpraktyke.

2.3 DIE WERKPLEK

- 2.3.1 Regstellende aksie;
- 2.3.2 Menswaardige werk;
- 2.3.3 Werknemergesondheid en -veiligheid;
- 2.3.4 Werknemerverhoudinge;
- 2.3.5 Ontwikkeling van werknemers;
- 2.3.6 Billike vergoeding en ratio's; en
- 2.3.7 Organisatoriese etiek.

2.4 DIE NATUURLIKE OMGEWING

- 2.4.1 Omgewingsimpak (insluitende besoedeling, afvalbestuur, biodiversiteit en klimaatsverandering); en
- 2.4.2 Klimaatsverandering.

2.5 DIE SOSIALE OMGEWING

- 2.5.1 Gemeenskapsontwikkeling;
- 2.5.2 Skenkings en borgskappe;
- 2.5.3 Openbare gesondheid en veiligheid;
- 2.5.4 Advertering;
- 2.5.5 Verbruikersbeskerming;
- 2.5.6 Kliënteverhoudinge;
- 2.5.7 Menseregte; en
- 2.5.8 Belanghebbersverhoudinge (staat, ander organisasies, sakewêreld).

Verder bespreek die komitee sake rakende etiekrisiko's en etiese leierskap binne die maatskappy en adviseer die direksie daaroor. Die komitee bring ook nakomingsaspekte te berde soos en wanneer dit nodig is. Die goedgekeurde etiekkode van die organisasie vorm saam met bogenoemde die riglyne vir die interne toesigrol van die komitee.

Die komitee bespreek ook verslae wat ontvang word van die organisasie se fluitjieblaasmeganisme soos en wanneer dit toepaslik is. Die direksie kan ook spesifieke sake na die komitee verwys en versoek dat dit oorweeg en/of ondersoek moet word.

3. VERANTWOORDELIKHEDE EN PLIGTE

3.1 ALGEMEEN

Die regsprekende omgewing soos beliggaam in die relevante nasionale wetgewing en die nakoming hiervan vorm die vertrekpunt vir die komitee se werksaamhede. Die komitee het spesifiek as agtergrond en as moniterings- en verslagdoeningskriteria die volgende wette, kodes en riglyne, en streef daarna om dit, asook vernuwings daarvan, na te volg:

- 3.1.1 King IV-verslag oor Korporatiewe Bestuur 2016™
- 3.1.2 Die VN se Global Compact Principles
- 3.1.3 Die Maatskappywet (Wet 71 van 2008) en wysigings van hierdie wet.

4. MAGTE EN MANDAAT

Die statutêre magte en mandaat van die komitee is in ooreenstemming met die bepalings van die Maatskappywet. Die komitee beskik ook oor die magte en mandaat wat die ATKV-direksie aan die komitee verleen. Die komitee rig sy werksaamhede in ooreenstemming met die ATKV-etiekstrategie.

5. SAMESTELLING VAN DIE KOMITEE

Die komitee word saamgestel uit minstens drie (3) nie-uitvoerende direkteure wat deur die direksie aangewys word, sowel as uitvoerende direkteure in die persone van die onderskeie BD's. Bywonend is die uitvoerende direkteur: finansies, die nakomingsbeampte en die mensekapitaalbestuurder. Ad hoc-uitnodigings mag aan ander kundige persone gerig word om die komitee by te staan in sy werksaamhede. Die direksie wys die voorsitter van die komitee aan uit die geledere van die nie-uitvoerende direkteure.

6. VERSLAGDOENING

6.1 INTERNE VERSLAGDOENING

Die komitee en bestuur bepaal die formaat van die verslae vir rapportering aan die direksie en die komitee deleger die implementering hiervan aan bestuur. Die notule van elke vergadering sal ook aan die direksie voorgelê word vir kennisname.

6.2 AAN DIE ALGEMENE JAARVERGADERING

Verslagdoening aan die algemene jaarvergadering geskied ingevolge die Maatskappywet, deur middel van 'n formele verslag wat vervat word in die jaarverslag van die maatskappy. Die voorsitter van die komitee beantwoord vrae tydens die algemene jaarvergadering en lig die verslag mondelings toe waar nodig.

6.3 OUDIT

Sosiaal- en etiekverwante nakomingsoudits moet aan die komitee gerapporteer en daar bespreek word.

7. VERHOUDING MET ANDER KOMITEES

'n Mate van kruislidmaatskap met lede van ander komitees is toelaatbaar ten einde kontinuïteit te verseker.

8. WERKSWYSE

'n Meer volledige uiteensetting van die werkswyse van die komitee sal opgestel word.

9. SKRIFLESING EN GEBED

In ooreenstemming met die waardes van die ATKV sal die verrigtinge van die vergadering met Skriflesing en gebed geopen word.

ATKV- reglement van die vergoedings-en-mensehulpbronskomitee

Die vergoedings-en-mensehulpbronskomitee, as volwaardige direksiekomitee, voer sy werksaamhede uit met inagneming van die King IV-kodes en met spesiale klem op aspekte soos vervat in beginsels 6 en 14 van die kode. Die beginsels van die Drieledige Toplynbenadering (die openbare belang, persoonlike bevrediging en betekenisvolheid) en die Drieledige Basislynbenadering (mense, wins en omgewing) word as grondslag in die vergoedingsomgewing gebruik.

1. DOELWITTE

Die komitee het die volgende oorhoofse doelwitte:

- 1.1 om 'n meganisme te voorsien wat die versekering sal bied dat alle kritiese aspekte van die vergoeding van personeel van die ATKV-groep oorweeg en riglyne daargestel word waarbinne vergoeding bepaal word deur 'n komitee wat saamgestel is uit nie-uitvoerende direkteure en ander onafhanklike gekoöpteerde lede wat nie 'n persoonlike finansiële belang daarby het nie en wat optree in belang van die ATKV-groep.
- 1.2 om namens die ATKV-direksie die breë strategiese vergoedingsbeleid, wat getuig van billikheid, verantwoordbaarheid en deursigtigheid, vir die ATKV-groep te bepaal, waardeur:
 - 1.2.1 prestasie van die ATKV-groep en sy werknemers aangemoedig word;
 - 1.2.2 billike en markverwante vergoeding vir individuele bydraes en ander inisiatiewe om korporatiewe doelwitte te behaal, nagestreef word; en
 - 1.2.3 die doelmatige bestuur van die korporatiewe etos wat betref prestasiegerigte funksionering verseker word in lyn met die ATKV-groep se strategie.
- 1.3 om die individuele vergoedingspakkette vir elk van die uitvoerende direkteure en die maatskappysekretaris goed te keur en kennis te neem van die hoofbestuurders se vergoedingspakkette; en
- 1.4 om die vergoeding van nie-uitvoerende direkteure te oorweeg en aanbevelings aan die direksie te maak.

2. LIDMAATSKAP

- 2.1 Die komitee sal saamgestel word uit minstens drie (3) nie-uitvoerende direkteure wat deur die ATKV-direksie aangewys word met inagneming van vaardighede, ondervinding, kundigheid en opleiding.
- 2.2 Komiteeledes wat deur die direksie aangewys word, sal beskik oor die nodige kundigheid en ervaring en sal:
 - 2.2.1 in belang van die ATKV-Groep optree;
 - 2.2.2 goeie kennis van die ATKV-Groep se strategie en werksaamhede hê; en
 - 2.2.3 goeie en objektiewe oordeel van die prestasies van die uitvoerende direkteure en maatskappysekretaris aan die dag lê; en goeie begrip van korporatiewe vergoedingspraktyke hê.
- 2.3 Om kontinuïteit te verseker behoort komiteeledes vir 'n termyn van drie (3) jaar op die komitee te dien en kan aangestel word vir een of meer verdere termyne, onderhewig aan die periodieke hervekiesing of koöptering van nie-uitvoerende direkteure en die jaarlikse konstituering van direksiekomitees deur die ATKV-direksie.
- 2.4 Die direksie sal jaarliks die voorsitter van die komitee aanwys.

3. GEDELEGEERDE GESAG

- 3.1 Die komitee word gemagtig en met die mandaat beklee om namens die ATKV-direksie die volgende bevoegdhede uit te oefen:
- 3.1.1 om die vergoedingstrategie en -beleid goed te keur;
 - 3.1.2 om salarisverhogings vir die ATKV-groep goed te keur met inagneming van die posisie in vergelyking met die mark, die balans tussen gewaarborgde en prestasiegerigte vergoeding, en prestasie;
 - 3.1.3 om jaarlikse vergoeding, insluitend prestasiegerigte vergoeding, met inagneming van individuele prestasie van die uitvoerende direkteure en maatskappysekretaris, teenoor die ooreengekome prestasiekriteria te beoordeel en goed te keur; en
 - 3.1.4 om bestaande en nuwe prestasiegerigte aansporingskemas en prestasiekriteria te oorweeg en aan die direksie aan te beveel vir goedkeuring.

4. PLIGTE EN VERANTWOORDELIKHEDE

Die komitee het die volgende pligte en verantwoordelikhede in terme van 'n besprekings- en oorsigagenda (ATKV-groep):

- 4.1 Strategiese riglyne vir vergoedingstandaarde;
- 4.2 Vergoedingsbeleide en SPA's;
- 4.3 Beleide ten opsigte van prestasiebestuur en aansporingskemas;
- 4.4 Pakketsamestelling vir uitvoerende personeel, die maatskappysekretaris en poste op direkteursvlak;
- 4.5 Vergoeding van nie-uitvoerende direkteure;
- 4.6 Kwessies en beleide ten opsigte van die bepaling van bonusse;
- 4.7 Kwessies rakende skaars en kritieke vaardighede;
- 4.8 Induksie van nuwe personeel, uittree-onderhoude en administrasie;
- 4.9 Mentorskap, afrigting en ad hoc-werknemerbehoefte;
- 4.10 Opvolgbeplanning;
- 4.11 MHB-ontwikkelingsplan;
- 4.12 Opleiding en ontwikkeling;
- 4.13 MHB-kapasiteit; en
- 4.14 MHB-klimaat (organisasiekultuur).

5. VERGADERINGPROSEDURES

- 5.1 Die komitee vergader minstens twee keer per jaar.
- 5.2 Kworum: 'n Kworum vir die afhandeling van besigheid van die komitee is 'n meerderheid komitee-lede teenwoordig.
- 5.3 Sakelyste: Die voorsitter van die komitee sal met die oog op goeie korporatiewe bestuur saam met die besturende direkteur, die finansiële direkteur, die mensekapitaalbestuurder en die maatskappysekretaris die sakelyst vir vergaderings bepaal. Sakelyste en sodanige agtergrondinligting en verslae wat die komitee in staat sal stel om behoorlik voor te berei vir die vergadering, sal ten minste een week voor die vergaderdatum aan die komitee voorsien word.

- 5.4 Notules: Die notules van die komiteevergaderings is vertroulik en sal vir kennisname aan die ATKV-direksie voorgelê word.
- 5.5 Uitnodigings: Die komitee kan enige persoon, bestuur, personeel, direkteure of 'n kundige persoon nooi om vergaderings by te woon indien dit nodig geag word, byvoorbeeld om prestasie van die uitvoerende direkteure en die maatskappysekretaris te bespreek.

Die reglement van die komitee: Die komitee hersien hierdie reglement jaarliks en lê sy aanbevelings in hierdie verband aan die direksie voor vir goedkeuring.

6. VERSLAGDOENING

- 6.1 Die voorsitter van die vergoedings-en-mensehulpbrankomitee sal die ATKV-direksie inlig oor die funksionering van die vergoedings-en-mensehulpbrankomitee.
- 6.2 Die vergoedings-en-mensehulpbrankomitee moet namens die ATKV-direksie 'n verslag voorberei en aan lede voorlê by die algemene jaarvergadering. Die verslag moet jaarliks die ATKV-Groep se vergoedingsbeleid en die vergoeding van nie-uitvoerende direkteure, ingevolge die Maatskappywet en goeie korporatiewe praktyk, aandui.

7. SKRIFLESING EN GEBED

- 7.1 In ooreenstemming met die waardes van die ATKV sal die verrigtinge van die vergadering met Skriflesing en gebed geopen word.

ATKV-reglement vir die verkiesing van die ATKV-MSW-direkteure

WOORDBEPALINGS

“Akte van oprigting”/AVO die akte van oprigting (AVO) van die ATKV, soos van tyd tot tyd gewysig.

“algemene jaarvergadering”/AJV die algemene jaarvergadering van die maatskappy, soos deur artikels 61 (7) en (8) van die wet, asook die AVO, bepaal.

“kriteria” kundighedsbehoefte sowel as demografiese en geografiese verspreiding, soos van tyd tot tyd deur die ATKV-direksie (artikel 1.1) bepaal.

“statutêre vereistes” vereistes soos in die Maatskappywet en ander wetgewing, die AVO en bestepraktykstandaarde (artikel 1.2) vervat.

“**tak**” ’n georganiseerde struktuur van lede soos in artikel 6.4 van die AVO bedoel.

“**wet**” die Maatskappywet, Wet 71 van 2008, soos gewysig.

“**MSW**” Maatskappy sonder winsoogmerk.

1. KRITERIA EN STATUTÊRE VEREISTES VIR DIREKTEURE

1.1 KRITERIA

Die ATKV-direksie bepaal jaarliks:

- 1.1.1 die kundigheidsbehoefte, vaardighede en ondervindingsvlakke wat benodig word vir die daartelling van ’n gebalanseerde direksie wat in staat sal wees om strategiese leiding te verskaf en beheer uit te oefen ter bereiking van die ATKV se doelwitte, missie en visie; en
- 1.1.2 die geografiese en demografiese verspreidingsbehoefte ten einde gepaste balans ooreenkomstig die ATKV se inklusiwiteitsdoelwitte te bewerkstellig.

1.2 STATUTÊRE VEREISTES

Direkteure van die ATKV moet voldoen aan:

- 1.2.1 vereistes soos in die wet en ander wetgewing vervat;
- 1.2.2 die AVO; en
- 1.2.3 die uitvoering van bestespraktykstandaarde.

1.3 DIE VOLGENDE VERMOËNS VAN ’N GENOMINEERDE SAL AS STERK AANBEVELINGS DIEN:

- 1.3.1 ’n passie vir die Afrikaanse taal en kultuur in die algemeen en die ATKV in die besonder;
- 1.3.2 ’n deeglike begrip van die fidusiêre verantwoordelikheid van ’n maatskappydirekteur en die bereidwilligheid om in haar/sy optrede as direkteur van die ATKV die ATKV bo enige persoonlike of groepsbelang te plaas;
- 1.3.3 ’n persoonlike verbintenis tot die doelstellings soos in die AVO uiteengesit, asook die visie, missie en waardes van die ATKV;
- 1.3.4 goeie oordeel, die vermoë om ’n onafhanklike mening te vorm en onafhanklik in die rigtinggewende rol van die ATKV-direksie op te tree;
- 1.3.5 ’n bewese vermoë om met uiteenlopende sake, veral binne die eksterne besigheidsomgewing, en verbandhoudende konkrete en abstrakte begrippe om te gaan;
- 1.3.6 die vermoë om ’n geheelbeeld te sien en om direksie-aangeleenthede vanuit verskillende perspektiewe te beskou;
- 1.3.7 ’n gemak om met toekomsskenario's binne die politieke, ekonomiese, sosiale, tegnologiese en natuurlike omgewings (PESTN) om te gaan en om geleenthede en risiko's hierbinne te identifiseer;
- 1.3.8 goeie kennis van die interne en eksterne omgewings waarbinne die ATKV funksioneer;
- 1.3.9 die vermoë om onderskeid te tref en terselfdertyd ’n verband te trek tussen strategiese denke, beleid en besluite; en die implementering en monitering daarvan;
- 1.3.10 die vermoë om direkteursverpligtinge as rigtinggewend en onderskeibaar van bestuur uit te oefen;
- 1.3.11 die vermoë om genoegsame tyd aan vereiste ATKV-aangeleenthede te kan afstaan;
- 1.3.12 onbesproke integriteit en morele reputasie;

- 1.3.13 netwerkingsvermoë tot voordeel van die terreine waarbinne die ATKV funksioneer;
- 1.3.14 'n gebalanseerde sosiale bewussyn vis-à-vis organisasiebelang; en
- 1.3.15 lidmaatskap van die Instituut vir Direkteure (IoD) of ondervinding op ander direksies en/of beheerliggame van ander instansies.

2. NOMINASIEPROSES VAN VERKOSE NIE-UITVOERENDE DIREKTEURE

- 2.1 'n Uitnodigingskennisgewing, met verwysing na die spesifieke vakatures op die direksie, word jaarliks voor of op 31 Desember aan takke gerig, waarin nominasies van geskikte kandidate ooreenkomstig die kriteria (artikel 1.1), statutêre vereistes (artikel 1.2) en aanbevelings (artikel 1.3) gevra word.
- 2.2 Skriftelike nominasies word voorgelê deur:
 - 2.2.1 'n tak ingevolge 'n besluit wat op 'n takjaarvergadering daarvoor geneem is onder handtekening van die voorsitter en 'n sekondant wat albei lede van sodanige tak moet wees. Die genomineerdes hoef nie noodwendig lid van die betrokke tak te wees nie; of
 - 2.2.3 die ATKV-direksie onder handtekening van 'n voorsteller en 'n sekondant wat albei lede van die direksie moet wees; en word vergesel van 'n spesifieke verwysing na die vakature waarvoor die genomineerde genomineer word, 'n motivering ter ondersteuning van die nominasie, 'n volledige en 'n verkorte CV van die genomineerde, asook skriftelike toestemming tot nominasie deur die genomineerde. Sodanige nominasies word, indien dit volgens artikel 2.2.1 voorgelê word, voor of op 'n datum soos deur die ATKV-direksie bepaal, by die ATKV se maatskappyskretaris ingehandig.
- 2.3 Daar word jaarliks 'n nominasiekomitee aangestel
 - 2.3.1 wat bestaan uit:
 - 2.3.1.1 drie (3) ATKV-lede wat kragtens bepaling 4.11.3 in die AVO kwalifiseer om vir 'n spesiale besluit te stem en wat vir dié doel op die vorige AJV benoem is;
 - 2.3.1.2 hoogstens twee (2) onafhanklike ATKV-lede wat nie ATKV-direkteure is nie en wat deur die ATKV-direksie benoem word;
 - 2.3.1.3 die voorsitter van die ATKV-direksie, of as sy/hy 'n genomineerde is, 'n ander ATKV-direkteur wat deur die ATKV-direksie aangewys is; en
 - 2.3.1.4 persone met die nodige ervaring en kwalifikasies om die vereistes van funksionering op strategiese vlakke in organisasies te kan begryp en wat minstens 18 jaar oud is.
 - 2.3.2 Die nominasiekomitee kies uit hul geledere 'n voorsitter, wat nie die persoon wat ingevolge artikel 2.3.1.3 aangestel is, mag wees nie.
 - 2.3.3 Geen lid van die nominasiekomitee mag 'n genomineerde ingevolge artikel 2.2 wees nie. Indien 'n persoon wel op die nominasiekomitee aangestel is en daarna tot 'n nominasie as ATKV-direkteur instem, mag die ATKV-direksie 'n ander ATKV-lid, soos in 2.3.1.1 hierbo omskryf, wat nie 'n ATKV-direkteur is nie, na die nominasiekomitee koöpteer.
 - 2.3.4 Die nominasiekomitee tree as 'n pre-advieskomitee vir die AJV op en stel vir elke vakature uit die genomineerdes wat vir daardie vakature genomineer is, 'n lys saam van persone wat na die nominasiekomitee se oordeel aan die kriteria (artikel 1.1) en die statutêre vereistes (artikel 1.2) voldoen, en nadat die aanbevelings ingevolge artikel 1.3 oorweeg is.
 - 2.3.5 Ten opsigte van kundigheidsbehoefte (artikel 1.1.1) kan die nominasiekomitee 'n maksimum van twee (2) voorkeurdokumente vir elke vakature aanwys. Ten opsigte van geografiese en demografiese verspreidingsbehoefte (artikel 1.1.2) kan die

- nominasiekomitee ook kandidate gunstig aanmerk.
- 2.3.6 Die nominasiekomitee verrig hul werksaamhede op 'n konsensusgrondslag. Indien tot 'n stemming oorgegaan moet word en daar 'n staking van stemme is, het die voorsitter van die nominasiekomitee 'n beslissende stem.
- 2.3.7 Nominasies wat ingevolge die inligting wat aan die nominasiekomitee voorgelê is nie aan die kriteria (artikel 1.1) en die statutêre vereistes (artikel 1.2) voldoen nie, word deur die nominasiekomitee verwerp.
- 2.3.8 Die nominasiekomitee lig die betrokke tak en/of die ATKV-direksie skriftelik per pos of elektroniese pos in van die verwerping van die nominasie en die redes daarvoor.
- 2.3.9 Die beslissing van die nominasiekomitee is finaal en daar bestaan nie 'n reg tot appèl nie.
- 2.3.10 In die uitvoering van hul werksaamhede is die lede van die nominasiekomitee vertrouenspligte aan die ATKV verskuldig op dieselfde grondslag as direkteure van die ATKV, met onder andere die strekking dat die belange van die maatskappy voorrang geniet bo enige ander belange wat daarmee bots.
- 2.4 Indien 'n vakature op die ATKV-direksie ontstaan ná die uitnodigingskennisgewing volgens artikel 2.1 aan takke uitgestuur is, sal die ATKV-direksie volgens Skedule 4, Deel A(d) van die AVO, maar slegs na afloop van die AJV, die vakature as tussentydse vakature vul tot die daaropvolgende jaar se AJV.

3. KENNISGEWING VAN MOSIE VIR DIREKSIEVERKIESING

Die direksie vervat die name, verkorte CV's, die aanduiding van die nominasiekomitee se voorkeurkandidate (artikel 2.3.5) ten opsigte van die kriteria, sowel as ander benodigde inligting, in 'n mosie vir die verkiesing van direkteure en publiseer dit in die statutêr voorgeskrewe kennisgewing van die AJV, vir oorweging en stemming deur die AJV.

4. VERKIESINGSPROSEDURE

- 4.1 Die verkose nie-uitvoerende direkteure word op 'n AJV ooreenkomstig die bepalings van hierdie reglement verkies.
- 4.2 Die verkiesing vind met geslote stembriewe plaas wat, ingevolge artikel 4.8 van die AVO, ook stemming deur middel van enige elektroniese meganisme insluit. Elke stembrief reflekteer die vakatures en genomineerdes wat deur die nominasiekomitee goedgekeur is, met 'n aanduiding van die nominasiekomitee se voorkeurkandidate (artikel 2.3.5).
- 4.3 Indien in die eerste stemronde
- 4.3.1 'n kandidaat wat nie 'n voorkeurkandidaat vir 'n bepaalde vakante pos is nie meer as sestig persent (60%) van die stemme vir daardie vakante pos op haar/hom verenig, is sy/hy in daardie pos verkies; en
- 4.3.1 'n kandidaat wat 'n voorkeurkandidaat vir 'n vakante pos is 'n volstreekte meerderheid van meer as vyftig persent (50%) vir daardie pos op haar/hom verenig, is sy/hy in daardie pos verkies.
- 4.4 Ná die eerste stemronde word van die lys genomineerdes vir elke vakature wat nog steeds vakant is, verwyder

- 4.4.1 die name van alle genomineerdes wat minder as tien persent (10%) van die stemme gekry het; en
 - 4.4.2 indien geen genomineerde minder as tien persent (10%) van die stemme gekry het nie, die naam/name van die genomineerdes wat die minste stemme gekry het.
- 4.5 In die tweede en daaropvolgende stemrondes word elke vakature gevul sodra 'n genomineerde vir daardie pos 'n volstekte meerderheid van meer as vyftig persent (50%) behaal het. Ná elke ronde word die oorblywende genomineerdes ooreenkomstig die bepalings van artikel 4.4 verminder.
- 4.6 Die eksterne ouditeur van die ATKV hanteer die verkiesingsproses en verifieer die uitslae van die verkiesing.

5. HERSIENING VAN DIE REGLEMENT VIR DIE VERKIESING VAN DIREKTEURE

- 5.1 Die reglement word van tyd tot tyd gewysig indien nodig, gepubliseer en aan die algemene jaarvergadering vir bekragtiging voorgelê.

ATKV-reglement van orde vir die algemene jaarvergadering

1. OPENING EN AFSLUITING MET GEBED

Die sittings van die algemene jaarvergadering word elke dag met gebed geopen en afgesluit.

2. VOORSITTER

Die voorsitter van die ATKV-direksie tree ingevolge artikel 4.13 van die AVO op as voorsitter van 'n behoorlik gekonstitueerde algemene jaarvergadering. In sy/haar afwesigheid of as enige saak rakende die persoon van die voorsitter bespreek word, tree die visevoorsitter as voorsitter op. Indien sowel die voorsitter as visevoorsitter nie in staat of bereid is om as voorsitter op te tree nie, kies die algemene jaarvergadering 'n tydelike voorsitter uit sy geledere.

3. NOTULE VAN DIE ALGEMENE JAARVERGADERING

Die maatskappysekretaris reël vir die notule van die algemene jaarvergadering wat die volgende besonderhede moet bevat:

- 3.1 Die tyd, datum en plek van die algemene jaarvergadering.
- 3.2 Voorstelle wat aan die algemene jaarvergadering voorgelê moet word.
- 3.3 Besluite wat deur die algemene jaarvergadering geneem moet word.

3.4 Belangrike reëlings van die voorsitter.

3.5 Ander sake wat volgens die besluit van die algemene jaarvergadering genotuleer moet word.

4. PRESENSIELYS

Die hoofkoördineerder van die algemene jaarvergadering sien toe dat die teenwoordigheid van alle stemgeregtigdes met die aanvang van die algemene jaarvergadering en ook by die voortsetting van elke afsonderlike sitting elektronies aangeteken word. Daarom sal alle teenwoordiges te alle tye 'n elektroniese identifikasiekaart tydens die vergadering dra.

5. SAKELYS

Die sakelys vir die verrigtinge van die algemene jaarvergadering omvat die werksaamhede soos wat bepaal word in artikel 4.12.2 en 4.14.3 van die AVO van die ATKV. Die algemene jaarvergadering behou hom egter die reg voor om die volgorde van die items op die sakelys na gelang van omstandighede te wysig.

6. REËLS VIR BESPREKINGS

Die volgende reëls geld vir die bespreking van en wysigings aan voorstelle tydens die algemene jaarvergadering:

- 6.1 Inleiers van voorstelle word hoogstens vyf minute toegelaat om hul voorstelle toe te lig, behalwe die inleiers van voorstelle oor statutêre sake en spesiale besluite aan wie die voorsitter na goeëddunke bykomende tyd kan toestaan.
- 6.2 Alle ander sprekers wat aan die bespreking van 'n voorstel deelneem, word drie minute toegelaat.
- 6.3 Inleiers van voorstelle word toegelaat om aan die einde van die bespreking repliek te lewer net voor die voorstel tot stemming gebring word.
- 6.4 Die algemene jaarvergadering mag na goeëddunke meer tyd vir besprekings toelaat.

7. BESPREKING VAN MOSIES

Die mosies moet skriftelik wees en elektronies of persoonlik by die ATKV-hoofkantoor ingedien en in die kennisgewing van die algemene jaarvergadering gepubliseer word. Die voorstelle moet tydens die algemene jaarvergadering gesekondeer word voordat dit deur die indiener toegelig kan word. Slegs die indiener van 'n voorstel wat repliek aan die einde van die bespreking van die voorstel kan lewer, word meer as een spreekbeurt oor enige voorstel toegelaat. Indien 'n spreker oor 'n voorstel gepraat het en weer oor 'n wysiging van dieselfde voorstel wil praat, moet sodanige spreker hom streng by die bespreking van die wysiging hou. Voorstelle wat deur die direksie voorgelê word aan die algemene jaarvergadering word deur een van die direksielede toegelig.

Bogenoemde besprekings van die mosies kan verskil in die geval van 'n virtuele algemene jaarvergadering.

'n Wysiging aan, of die wysiging van enige mosie, kan mondelings deur 'n stemgeregtigde voorgestel word en moet deur 'n ander stemgeregtigde gesekondeer word. Geen wysiging mag 'n negasie van 'n voorstel wees nie. Indien die algemene jaarvergadering virtueel plaasvind, moet insette op mosies elektronies en voor die algemene jaarvergadering ingedien word vir aanvaarding.

Die voorsitter mag reël dat voorstelle en wysigings in kleiner groepe bespreek word, maar besluite moet deur die volle algemene jaarvergadering aanvaar word.

8. ONDERBREKING VAN 'N BESPREKING

Die bespreking van 'n mosie mag slegs onderbreek word:

- 8.1 deur 'n wysiging voor te stel;
- 8.2 deur 'n voorstel om te verdaag of om van die punt af te stap;
- 8.3 deur 'n voorstel dat daar dadelik oor die punt gestem word;
- 8.4 deurdat die voorsitter 'n lid toelaat om 'n persoonlike verklaring te doen;
- 8.5 deur 'n voorstel om die saak terug te verwys na die direksie; of
- 8.6 deur 'n punt van orde.

Indien die bespreking van 'n mosie afgehandel is, het die indiener van die betrokke mosie die reg op repliek voordat daar oor die betrokke mosie, met of sonder wysiging(s), gestem word.

9. PUNTE VAN ORDE

Die punte van orde waarop lede van die algemene jaarvergadering hulle kan beroep, is soos volg:

- 9.1 dat die gedrag van 'n spreker onweloweglik of sy taal onbehoorlik of lasterlik is, of dat die spreker van die onderhawige saak afdwaal;
- 9.2 dat dit tyd is om te verdaag;
- 9.3 dat 'n spreker te lank praat;
- 9.4 dat 'n voorstel of wysiging *ultra vires* of om die een of ander rede onreëlmatig is;
- 9.5 dat die opname van stemming verkeerd is;
- 9.6 dat 'n spreker nie die voorsitter aanspreek nie, oneerbiedig jeens die voorsitter is of die beslissing van die voorsitter nie gehoorsaam nie;
- 9.7 dat daar nie 'n kworum is nie;
- 9.8 dat iemand die vergadering sonder die verlof van die voorsitter verlaat het;
- 9.9 dat 'n onreëlmatigheid van prosedure of enige oortreding van die AVO begaan is.

Die voorsitter beslis alle punte van orde. Sy/haar beslissing in dié opsig is finaal. 'n Punt van orde moet eers afgehandel word voordat die algemene vergadering met die mosie voortgaan.

10. STEMMING

10.1 METODE

Stemreg op die algemene jaarvergadering word gereël volgens Skedule 1, Deel E van die AVO. Die stemming tydens die algemene jaarvergadering geskied, tensy die AVO anders vereis, deur die opsteek van hande of, ten tye van 'n virtuele algemene jaarvergadering, via elektroniese medium. Die voorsitter of ten minste vyf stemgeregtigde lede wat teenwoordig is by die algemene jaarvergadering kan egter vra dat die stemming oor enige mosie met stemming deur middel van enige toepaslike elektroniese meganisme sal plaasvind. Indien 'n lid van die algemene jaarvergadering die uitslag van 'n stemming betwyfel, mag sodanige lid onmiddellik ná die uitslag versoek dat die stemme weer opgeneem word. Indien die algemene jaarvergadering akkoord gaan, word daar in so 'n geval oorgestem. As 'n lid nie onmiddellik ná die uitslag van 'n stemming beswaar daarteen maak nie, word die saak as afgehandel beskou.

10.2 STAKING VAN STEMME

Indien daar 'n staking van stemme is, word daar oor die betrokke mosie beslis volgens die bepalings in artikel 4.11.10 van die AVO van die ATKV.

10.3 TOETSSTEMMING

Die voorsitter het die reg om ter wille van tydbesparing toetsstemmings te hou om die gevoel van die algemene jaarvergadering oor sekere sake te wete te kom.

11. STEMREG

Ingevolge Skedule 2, Deel C van die AVO het slegs een afgevaardigde per takstruktuur wat 'n lid is en wat deur die betrokke tak benoem en gemagtig is; asook 'n lid van die direksie of van 'n direksiekomitee wat ook lede moet wees, stemreg op die algemene jaarvergadering, onderworpe aan die bepalings van artikel 4.11.3 van die AVO met betrekking tot spesiale besluite.

12. VERKIESING VAN LEDE VAN DIE DIREKSIE

Die algemene jaarvergadering het 'n reglement vir die verkiesing van direksielede aanvaar. Die verkiesing van direkteure vind tydens die algemene jaarvergadering aan die hand van die volgende prosedures en vereistes plaas:

- 12.1 Die kriteria en bepaling van die behoeftes, insluitend geografiese en demografiese samestelling van die direksie.
- 12.2 Kennisgewing van die versoek om nominasies.
- 12.3 Nominasievoorwaardes en -prosesse.
- 12.4 Werksaamhede en verpligtinge van die nominasiekomitee.

12.5 Kennisgewing van die mosie vir die verkiesing van direkteure.

12.6 Die verkiesingsprosedure.

13. DOKUMENTE VAN DIE ALGEMENE JAARVERGADERING

Die notule, jaarverslag, finansiële state en ander nodige verslae word skriftelik saamgestel en elke lid van die algemene jaarvergadering ontvang 'n afskrif daarvan. Hierdie dokumente is ook elektronies beskikbaar, spesifiek ten tye van 'n virtuele algemene jaarvergadering.

14. TYDHOUER

Die besturende direkteur van die ATKV-MSW reël vir 'n amptelike tydhouer wat 'n klokke lui sodra die spreker se tyd verstreke is. Die spreker wat aan die woord is, moet afsluit wanneer die klokke lui. Hierdie reëling geld nie in die geval van 'n virtuele algemene jaarvergadering nie.

15. DIE MEDIA

Die direksie stel 'n mediakomitee aan by die aanvang van die algemene jaarvergadering om verslaggewers van die media by te staan, en om 'n oog te hou oor die aard en juistheid van die verslae aan die media. Ander lede van die algemene jaarvergadering mag nie kommentaar aan die media lewer nie en moet verteenwoordigers van die media na die mediakomitee verwys. Skakeling met die media moet geskied met inagneming van die vertroulikheid van sekere kwessies, waar en wanneer dit relevant is.

16. ORDE

16.1 Die voorsitter handhaaf die orde tydens gesamentlike sittings van die algemene jaarvergadering. Hy/Sy tree onpartydig en billik op en beskerm minderhede op 'n redelike manier. Sy/Haar reëlins en beslissings is finaal.

16.2 Gesamentlike sittings begin en eindig stiptelik soos op die sakelys aangedui. 'n Amptelike tydhouer kondig die begin en einde van sittings aan deur middel van 'n waarskuwing 15 minute voor en dan weer 5 minute voor die geskeduleerde tyd wat op die sakelys aangedui is. Tydens 'n virtuele algemene jaarvergadering is die proses grootliks aaneenlopend, en die betrokke spreker sal verdere reëlins aankondig soos wat die verrigtinge verloop.

16.3 Lede van die algemene jaarvergadering staan die voorsitter by in die handhawing van orde tydens gesamentlike sittings deur nie laat te kom of die vergadersaal tydens 'n sitting sonder die toestemming van die voorsitter te verlaat nie.

16.4 Geen stemgeregtigde lid mag die amptelike verrigtinge van die algemene jaarvergadering voor die verdagting op die laaste sittingsdag verlaat nie tensy vooraf toestemming van die voorsitter verkry is.

17. PLEK VAN DIE VOLGENDE ALGEMENE JAARVERGADERING

Die direksie bepaal waar die volgende algemene jaarvergadering gehou sal word.

18. NIE-STEMGEREGTIGDES

Nie-stemgeregtigde lede van die ATKV en ander uitgenooide lede van die publiek sit in die vergadersaal elders as die stemgeregtigde lede.

Takreglement vir die funksionering van ATKV-takke

1. INLEIDING

Die ATKV se Akte van Oprigting ("Akte") maak in sy organisatoriese samestelling voorsiening om takke daar te stel. Hierdie takke vorm die noodsaaklike onderbou van 'n gesonde en groeiende ATKV, waar lede die reg het om hul stemreg in die ATKV uit te oefen. Alle lede, hetsy gewone, meewerkende of erelede, het die bevoegdheid om mee te werk en deel te neem aan die ATKV se bedrywighede en is geregtig om op 'n georganiseerde wyse in takverband by die ATKV se bedrywighede in te skakel en, as lede, hul stemreg in die ATKV in takverband uit te oefen.

Aangesien takke nie afsonderlike regspersoonlikhede het en nie uit eie reg namens die ATKV aan die regsverkeer kan deelneem nie, maak die Akte ook in besonder daarvoor voorsiening dat die direksie, onderhewig aan die Wet en die Akte se bepalings, van tyd tot tyd 'n reglement vir die stigting, funksionering en sluiting van takstrukture kan instel, wysig of ophef, onderhewig aan bekragtiging deur die algemene jaarvergadering. Deur middel van hierdie reglement word bevoegdhede ook aan takke gedelegeer. Dit is belangrik om te begryp dat 'n individuele lid ingevolge maatskappyregsbeginsels ook nie sonder bevoegdhede, wat spesifiek aan hom/haar gedelegeer is, namens die ATKV kan optree en aan die regsverkeer kan deelneem nie. Die reglement maak dus voorsiening dat 'n tak met sekere bevoegdhede beklee word om sodoende die ATKV se kapasiteit deur vrywillige lede wat in takverband optree, aan te vul.

Daarom word die volgende in besonder gereël:

2. WOORDOMSKRYWING

- 2.1 "Algemene jaarvergadering (AJV)" – dit verwys na die ATKV se ledevergadering wat jaarliks gehou word.
- 2.2 "iMIS" – dit is die ATKV se IT-stelsel waarop ATKV-lede en -takke se inligting vir administratiewe doeleindes gestoor word. Profile vir lede en takke word hierop geskep.
- 2.3 "Lid" – 'n persoon toegelaat as lid van die ATKV ingevolge Bylae 1, Deel E(e) van die Akte en wie se lidmaatskap nie beëindig is of verval het nie. Sodanige lede betaal die volle ATKV-lidmaatskapfooie en geniet alle ATKV-ledevoordele.

- 2.4 "Meewerkende lede" – is "lede wat alleenlik meewerkende lede van die ATKV wil wees en nie in alle voorregte van lidmaatskap wil deel nie...". Hulle kan verminderde lidmaatskapgelde betaal, soos van tyd tot tyd deur die direksie bepaal word [Bylae 1, Deel E(n)].
- 2.5 "AJV-afgevaardigde" – lede in takverband bepaal deur meerderheidstem een afgevaardigde na die ledevergadering (AJV), welke afgevaardigde met volmag beklee is om daardie lede (lees ook tak) tydens die AJV te verteenwoordig [Bylae 1, Deel E(a)].
- 2.6 "Spesiale besluit" – slegs afgevaardigdes wat 18 (agtien) jaar of ouer is mag vir 'n spesiale besluit by die AJV stem.
- 2.7 "Tak" of "takstruktuur" – 'n georganiseerde struktuur van lede soos bedoel in artikel 6.4 van die Akte.
- 2.8 "Taklid" – 'n lid wat op 'n georganiseerde wyse binne takverband by die bedrywighede van die ATKV inskakel en wat versoek dat sy naam kragtens artikel 6.4.2 en 3 op die taklederegister ingeskryf word.
- 2.9 "Takledevergadering" – 'n vergadering van taklede wie se name kragtens Bylae 1, Deel E (e) van die Akte op die taklederegister van die besondere tak ingeskryf is. 'n Tak moet jaarliks 'n takjaarvergadering (TJV) hou.
- 2.10 "Tjiengelieng" – dit is 'n ledevoordeel wat aan taklede toegeken word vir hul aktiewe bydrae tot 'n tak.
- 2.11 "Voogonderwyser" – dit is die skakelpersoon tussen die skool en die ATKV-jeugtak. Die voog verskaf leiding en hulp aan die jeugtak. Indien die voog 'n volle ATKV-lid is en vir die hele jaar by die jeugtak betrokke was, kwalifiseer die voog vir tjiengelieng.

3. TAKSTIGTING

- 3.1 Die direksie is beklee met die bevoegdheid om 'n tak te stig, onderworpe aan die nakoming van die ATKV se visie, missie en strategieë wat van tyd tot tyd deur hulle bepaal word, welke bevoegdheid aan die besturende direkteur van die ATKV-groep gedelegeer is, met die magtiging dat hy sodanige bevoegdheid kan subdelegeer.
- 3.2 Enige persoon/persone kan 'n behoefte vir die stigting van 'n tak identifiseer en aan die ATKV kommunikeer, hoofsaaklik deur die betrokke streeksbestuurder van die streek waarin die tak gaan funksioneer.
- 3.3 Die besturende direkteur van die ATKV-groep sal in sy diskresie beoordeel of hierdie behoefte aan 'n nuwe tak binne die doelstellings en waardes van die maatskappy val en daarop gerig is om die ATKV se visie, missie en strategieë te ondersteun; en of die bedryf van so 'n tak volhoubaar en ekonomies regverdigbaar sal wees, waarna hy die takstigting sal goed- of afkeur.
- 3.4 Indien die takstigting goedgekeur is, sal die ATKV bystand aan die voornemende taklede verleen om die verdere prosedurevoorskrifte vir geldige takstigting na te kom.
- 3.5 Daar sal kwartaalliks aan die direksie verslag gedoen word oor die stigting/ontbinding van takke.

4. FUNKSIONERING VAN TAKKE

- 4.1 Die aktiwiteite van 'n tak is daarop gerig om die doelstellings van die ATKV, soos in die ATKV se visie, missie en strategieë uiteengesit, binne die tak se invloed sfeer te bevorder.
- 4.2 Die tak funksioneer deur sy takbestuur wat as die uitvoerende gesag van die tak daargestel word, onderworpe aan die riglyne kragtens hierdie reglement en enige ander beleid- en prosedurevoorskrifte, soos deur die direksie voorgeskryf.
- 4.3 Die takbestuur is verantwoordelik en aanspreeklik vir die behoorlike bestuur en administrasie van die tak, soos in klousule 4.5 hier onder uiteengesit, asook om leiding ten opsigte van die beplanning en uitvoering van die tak se jaarprogram aan hulle te gee. Die takbestuur sal minstens kwartaalliks vergader.
- 4.4 'n Tak mag huishoudelike reëls vir die bedryf van aktiwiteite opstel, maar hierdie reëls mag nie strydig wees met die Akte, hierdie reglement, enige ander ATKV-beleid of -prosedurevoorskrifte, of enige wetgewing of regulasies nie.
- 4.5 Kragtens die reëls vir goeie korporatiewebestuur moet die tak sekere voorgeskrewe administratiewe funksies vervul. Data en inligting van hierdie administratiewe funksies word ook op die tak se iMIS-profiel gehou.
 - 4.5.1 Taklederegister:
 - 4.5.1.1 Om kragtens Bylae 1, Deel E(e) van die Akte 'n taklederegister van al die ATKV-lede wat by daardie tak inskakel ("taklederegister") by te hou.
 - 4.5.1.2 'n ATKV-lid wie se naam op die taklederegister ingeskryf is, oefen sy statutêre stemreg in die ATKV in takverband uit.
 - 4.5.1.3 Omdat elke ATKV-lid slegs oor een statutêre stem beskik, kan 'n lid nie op meer as een taklederegister ingeskryf word nie.
 - 4.5.1.4 'n ATKV-lid kan egter deelneem aan die bedrywighede en aktiwiteite van meer as een takstruktuur en binne sodanige struktuur stemreg uitoefen aangaande huishoudelike bestuursaangeleenthede en programmatiese inhoud van takjaarprogramme.
 - 4.5.2 Takledevergaderings:
 - 4.5.2.1 Om so dikwels as wat 'n tak se aktiwiteite dit vereis, maar minstens 2 (twee) keer per jaar, takledevergaderings te hou, waarvan een die takjaarvergadering moet wees.
 - 4.5.2.2 Om minstens 7 (sewe) dae voor die vergadering deur middel van SMS of e-pos of watter ander manier ook al 'n kennisgewing van sodanige takledevergadering aan soveel ATKV-lede as wat redelik moontlik is binne die geografiese gebied of invloed sfeer van die bepaalde tak te stuur.
 - 4.5.2.3 Om toe te sien dat die takledevergadering geldig gekonstitueer is. Die voorgeskrewe kworum vir sodanige takledevergadering is minstens 5 (vyf) taklede.
 - 4.5.2.4 Om toe te sien dat 'n behoorlike sakelys voorberei en notule van die takledevergadering gehou word.
 - 4.5.2.5 Om 'n spesiale takledevergadering te hou indien die direksie, of 50% van die taklede, of minstens 10 (tien) ATKV-lede 'n takvergadering versoek.
 - 4.5.2.6 Die besturende direkteur of sy gedelegeerde sal bystand aan die takke verleen om enige verdere prosedurevoorskrifte vir die hou van geldige takledevergaderings na te kom.

4.5.3 Takjaarvergadering:

- 4.5.3.1 Om een maal per jaar, vóór die ATKV se algemene jaarvergadering en binne die tydschedule, soos deur die direksie bepaal, takledevergaderings as die tak se statutêre jaarvergadering (hierna "takjaarvergadering") te hou.
- 4.5.3.2 Om toe te sien dat daar vir die takjaarvergaderings voldoen word aan die kennisgewing-, kworum- en notulevereistes, soos in klousule 4.5.2 (b), (c) en (d) uiteengesit is.
- 4.5.3.3 Om die volgende sake tydens die takjaarvergaderings te behandel, naamlik:
 - a. die goedkeuring van die tak se administratiewe verslae, jaarprogram, finansiële rekords en jaarstate ("jaarverslae") vir die voorafgaande finansiële jaar;
 - b. die goedkeuring van enige mosies vergesel van bondige motiverings wat die tak kragtens artikel 4.6 van die Akte vir oorweging aan die algemene jaarvergadering van die ATKV wil voorhou;
 - c. die goedkeuring kragtens die reglement vir die verkiesing van direksielede van enige nominasie deur die tak vir geskikte kandidate vir die verkiesing van direksielede tydens die ATKV se algemene jaarvergadering;
 - d. die aanwysing van 'n afgevaardigde (wat kan insluit die aanwysing van 'n sekondus) en die verlening van volmag aan sodanige afgevaardigde om die tak te verteenwoordig en volgens opdrag of volgens die diskresie van die gevolmagtigde, hoe ook al deur die tak besluit is, by die ATKV se algemene jaarvergadering te praat en te stem;
 - e. in die geval waar geen afgevaardigde die algemene jaarvergadering namens 'n tak kan bywoon nie, om die nodige volmagvorme te voltooi en minstens 72 uur voor die aanvang van die algemene jaarvergadering by die maatskappysekretaris in te dien;
 - f. die verkiesing van die tak se bestuurslede;
 - g. die afwenteling aan lede van die takbestuur van bevoegdhede wat ingevolge hierdie reglement aan die tak verleen word, soos benodig.

4.5.4 Verkiesing van 'n takbestuur:

- 4.5.4.1 Om die takbestuur te verkies wat sal bestaan uit 'n minimum van 4 (vier) lede, naamlik 'n voorsitter, ondervoorsitter, tesourier en sekretaris. Bykomende bestuurslede kan verkies of gekoöpteer word.
- 4.5.4.2 Dit word aanbeveel dat bestuurslede in hulle besondere verkose ampte sal roteer om leierskapspotensiaal te ontwikkel, sodat 'n bestuurslid vir 'n termyn van 2 (twee) jaar in 'n amp dien, wat vir een verdere termyn verleng kan word, waarna sodanige lid nie weer in dieselfde amp verkies kan word nie. Die bestuurslid kan wel in 'n ander bestuursposisie verkies word.
- 4.5.4.3 Die takbestuur van 'n jeugtak word jaarliks verkies.

4.5.5 Beheer oor takfondse en opstel van rekeningkundige state:

- 4.5.5.1 Die takbestuur is in beheer van die tak se fondse en kan dit aanwend, onderhewig aan die bepalinge en voorwaardes soos deur die direksie voorgeskryf, slegs vir die bevordering van die hoofdoelstelling van die ATKV en geen gedeelte daarvan kan regstreeks of onregstreeks aangewend of uitgekeer word tot enige lid se voordeel nie.
- 4.5.5.2 Vir dié doel sal die takbestuur 'n rekening by 'n bank open. 'n Tak het ook 'n keuse om hul fondse in ATKV-hoofkantoor (HK) se bankrekening te hou.
- 4.5.5.3 Die takbestuur is verantwoordelik om rekeningkundige boeke en rekords by te hou en om die korrektheid daarvan vir voorlegging aan die takjaarvergadering en die direksie te bevestig. Die ATKV kan in hulle diskresie 'n oudit van die state van enige tak gelas.

- 4.5.5.4 Die finansiële jaar van 'n tak is vanaf 1 Januarie tot 31 Desember. Die finansiële verslag moet teen einde Januarie van die daaropvolgende jaar vir auditdooeleindes aan HK voorsien word.
- 4.5.6 Opstel van jaarverslae:
 - 4.5.6.1 Die takbestuur is verantwoordelik om 'n jaarverslag (wat insluit administratiewe verslae, die jaarprogram, finansiële rekords en jaarstate) van die tak op te stel, waarin verslag gedoen word oor die werksaamhede en aktiwiteite van die tak vir voorlegging en bevestiging deur die takjaarvergadering.
 - 4.5.6.1 Hierdie jaarverslag word aan die ATKV voorgelê.

5. BEVOEGDHEDE

- 5.1 'n Tak het nie afsonderlike regs persoonlikheid nie en kan nie uit eie reg namens die ATKV verbintenisse aangaan, eiendom hou of regstappe in 'n hof instel of verdedig nie.
- 5.2 Daarom delegeer die direksie al die bevoegdhede om die dag-tot-dag-aktiwiteite binne die normale bedryf van die tak te onderneem aan die takbestuur, onderworpe aan die Akte, hierdie reglement, enige ander ATKV-beleid of prosedurevoorskrifte of enige wetgewing of regulasies. Die takbestuur is in besonder gemagtig om die volgende aktiwiteite te onderneem:
 - 5.2.1 om enige gepaste kultuurprojekte wat binne die goedgekeurde strategiese fokusareas val te beplan, te organiseer en uit te voer;
 - 5.2.2 om enige kontrakte aan te gaan wat nodig is om die projekte aan te bied en om enige bedryfsuitgawes aan te gaan, tot sodanige bedrag as wat jaarliks per kontrak spesifiek vir die besondere tak deur die direksie goedgekeur word;
 - 5.2.3 om plaaslike bankrekeninge te open en te bedryf; en
 - 5.2.4 om enige handeling uit te voer of ooreenkomste te sluit waarna in hierdie delegasie verwys word, ongeag die bedrag betrokke, indien sodanige besondere handeling of ooreenkoms spesifiek deur die direksie of sy gedelegeerde gemagtig is.

6. JEUGTAKKE

- 6.1 'n Jeugtak funksioneer by 'n skool.
- 6.2 Leerders moet 13 jaar oud of ouer wees om by 'n jeugtak aan te sluit.
- 6.3 Jeugtaklede jonger as 18 jaar oud is nie bevoeg om vir spesiale besluite te stem nie.
- 6.4 Jeugtaklede kan nie op die ATKV se direksie of subkomitees dien nie.
- 6.5 Klousule 4 en 5 hier bo is ook op jeugtakke van toepassing.

7. ONTBINDING

7.1 'n Tak kan onder die volgende omstandighede ontbind word:

- 7.1.1 indien die tak na die oordeel van die ATKV nie binne die doelstellings en waardes van die maatskappy optree nie en bedrywighede onderneem wat nie gerig is daarop om die ATKV se visie, missie en strategieë te ondersteun nie; en/of wanneer die bedryf van so 'n tak nie verder volhoubaar en ekonomies regverdigbaar is nie;
- 7.1.2 As die meerderheid taklede so besluit tydens 'n spesiale takledevergadering wat vir die doel belê is en dit deur die ATKV bevestig word;
- 7.1.3 indien 'n kworum van taklede nie teenwoordig is tydens 'n takjaarvergadering of tydens 'n opvolgvergadering wat gereël word om sodanige ongeldige takjaarvergadering reg te stel nie.

7.2 Indien 'n tak ontbind word, word alle takrekords en -fondse aan die ATKV oorhandig.

8. TJIENGELIENG AS TAKLEDEVOORDEEL

- 8.1 Tjiengelieng is 'n voordeel wat aan aktiewe taklede toegeken word.
- 8.2 Tjiengelieng word toegeken aan taklede wat vir 'n volle jaar by die tak se takledevergaderings, takprojekte en ander funksies betrokke was.
- 8.3 Takke besluit oor die tjiengelieng- en aktiewe takledekriteria.
- 8.4 Takbesture besluit wie vir tjiengelieng kwalifiseer of nie.
- 8.5 Tjiengelieng word aan die hooflid per gesin toegeken en is nie van toepassing op nie-betalende lede en meewerkende lede nie.
- 8.6 Tjiengelieng is geldig tot einde Februarie in die daaropvolgende jaar en verval indien dit nie gebruik word nie.
- 8.7 Dit kan ook nie oorgedra word na 'n ander gesin nie. Tjiengelieng kan aangewend word:
 - 8.7.1 Vir korting op verblyf en kampering by 'n ATKV-oord;
 - 8.7.2 Vir boekaankope by geïdentifiseerde vennote; en
 - 8.7.3 As bydrae tot die ATKV-Woekerfonds.

9. WYSIGING VAN DIE REGLEMENT

Die direksie kan te enige tyd die takreglement wysig, intrek of beleid- en prosedurevoorskrifte daarkragtens uitvaardig, onderhewig aan bekragtiging deur die algemene jaarvergadering.

Statutêr voorgeskrewe sake:

GEWONE BESLUITE

BESLUIT 1

REGLEMENT VAN ORDE

Die AJV besluit dat die verrigtinge van die AJV volgens die bepalinge van die gepubliseerde Reglement van Orde sal geskied.

BESLUIT 2

MOSIE VAN ROUBEKLAG

Dat die algemene jaarvergadering besluit dat die volgende mosie eenparig aanvaar word:

Hierdie AJV bring dankbaar hulde aan die ATKV-lede, familie van lede en prominente lede van die Afrikaanse kultuurgemeenskap wat in die afgelope verslagjaar oorlede is. Die ATKV eer hul nagedagtenis en bid hul dierbares die vertroosting van die Hemelse Vader toe. Meegevoel word ook spesifiek betuig met families wat geliefdes verloor het as gevolg van die Covid-19-pandemie.

BESLUIT 3

GOEDKEURING VAN DIE VERKORTE NOTULE VAN DIE VIRTUELE AJV WAT OP 14 JULIE 2021 GEHOU IS

Dat die algemene jaarvergadering besluit dat die verkorte notule van die virtuele AJV van 14 Julie 2021 as gelees beskou en goedgekeur word.

BESLUIT 4

TERUGVOER OP RESOLUSIES VAN 2021

Dat die algemene jaarvergadering besluit dat kennis geneem word van die terugvoer oor die afhandeling en implementering van die besluite van 2021 se AJV.

BESLUIT 5

VOORLEGGING VAN DIE BESTURENDE DIREKTEUR VAN DIE ATKV-MSW

Artikel 4.14.3.2 van die AVO bepaal dat die algemene jaarvergadering die verslag van die uitvoerende direkteur, wat in die besturende direkteur van die ATKV-MSW se verslag saamgevat is, sal behandel. Hierdie verslag is in die ATKV-jaarverslag gepubliseer en saam met die kennisgewing van die algemene jaarvergadering aan takke verskaf.

AANBEVELING

Dat die algemene jaarvergadering besluit dat die jaarverslag van die besturende direkteur van die ATKV-MSW aanvaar word.

BESLUIT 6

VOORLEGGING VAN DIE BESTURENDE DIREKTEUR VAN DIE ATKV-SAKE

Dat die algemene jaarvergadering kennis neem van die voorlegging van die besturende direkteur van ATKV-Sake.

AANBEVELING

Dat die algemene jaarvergadering besluit dat die voorlegging van die besturende direkteur van ATKV-Sake aanvaar word.

BESLUIT 7

VOORLEGGING VAN DIE FINANSIËLE JAARSTATE VAN DIE ATKV-GROEP VIR DIE JAAR GEËINDIG OP 28 FEBRUARIE 2022

Die volledige finansiële jaarstate van die ATKV-groep vir die jaar geëindig op 28 Februarie 2022 is in die ATKV-jaarverslag gepubliseer. Die volledige state is op www.atkv.org.za beskikbaar.

Verder word die sake en handelinge wat deur die direksie van die ATKV namens die maatskappy onderneem en uitgevoer is in die 2021-2022- finansiële jaar bevestig.

AANBEVELING

Dat die algemene jaarvergadering besluit:

1. dat die finansiële state, insluitend die direkteursverslae, die ouditeursverslag en die korporatiewebestuuersverslag, soos uiteengesit in die jaarverslag vir die jaar geëindig op 28 Februarie 2022, as gelees beskou en hiermee aanvaar en bevestig word; en
2. dat die sake en handelinge wat deur die direksie van die ATKV namens die maatskappy onderneem en uitgevoer is in die 2021-2022- finansiële jaar, hiermee bevestig word.

BESLUIT 8

AANSTELLING VAN DIE EKSTERNE OUDITEURE BDO SUID-AFRIKA INGELYF

Artikel 4.14.3.5 van die AVO bepaal dat 'n ouditeur kragtens die Maatskappywet aangestel moet word. Die Maatskappywet bepaal in artikel 61(8)(c) dat 'n ouditeur op elke algemene jaarvergadering aangestel word om die amp te beklee vanaf sluiting van daardie vergadering tot die sluiting van die volgende algemene jaarvergadering.

Die aanstelling van BDO is deur die ouditokomitee en direksie in Junie 2022 oorweeg.

Tydens die algemene jaarvergadering van 2019 het die ATKV-direksie voorgestel dat BDO as eksterne ouditeure aangestel word vir 'n vierde jaar van die eerste siklus van vyf jaar, onderhewig aan die goedkeuring jaarliks van die algemene jaarvergadering.

AANBEVELING

Dat die algemene jaarvergadering die aanstelling van BDO Suid-Afrika Ingelyf as eksterne ouditeure van die ATKV tot na afloop van die volgende algemene jaarvergadering in 2023 bevestig.

Statutêr voorgeskrewe sake:

GEWONE BESLUITTE (VERVOLG)

BESLUIT 9

VERKIESING VAN NIE-UITVOERENDE DIREKTEURE

NOMINASIES INGEVOLGE DIE ATKV-REGLEMENT VAN DIE DIREKSIE

1. Uitnodigingskennisgewing

Hierdie kennisgewing word in opdrag van die direksie kragtens artikel 2.1 van die ATKV-reglement vir die verkiesing van direkteure uitgereik. 'n Afskrif van hierdie reglement is te sien op bl. 54

Die doel van hierdie kennisgewing is om vir nominasies van geskikte kandidate te vra ooreenkomstig die kriteria en statutêre vereistes vir direkteure soos in die Maatskappywet, die ATKV se Akte van Oprigting (AVO) en die ATKV-reglement vir die verkiesing van direkteure vervat is.

2. Vakatures op die direksie

Die volgende drie (3) nie-uitvoerende direkteure se termynse verstryk tydens die 2022- algemene jaarvergadering:

MARLENE LE ROUX	Kundigheid op die terrein van sake Persone met bewese kundigheid en ondervinding om strategies tot die finansiële volhoubaarheid van die kersake van die ATKV-MSW by te dra. <i>Verkies in Mei 2019 tot 2022-AJV.</i> <i>In haar eerste termyn.</i>
DIRK LOTTER	Kundigheid op die terrein van sake Persone met bewese kundigheid en ondervinding om strategies tot die finansiële volhoubaarheid van die kersake van die ATKV-MSW by te dra. <i>In 2015 vir 'n jaar gekoöpteer.</i> <i>Verkies in 2016 tot 2019, 2019 tot 2022.</i> <i>In sy tweede termyn.</i>
MARIUS UNGERER	Kundigheid op die terrein van strategiese vennootskapsbestuur en netwerking 'n Kundige persoon wat betref die identifisering, analisering, sluit en benutting van vennootskappe tot voordeel van die ATKV en die volhoubaarheid van die vennootskap. Goeie netweringsvaardighede op uitvoerende vlak en die bereidheid om 'n persoonlike databasis/verhoudingsnetwerk tot voordeel van die ATKV te deel en te ontgin. <i>In September 2019 vir een (1) jaar tot 2020-AJV gekoöpteer (restant van JP Landman se termyn).</i> <i>Vanaf Augustus 2020 tot 2022 gekoöpteer.</i> <i>In sy eerste termyn.</i>

Die direksie het besluit dat drie (3) poste vir nominasie deur ATKV-takke en die ATKV-direksie oopgestel word. Die vul van die poste sal geskied aan die hand van 'n verkiesing van twee (2) nie-uitvoerende direkteursposte tydens die 2022- algemene jaarvergadering en die koöptering van een (1) nie-uitvoerende direkteur deur die direksie na afloop van die 2022- algemene jaarvergadering.

3. Kriteria ten opsigte van kundigheidsbehoefte, vaardighede en ondervindingsvlakke
Die kundigheidsbehoefte, vaardighede en ondervindingsvlakke wat benodig word vir die daarstelling van 'n gebalanseerde direksie wat in staat sal wees om strategiese leiding te verskaf en beheer uit te oefen ter bereiking van die ATKV se doelwitte, missie en visie, word jaarliks deur die ATKV-direksie bepaal (artikel 1.1.1 van die ATKV-reglement vir die verkiesing van direkteure). Die direksie het op 12 November 2021 besluit om nominasies vir die volgende kundighede te versoek:

3.1 Kundighedsarea: Onderwys, Opleiding en Gemeenskapsontwikkeling (een [1] x Sake)

'n Persoon met kennis van en ondervinding in die gee van strategiese leiding wat betref onderwys, opleiding en verwante ontwikkelingsaangeleenthede, met spesifieke verwysing na die Suid-Afrikaanse konteks en die nuwe behoeftes van lerende persone, veral uit gemeenskappe met uitdagende ekonomiese realiteite.

3.2 Kundighedsarea: Entrepreneurskap en Kommersialisering (een [1] x Sake)

'n Persoon met kundigheid en sakevernuif rondom die benutting van suksesvolle, eties-verantwoordbare sakebeginsels en die omskepping daarvan in strategiese leiding vir die daarstel van inkomstegenererende entrepreneurskap in die omgewings van taal, die kunste, kultuur en toerisme, en die algemene fokusgebiede van die ATKV se aktiwiteite.

3.3 Kundighedsarea: Organisasie-ontwikkeling en Mensehulpbronbestuur (een [1] x Strategie)

'n Persoon met bewese kundigheid in organisasie-ontwikkeling, strategiese mensehulpbronbestuur en die implementering van die toepaslike strategieë, veral tot die mate waartoe hierdie aspekte van toepassing is op hibriede organisasies wat sowel 'n gemeenskap- as sakefokus in die besigheidsmodel moet verreken.

Volgens die ATKV-reglement vir die verkiesing van direkteure die volgende:

Ten opsigte van kundighedsbehoefte (artikel 1.1.1) kan die nominasiekomitee 'n maksimum van twee (2) voorkeurkandidate vir elke vakature aanwys. Ten opsigte van geografiese en demografiese verspreidingsbehoefte (artikel 1.1.2) kan die nominasiekomitee ook kandidate gunstig aanmerk.

4. Kriteria ten opsigte van geografiese en demografiese verspreidingsbehoefte
Die geografiese en demografiese verspreidingsbehoefte om gepaste balans ooreenkomstig die ATKV se inklusiwiteitsdoelwitte te bewerkstellig, word jaarliks deur die ATKV-direksie bepaal (artikel 1.1.2 van die ATKV-reglement vir die verkiesing van direkteure).

Tydens Julie 2022 se algemene jaarvergadering tree die bogenoemde nie-uitvoerende direkteure (sien paragraaf 2 hierbo) uit en bly daar vyf (5) nie-uitvoerende direkteure in hul poste aan. Die oorblywende vier (4) verkose nie-uitvoerende direkteure en een (1) gekoöpteerde nie-uitvoerende direkteur se geografiese en demografiese verspreiding tydens die algemene jaarvergadering van 2022 is soos volg:

- 3 x Gauteng, 1 x Wes-Kaap en 1 x Oos-Kaap;
- 2 x vroue en 3 x mans;
- 2 x bruin en 3 x wit;
- 2 x ouer as 60 jaar, 2 x tussen 50 en 60 jaar, 1 x tussen 30 en 40 jaar.

Die direksie het besluit om nominasies vir die volgende geografiese en demografiese verspreiding te versoek:

Statutêr voorgeskrewe sake:

GEWONE BESLUITTE (VERVOLG)

4.1 Geografiese verspreiding

Eweredige verteenwoordiging ten opsigte van alle geografiese gebiede.

4.2 Demografiese verspreiding

Eweredige verteenwoordiging ten opsigte van geslag, ras en ouderdom.

5. Statutêre vereistes

Die ATKV-reglement vir die verkiesing van direkteure bepaal in artikel 1.2 dat direkteure van die ATKV aan statutêre vereistes moet voldoen soos vervat in die Maatskappywet en ander wetgewing, die ATKV se AVO, asook die uitvoering van bestepraktystandaarde (soos die King-kodes). Artikel 5.1.7 van die ATKV se AVO bepaal dat 'n voornemende direkteur van die ATKV ingevolge die Maatskappywet bevoeg moet wees om 'n direkteur van 'n maatskappy te wees.

6. Aanbevole vermoëns

Die ATKV-reglement vir die verkiesing van direkteure gee in artikel 1.3 vermoëns wat as sterk aanbeveling ten opsigte van genomineerdes sal dien.

7. Nominasies

7.1 Artikel 2.2.1 van die ATKV-reglement vir die verkiesing van direkteure bepaal dat nominasies deur 'n tak, ingevolge 'n besluit wat op 'n takjaarvergadering daarvoor geneem is, onder handtekening van die voorsitter en nog 'n lid van sodanige tak voorgelê word. Die genomineerde(s) hoef nie noodwendig lid van die betrokke tak te wees nie.

7.2 Artikel 2.2 bepaal verder dat nominasies 'n aanduiding moet gee van die vakature waarvoor 'n genomineerde genomineer word ('n persoon kan slegs vir een vakature genomineer word), asook 'n motivering ter ondersteuning van die nominasie. 'n Volledige CV in Afrikaans, asook instemming van 'n genomineerde om genomineer te word, moet die nominasie vergesel. 'n Verkorte Afrikaanse CV van maksimum 300 woorde, wat in die kennisgewing van die algemene jaarvergadering gepubliseer sal word, moet ook by die nominasie ingesluit wees.

7.3 Sodanige nominasies deur takke word as deel van takke se takjaarvergaderingsverslae, maar in alle gevalle nie later nie as **Woensdag 13 April 2022**, by die maatskappysekretaris ingedien.

AANBEVELING

Dat die algemene jaarvergadering besluit:

Dat kragtens die uitslag van die verkiesing die volgende persone op die direksie aangestel word, naamlik:

Dirk Lotter vir 'n termyn van twee (2) jaar.
..... vir 'n termyn van drie (3) jaar.

TITEL	NAAM	VAN	GEOGRAFIESE VOORKEUR	DEMOGRAFIESE VOORKEUR		
				Ras	Geslag	Ouderdom
KUNDIGHEID OP DIE GEBIED VAN ONDERWYS, OPLEIDING EN GEMEENSKAPSONTWIKKELING (SAKE)						
Mnr.	Clifford	Wee		☐		
Dr.	Marlene	Le Roux		☐	⊕	
KUNDIGHEID OP DIE GEBIED VAN ENTREPRENEURSKAP EN KOMMERSIALISERING (SAKE)						
Mnr.	Dirk	Lotter	⊕			

Demografies: ☐ Ras ☒ Geslag ☐ Ouderdom ☒ Geografies

Die pos met 'n spesifieke fokus op organisasieontwikkeling en mensehulpbronbestuur (strategie) word vir 'n drie (3) jaartermyn gekoöpteer ná afloop van die AJV deur die direksie.

BESLUIT 10

VOORLEGGING VAN DIE VOORSITTERSREDE ATKV-MSW

Artikel 4.14.3.1 van die AVO bepaal dat die algemene jaarvergadering die voorsittersverslag van die ATKV-MSW sal behandel. Hierdie verslag is in die ATKV-jaarverslag gepubliseer en saam met die kennisgewing van die algemene jaarvergadering aan takke gepos.

AANBEVELING

Dat die algemene jaarvergadering besluit dat die voorsittersrede van die ATKV-MSW aanvaar word.

BESLUIT 11

VERKIESING VAN DIREKTEURE OP DIE OUDITKOMITEE

Ooreenkomstig die bepalings van die Maatskappywet, soos vervat in artikel 43(2) en 84(1)(c)(ii), moet die algemene jaarvergadering 'n ouditkomitee verkies.

Die komitee moet oor relevante kwalifikasies beskik en in dié verband word kundigheid op die gebied van finansiële bestuur, risikobestuur, die regte en inligtingstechnologie beklemtoon.

AANBEVELING

Dat die algemene jaarvergadering besluit:

- Dat kragtens die uitslag van die verkiesing die volgende persone op die ouditkomitee aangestel word, naamlik:
 - Nie-uitvoerende direkteur finansies: ATKV-MSW
 - Nie-uitvoerende direkteur finansies: ATKV-MSW
 - Nie-uitvoerende direkteur finansies: ATKV-Sake

Statutêr voorgeskrewe sake:

GEWONE BESLUITTE (VERVOLG)

BESLUIT 12

VERKIESING VAN LEDEVERTEENWOORDIGERS OP DIE NOMINASIEKOMITEE

Die ATKV-reglement van die verkiesing van direktelede bepaal die volgende:

Daar word jaarliks 'n nominasiekomitee aangestel wat bestaan uit:

- drie (3) ATKV-lede wat kragtens bepaling 4.11.3 in die AVO kwalifiseer om vir 'n spesiale besluit te stem en wat vir dié doel op die vorige AJV benoem is;
- hoogstens twee (2) onafhanklike ATKV-lede wat nie ATKV-direkteure is nie en wat deur die ATKV-direksie benoem word;
- die voorsitter van die ATKV-direksie, of as sy/hy 'n genomineerde is, 'n ander ATKV-direkteur wat deur die ATKV-direksie aangewys is; en
- persone met die nodige ervaring en kwalifikasies om die vereistes van funksionering op strategiese vlakke in organisasies te kan begryp en wat minstens 18 jaar oud is.

Hierdie nominasiekomitee tree op as 'n pre-advieskomitee om 'n voorkeurlys op te stel van persone wat deur die takke of direksie genomineer is vir verkiesing as direkteure, welke verkiesing tydens die eersvolgende algemene jaarvergadering sal plaasvind.

Dit is dus nodig dat ledeverteenvoordigers kragtens artikel 1.5.2 van die reglement vanuit die vergadering genomineer word en dat die algemene jaarvergadering deur middel van 'n gesamentlike stembrief, dog afsonderlik per kandidaat, stem vir drie (3) van die kandidate soos genomineer.

VERKIESINGSPROSES

Daar sal nominasies van kwalifiserende persone vir diens op die nominasiekomitee vanaf die onderskeie takke ingewin word. Die nominasies sal dan deel vorm van 'n stemproses wat via die diensverskaffer gekoördineer sal word. *(voorkeurkandidatels sal vooraf aan afgevaardigdes gesirkuleer word om te verseker dat 'n tweede stem, indien nodig, in berekening gebring kan word).*

BESLUIT 13

BEKRAGTING VAN DIE ATKV-REGLEMENTE

Bekragtiging van die ATKV-reglement van die ATKV-MSW-direksie, ATKV-reglement van die ouditkomitee, ATKV-reglement van die sosiaal-en-etiekkomitee, ATKV-reglement van die vergoedings-en-mensehulpbronkomitee, ATKV-reglement vir die verkiesing van die ATKV-MSW-direkteure, ATKV-reglement van orde en ATKV-reglement vir die funksionering van ATKV-takke.

Die direksie het die afgelope jaar veranderinge aangebring aan bogenoemde ATKV-reglemente. Die reglemente is elektronies gepubliseer op die amptelike webwerf van die ATKV. Die reglemente het met publikasie van krag geword.

Skedule 1, Deel D van die AVO en artikel 15.3 van die nuwe Maatskappywet bepaal dat die algemene jaarvergadering die ATKV-reglemente bekragtig.

AANBEVELING

Dat die algemene jaarvergadering besluit dat ATKV-reglement van die ATKV-MSW-direksie, ATKV-reglement van die ouditkomitee, ATKV-reglement van die sosiaal-en-etiekkomitee, ATKV-reglement van die vergoedings-en-mensehulpbronkomitee, ATKV-reglement vir die verkiesing van die ATKV-MSW-direkteure, ATKV-reglement van orde en ATKV-reglement vir die funksionering van ATKV-takke bekragtig word.

BESLUIT 14

VERSLAG VAN DIE OUDITKOMITEE

Die ATKV-reglement van die ouditkomitee bepaal dat daar verslag gedoen word by die algemene jaarvergadering deur middel van 'n formele verslag ingesluit in die jaarverslag van die maatskappy.

AANBEVELING

Dat die algemene jaarvergadering besluit dat die verslag van die ouditkomitee van die ATKV-Groep aanvaar word.

BESLUIT 15

VERSLAG VAN DIE SOSIAAL-EN-ETIEKKOMITEE

Die ATKV-reglement van die sosiaal-en-etiekkomitee bepaal dat daar verslag gedoen word by die algemene jaarvergadering deur middel van 'n formele verslag ingesluit in die jaarverslag van die maatskappy.

AANBEVELING

Dat die algemene jaarvergadering besluit dat die verslag van die sosiaal-en-etiekkomitee van die ATKV-groep aanvaar word.

BESLUIT 16

VERSLAG VAN DIE VERGOEDINGS-EN-MENSEHULPBRONKOMITEE

Die ATKV-reglement van die vergoedings-en-mensehulpbronskomitee bepaal dat daar verslag gedoen word by die algemene jaarvergadering deur middel van 'n formele verslag ingesluit in die jaarverslag van die maatskappy.

AANBEVELING

Dat die algemene jaarvergadering besluit dat die verslag van die vergoedings-en-mensehulpbronskomitee van die ATKV-groep aanvaar word.

BESLUIT 17

GOEDKEURING VAN MOSIES 2022

Virtuele gesprekke het tussen 11 en 13 Julie 2022 plaasgevind waartydens die mosies voorgelê, gemotiveer en bespreek is.

AANBEVELING

Dat die algemene jaarvergadering die mosies aanvaar.

Statutêr voorgeskrewe sake:

SPEZIALE BESLUIT

SPEZIALE BESLUIT 1

INTERGROEPLINGS

'n Spesiale besluit ter bevestiging dat die direksie namens die lede die bevoegdheid uitoefen om in ooreenstemming met artikel 45 van die Maatskappywet, Wet 71 van 2008, en onderhewig aan die bepalings van die AVO waar toepaslik vir 'n periode van twee jaar vanaf datum van hierdie resoluëie, direkte of indirekte finansiële bystand verleen aan, *inter alia*, die verwante, medefiliaal en filiaalmaatskappye van die maatskappy op bepalings en voorwaardes soos deur die direksie besluit van tyd tot tyd.

AANBEVELING

Dat die algemene jaarvergadering 'n resoluëie aanvaar in terme van artikel 45 van die Maatskappywet, Wet 71 van 2008.

DIE VOLGENDE VYF MOSIES (MOSIES 1 TOT 4 IS GEWONE MOSIES EN MOSIE 5 IS 'N MOSIE VAN DANK EN GELUKWENSING) IS VANAF TAKKE ONTVANG VIR BESPREKING EN GOEDKEURING.

	TAK	MOSIE
TAAL		
Mosie 1	ATKV-tak Jakaranda	Hierdie AJV beveel aan dat Afrikaans as instrument tot nasiebou en versoening gebruik moet word. Deur persone in Afrikaans te groet, kan 'n kultuur van samewerking, van begrip en van hoop gevestig word.
Mosie 2	ATKV-tak Langsous	Hierdie AJV beveel aan dat die ATKV se standpunt oor die behoud van Afrikaans meer sigbaar in die Suid-Afrikaanse media moet wees.
SIGBAARHEID EN IMPAK		
Mosie 3	ATKV-tak Spandaukop	Hierdie AJV beveel aan dat 'n aanlyn winkel geskep word waar lede bemerkingsitems deur middel van tjiengelieng kan koop om sodoende die ATKV se sigbaarheid in gemeenskappe te verhoog.
Mosie 4	ATKV-tak Arendsnes	Hierdie AJV beveel aan dat ATKV-takke die positiewe gesindheid teenoor die ATKV, veral op sosiale media sal bevorder as bydrae om 'n glashelder toekomsblik te bewerkstellig.
MOSIES VAN DANK		
Mosie 5	ATKV-tak Pretoria Polisie, ATKV-tak Centurion	Hierdie AJV spreek sy dank en waardering uit teenoor die personeel van die ATKV-hoofkantoor en die ATKV-oorde, asook teenoor die ATKV-takke vir al hulle harde werk.

VERKORTE *Curriculum Vitae*



MARLENE LE ROUX

Marlene se passie is deur kuns en kultuur uit te reik na die diverse gemeenskappe in ons samelewing en 'n platform te skep waar almal tuis hoort, veral die gemeenskappe wat voorheen gemarginaliseer is op kulturele, ekonomiese en sosiale vlakke.

Marlene beskik oor twee eredoktorsgrade in Opvoedkunde, 'n M-graad in die Studie van Gestremdhede en 'n meestersprogram in Beleid en Ontwikkeling. Sy is sedert November 2015 die uitvoerende bedryfshoof van die Kunstekaap-teater. Marlene is die ontvanger van verskeie toekennings, waaronder die 'Commonwealth Point of Light Award', die Duitse en Franse regerings, toekennings van die Wes-Kaapse provinsiale regering, die ATKV en die Nasionale Afrikaans-en inheemse Taleraad.

Marlene is ook betrokke by verskeie professionele verenigings en organisasies soos juriepanele, die Chrysalis Jeugakademie, Afrikaans.com, 'Africa Open Institute', die Presidensiële Werkgroep oor Gestremdhede, die Kommissaris vir die Regte van Kulturele en Taalgemeenskappe en die 'Desmond and Leah Tutu Legacy Foundation.'



DIRK LOTTER

Dirk verwerf die graad BIng (Landbou) aan die Universiteit van Pretoria. As bestuurslid van die ATKV-tak Lichtenburg het Dirk 'n persoonlike verbintenis tot die doelstellings, missie, visie en waardes van die ATKV.

Hy doen die afgelope ses jaar besigheidskonsultasiewerk vir verskeie maatskappye en entrepreneurs. Hiervoor kom sy kundigheid en sakevernuf rondom die benutting van suksesvolle, eties verantwoordbare besigheidsbeginsels, en die omskepping daarvan in strategiese leiding vir die daarstel van winsgewende entrepreneurskap, goed te pas. Dit

behels strategiese beplanning, identifisering van nuwe geleenthede, die opstel van besigheidsplanne, ontleding van finansiële state en bestuursopleiding.

Dirk is sedert 2015 lid van die ATKV-direksie en is tans visevoorsitter. Hy dien ook op die direksie van ATKV-Sake (voorsitter sedert 2018), Hartenbos Seefront (voorsitter sedert 2017) en Majestic Silver Trading (voorsitter sedert 2019). Hy dien op verskeie komitees van die ATKV en is sedert 2018 deel van die Dagbestuur.

Sy standpunt is dat ATKV-MSW se grootste bate sy eiendomme en die belegging in die ATKV-Sakemaatskappy is. Hierdie bates moet die nodige opbrengs lewer sodat die ATKV sy hooffokus, naamlik die bevordering van die Afrikaanse taal, die kunste, kultuur en toerisme, kan finansier. Dirk se uitgebreide kundigheid en sake-ervaring kan nuttig tot voordeel van die ATKV aangewend word om bogenoemde doelwitte te bereik. Teen bogenoemde agtergrond het hy die nodige ondervinding en bewese kundigheid om strategies by te dra tot die finansiële volhoubaarheid van die kernsake en algemene fokusgebiede van ATKV-MSW.

Dirk het 'n deeglike begrip van die fidusiële verantwoordelikhede van 'n maatskappydirekteur, gekoppel aan goeie oordeel en die vermoë om 'n onafhanklike mening te vorm. Met 19 jaar se ervaring as direkteur van verskeie maatskappye het hy die vermoë ontwikkel om onderskeid te tref, dog ook terselfdertyd 'n konneksie te maak tussen strategiese denke, beleide en besluite, sowel as die implementering en monitering daarvan.

VERKORTE *Curriculum Vitae*



CLIFFORD WEE

Clifford was 'n geskiedkundige eerste aanstelling onder die vaandel van die Departement van Hoër Onderwys as direkteur van die 'Gauteng Community Education College' en beklee die posisie sedert 2015. Die mandaat van die kollege is juis gemeenskapsontwikkeling en om werkloosheid te beveg. Clifford se spesifieke pligte behels die voorsiening aan Gauteng op alle vlakke van strategiese leiding en ontwikkelingsaangeleenthede, veral in die 'townships'. Hy werk saam met private, nasionale en SETA-provinsiale en gemeenskapsorganisasies

om kontrakte te sluit om gemeenskapsontwikkeling te bevorder, en rapporteer finansiële verpligtinge aan die Minister van Hoër Onderwys.

Clifford beskik oor 'n magistergraad in Volwasse en Gemeenskapsontwikkeling en Opvoeding, voltooi by die voormalige RAU (UJ). Hy het verdere opleiding voltooi in bestuur, spanbou, leierskap, projekbestuur, konflikhantering, vaardighedsontwikkeling en gevorderde rekenaargeletterdheid.

Clifford beskik oor spesifieke vaardighede wat, leierskap, doelgerigtheid, goeie kommunikasie en interpersoonlike vaardighede, analitiese vermoëns en onderwysbeleidskennis, navorsingsvermoë, die ontwikkeling van operasionele planne, bestuursvaardighede, basies finansiële bestuur, sisteemdenke, die hantering van druk, kurrikulumontwikkeling, evalueringsvaardighede en die omskepping van strategieë in operasionele planne, insluit.

Ek, _____, van _____ (adres), 'n lid van die ATKV met ID-no. _____, as verteenwoordiger van die ATKV-tak _____, stel _____ (volle naam van secundus) van _____ (adres) hiermee voor as gevolmagtigde. By gebrek aan beskikbaarheid van die voorgestelde gevolmagtigde, stel ek die voorsitter van die vergadering as my gevolmagtigde aan, om namens my by die virtuele algemene jaarvergadering wat op Woensdag 20 Julie 2022 gehou word, of by enige vergadering daarvan, soos volg namens my te stem, of by gebrek aan sodanige aanduiding na goeddunke te stem:

BESLUIT	TEN GUNSTE	TEEN	BUIE STEMMING
BESLUIT 1: Goedkeuring van die reglement van orde			
Besluit 2: Goedkeuring van die mosie van roubeklag (https://bit.ly/Roubeklag)			
Besluit 3: Goedkeuring van die verkorte notule van die algemene jaarvergadering 2021			
Besluit 4: Goedkeuring op die terugvoer van resolusies van 2021			
STATUTÊRE VOORGESKREWE SAKES: GEWONE BESLUIT			
Besluit 5: Voorlegging deur die ATKV-MSW se besturende direkteur			
Besluit 6: Voorlegging deur die ATKV-Sake se besturende direkteur			
Besluit 7: Voorlegging van die ATKV-groep se finansiële jaarstate vir die jaar geëindig op 28 Februarie 2022			
Besluit 8: Aanstelling van eksterne ouditeure, BDO Suid-Afrika Ingelyf			
Besluit 9: Verkiesing van nie-uitvoerende direkteure:			
Mnr. Dirk Lotter (kandidatuur op die terrein van entrepreneurskap en kommersialisering) – ONBESTREDE	X		
Stem vir 1 (een) kandidaat uit die onderstaande 2 (twee):			
Dr. Marlene le Roux (kandidatuur op die terrein van onderwys, opleiding en gemeenskapsontwikkeling)			
Mnr. Clifford Wee (kandidatuur op die terrein van onderwys, opleiding en gemeenskapsontwikkeling)			
Besluit 10: Voorlegging van die voorsittersrede ATKV-MSW			
Besluit 11: Verkiesing van ouditkomiteeëdele			

Volmagaanstelling (VERVOLG)

BESLUIE	TEN GUNSTE	TEEN	BUIE STEMMING
Besluit 12: Verkiesing van ledevertegenwoordigers op die nominasiekomitee: <i>[Stem vir 3 (drie) kandidate]</i>			
Kandidaat 1:			
Kandidaat 2:			
Kandidaat 3:			
Kandidaat 4:			
Kandidaat 5:			
Besluit 13: Bekragtiging van reglemente			
Besluit 14: Verslag deur die ouditkomitee			
Besluit 15: Verslag deur die sosiaal-en-etiekkomitee			
Besluit 16: Verslag deur die vergoedings-en-mensehulpbronkomitee			
Besluit 17: Goedkeuring van die 2022-mosies:			
Besluit 17.1: Mosie 1 – 2022			
Besluit 17.2: Mosie 2 – 2022			
Besluit 17.3: Mosie 3 – 2022			
Besluit 17.4: Mosie 4 – 2022			
Besluit 17.5: Mosie 5 - 2022: Dankmosie			
STATUTÊRE VOORGESKREWE SAKE: BESLUIT			
Spesiale besluit 1: Intergroeplening			

(Dui opdrag aan gevolmagtigde met 'n kruisie in die betrokke ruimte aan.)

Ek magtig ook my gevolmagtigde om na goeddunke namens my te stem of buite stemming te bly rakende enige aangeleentheid buite die bogenoemde wat tydens die vergadering ter stemming gebring mag word.

VERTEENWOORDIGER VAN ATKV-TAK

Geteken op hierdie _____ dag van _____ 2022

Handtekening _____

Indien die gevolmagtigde die voorsitter magtig om namens hom/haar te stem, word onderstaande as onderteken beskou.


GEVOLMAGTIGDE

Geteken op hierdie _____ dag van _____ 2022

Handtekening _____

Volmagreëls

1. Die volgende bepalings geld ten opsigte van gevolmagtigdes:
 - 1.1 'n Lid van die maatskappy kan enige persoon ooreenkomstig die bepalings van die AVO (artikel 3 en skedule 2, deel C) as 'n gevolmagtigde benoem om aan die algemene jaarvergadering van die maatskappy deel te neem, daarop te praat en te stem.
 - 1.2 'n Volmaginstrument moet op skrif, gedateer en deur die lid onderteken wees.
 - 1.3 'n Gevolmagtigde mag die gevolmagtigde se gesag om namens die lid op te tree aan 'n ander persoon deleger, onderhewig aan die beperking dat die sekondus van die tak op die takvergadering aangewys is en die delegasie aanvaar.
 - 1.4 'n Afskrif van die instrument waarvolgens 'n gevolmagtigde benoem is, moet by die maatskappy of aan enige persoon namens die maatskappy afgelewer word voordat die gevolmagtigde enige van die lid se regte by die algemene jaarvergadering uitoefen.
 - 1.5 Ongeag die formaat van die instrument wat gebruik word om die gevolmagtigde te benoem:
 - 1.5.1 word die benoeming op enige tydstip opgeskort en in soverre die lid besluit om direk te handel en persoonlik enige regte van die lid uit te oefen;
 - 1.5.2 kan die benoeming herroep word, tensy die gevolmagtigde-benoeming uitdruklik anders bepaal; en
 - 1.5.3 indien die benoeming herroep kan word, kan 'n lid die gevolmagtigde-benoeming herroep deur dit skriftelik te kanselleer of later 'n onverenigbare benoeming van 'n gevolmagtigde te doen en 'n afskrif van die herroepingsinstrument by die gevolmagtigde en die maatskappy af te lewer.
 - 1.6 Die gevolmagtigde is geregtig om enige van die lid se stemreg sonder aanwysing uit te oefen of hom/haar daarvan te weerhou om dit uit te oefen, behalwe in soverre die maatskappy se AVO of die instrument waarvolgens die gevolmagtigde benoem is, anders bepaal.
2. 'n Lid se opdragte aan die gevolmagtigde moet aangedui word deur die invoeging van die toepaslike aantal stemme wat deur die lid uitgeoefen kan word, in die toepaslike ruimte wat voorsien word. Versuim om dit na te kom, sal geag word die gevolmagtigde te magtig om op die algemene jaarvergadering na goeddunke ten opsigte van die lid se stemme wat op daardie vergadering uitgeoefen kan word, te stem.
3. Volmagvorme moet teen nie later nie as Maandag 18 Julie 2022 om 16:00 deur LUMI by atkv@lumiglobal.com ontvang word.



Mnr. Johan Schoeman
Maatskappysekretaris
Surreylaan 348, Randburg, 2194
Posbus 4586, Randburg, 2125
JohanSchoeman@atkv.org.za
29 Junie 2022

BOLAND EN KAROOSTREEK

Streeksbestuurder: Almero Oosthuizen

ATKV-gesinstak Worcester
 ATKV-jeugtak AfriCharlies
 ATKV-jeugtak Afriganza
 ATKV-jeugtak BR Tops!
 ATKV-jeugtak Calvies
 ATKV-jeugtak KarooTjenners
 ATKV-jeugtak Kultuurkalwers
 ATKV-jeugtak Kultuurmafia
 ATKV-jeugtak Maskam
 ATKV-jeugtak Nossies
 ATKV-jeugtak Plofstof
 ATKV-jeugtak Struisies
 ATKV-jeugtak Taalture
 ATKV-jeugtak WwwwPuntWind
 ATKV-tak Atlantic Stars
 ATKV-tak Hantam
 ATKV-tak Laingsburg
 ATKV-tak Mooivallei
 ATKV-tak Olifantsrivier
 ATKV-tak Oudtshoorn
 ATKV-tak Prins Albert
 ATKV-tak Roggeveld Kultuur
 ATKV-tak Rooitapyt
 ATKV-tak Téhilah
 ATKV-tak Towerkop
 ATKV-tak Ubiqua
 ATKV-tak Waterblommetjies
 ATKV-tak Wellington
 ATKV-tak Wellington Minstrels
 ATKV-tak Williston
 ATKV-tak Witzenberg
 ATKV-tak Wynland
 ATKV-tak Zoar

VRYSTAAT- & NOORDKAAPSTREEK

Streeksbestuurder: Andriette Potgieter

ATKV-jeugtak Bultfontein
 ATKV-jeugtak Goudveld
 ATKV-jeugtak Hennies
 ATKV-jeugtak Henties
 ATKV-jeugtak Jacobsdal
 ATKV-jeugtak Kaalvoetkinners
 ATKV-jeugtak Kameeldoring
 ATKV-jeugtak Lanties
 ATKV-jeugtak Sandtrappers
 ATKV-jeugtak Taalindoenas

ATKV-jeugtak Tjips
 ATKV-jeugtak Trippeltonge
 ATKV-jeugtak Vooruit
 ATKV-jeugtak Witteberg
 ATKV-jeugtak Zebras
 ATKV-jeugtak@Traliejeug
 ATKV-jeugtak Brandies
 ATKV-tak Andalusia
 ATKV-tak Bethlehem
 ATKV-tak Bloemfontein
 ATKV-tak Ficksburg
 ATKV-tak Fouriesburg
 ATKV-tak Gemeenskapsteater
 ATKV-tak Groenkop
 ATKV-tak Groot Gat Gilde
 ATKV-tak Heidedal
 ATKV-tak Hopetown
 ATKV-tak Kroonstad
 ATKV-tak Oorvaal
 ATKV-tak Philippolis
 ATKV-tak Senekal
 ATKV-tak Theunissen
 ATKV-tak Wesselsbron

KZN- EN OOS-VRYSTAATSTREEK

*Streeksbestuurder:
 Coenraad Janse van Rensburg*

ATKV-jeugtak Afrikaans in Aksie
 ATKV-jeugtak DNK Woekers
 ATKV-jeugtak Hupstoot
 ATKV-jeugtak Kuswag
 ATKV-jeugtak Lekkerjoli
 ATKV-jeugtak Meester Moll
 ATKV-jeugtak Portiejolle
 ATKV-jeugtak Reitz
 ATKV-jeugtak Vrede Vonk
 ATKV-tak Durban
 ATKV-tak Empangeni
 ATKV-tak Frankfort
 ATKV-tak Glencoe
 ATKV-tak Grenswag
 ATKV-tak Kamp.Net
 ATKV-tak KZN Suidkus
 ATKV-tak Matat
 ATKV-tak Newcastle
 ATKV-tak Paulpietersburg
 ATKV-tak Pietermaritzburg
 ATKV-tak Platberg

LYS VAN *ATKV-takke* (VERVOLG)

ATKV-tak Reitz
ATKV-tak Richardsbaai
ATKV-tak St. Lucia
ATKV-tak Stella
ATKV-tak Vryheid

OOS- EN SUIDKAAPSTREEK

Streeksbestuurder: Christie Swanepoel

ATKV-damestak Despatch
ATKV-jeugtak Afrisame
ATKV-jeugtak Annibrand
ATKV-jeugtak Bergliggies
ATKV-jeugtak Besige Bytjies
ATKV-jeugtak Dinamika
ATKV-jeugtak Greysnare
ATKV-jeugtak Kareebokkies
ATKV-jeugtak Knysna Tuskies
ATKV-jeugtak Lemoentakkie
ATKV-jeugtak Melkweg
ATKV-jeugtak Patatters
ATKV-jeugtak R62-Kamerade
ATKV-jeugtak Rabieratels
ATKV-jeugtak Staans Rotsvas
ATKV-jeugtak Steenbokkies
ATKV-jeugtak Sweepslag
ATKV-jeugtak Veritas
ATKV-tak Blinkers
ATKV-tak Bloubos
ATKV-tak Brandervolts
ATKV-tak Despatch
ATKV-tak Edik
ATKV-tak Frangipani
ATKV-tak Gamtoosvallei
ATKV-tak Hartenbos
ATKV-tak Jeffreysbaai
ATKV-tak Kirkwood
ATKV-tak Langsous
ATKV-tak Musiekgilde
ATKV-tak Outeniqua
ATKV-tak PEAAT
ATKV-tak Potpourri
ATKV-tak Seeuitsig
ATKV-tak Sommer Net Ons
ATKV-tak Sonneblom
ATKV-tak Uitenhage
ATKV-tak VIA (Voluit in Afrikaans)
ATKV-tak Wyngilde

WESKAAP- EN WESKUSSTREEK

Streeksbestuurder: Elize Fortuin

ATKV-jeugtak Beeldskoon
ATKV-jeugtak Bloekomblare
ATKV-jeugtak Casablanca
ATKV-jeugtak Diazville Blaasorkes
ATKV-jeugtak Dissie@DVG
ATKV-jeugtak Klowers
ATKV-jeugtak Kultuurkorf
ATKV-jeugtak Parel Vallei
ATKV-jeugtak Strepies
ATKV-jeugtak Swellendam
ATKV-jeugtak Velddrippers
ATKV-jeugtak Vlam
ATKV-tak Aksie Teen Mishandeling
ATKV-tak Atlantis
ATKV-tak Blouelie
ATKV-tak Dissi
ATKV-tak Durbanville
ATKV-tak Eikestad
ATKV-tak Goedverwacht Ondersteuningsgroep (GOG)
ATKV-tak Goodwood
ATKV-tak Hande Van Geloof
ATKV-tak Hlangana
ATKV-tak Kaapstad
ATKV-tak Kuilsrivier
ATKV-tak Lighuis
ATKV-tak Olyfboom
ATKV-tak Overberg
ATKV-tak Shebokasi
ATKV-tak Spore
ATKV-tak Suidpunt
ATKV-tak Twaalfuurkop
ATKV-tak Tydloos
ATKV-tak Ubuntu
ATKV-tak Velddrif
ATKV-tak Voetspoor
ATKV-tak Voorspoed
ATKV-tak Vuur En Vlam
ATKV-tak Wesbank

GAUTENG- EN MPUMALANGASTREEK

Streeksbestuurder: Magon Mouton

ATKV-damestak Kosmosrand
 ATKV-damestak Springs
 ATKV-jeugtak Afritasties
 ATKV-jeugtak Jonge Bomme
 ATKV-jeugtak Kwinkslag Brigade
 ATKV-jeugtak Rierand
 ATKV-tak Aandkruin
 ATKV-tak Ambrosia
 ATKV-tak Arendsnes
 ATKV-tak Benoni
 ATKV-tak Boksburg
 ATKV-tak Collabo Breinkind
 ATKV-tak Comienzo
 ATKV-tak Draers Van Drome
 ATKV-tak Ermelo
 ATKV-tak Esperanza
 ATKV-tak Featherbrooke
 ATKV-tak Heidelberg
 ATKV-tak Laeveld
 ATKV-tak Quellerina
 ATKV-tak Vinita
 ATKV-tak Vorentoe
 ATKV-tak Vuurwarm Vir Charity
 ATKV-tak Witbank

GAUTENG- EN LIMPOPOSTREEK

Streeksbestuurder: Melvin Tobias

ATKV-jeugtak Afrikaanse Logaritmes
 ATKV-jeugtak Bevonkte Jeug
 ATKV-jeugtak Erasmios
 ATKV-jeugtak Missouri Staans Vir Afrikaans
 ATKV-jeugtak Mondjievool
 ATKV-jeugtak Overkruin
 ATKV-jeugtak Pijeugo
 ATKV-jeugtak Potifar
 ATKV-jeugtak Taaltoktokkies
 ATKV-jeugtak Wilgerlote
 ATKV-tak Agente Van Verandering
 ATKV-tak Aksie En Woordvreugde
 ATKV-tak Alberton
 ATKV-tak Centurion
 ATKV-tak Cum Laude
 ATKV-tak Ennerdale Baanbrekers
 ATKV-tak ErfenisWagters
 ATKV-tak Jakaranda
 ATKV-tak Kanniedood
 ATKV-tak Kempton Park

ATKV-tak Klank-en-Kleur-Kring
 ATKV-tak Kunstejêrn
 ATKV-tak Leesgieriges
 ATKV-tak Letaba
 ATKV-tak Pietersburg
 ATKV-tak Pretoria
 ATKV-tak Pretoria Polisie
 ATKV-tak Sasolburg
 ATKV-tak Tonteldoos
 ATKV-tak Vereeniging
 ATKV-tak Waterberg
 ATKV-tak Welbekend
 ATKV-tak Woordplesier

NOORDWES-, KALAHARI- EN NAMIBIËSTREEK

Streeksbestuurder: Marco van den Berg

ATKV-jeugtak ATKVonk
 ATKV-jeugtak Bakgat
 ATKV-jeugtak Boeshies
 ATKV-jeugtak Duine
 ATKV-jeugtak Eltaalnan
 ATKV-jeugtak Frikkieforum
 ATKV-jeugtak Gousbökkies
 ATKV-jeugtak Hoërskool Rustenburg
 ATKV-jeugtak Kultuurdierie
 ATKV-jeugtak PUK
 ATKV-jeugtak Radikaal
 ATKV-jeugtak Vonkproppe
 ATKV-jeugtak WAPAT
 ATKV-tak Ariamsvlei
 ATKV-tak Grobbies
 ATKV-tak Hartbeesfontein
 ATKV-tak Kakamas
 ATKV-tak Kalahari
 ATKV-tak Kathu
 ATKV-tak Kleinsee
 ATKV-tak Klerksdorp
 ATKV-tak Lichtenburg
 ATKV-tak Mieliehoofstad
 ATKV-tak Mooirivier
 ATKV-tak Moria
 ATKV-tak Naba
 ATKV-tak Richtersveld
 ATKV-tak Rooiudin
 ATKV-tak Schweizer
 ATKV-tak Skedelkus
 ATKV-tak Solitaire
 ATKV-tak Springbok

LYS VAN *ATKV-takke* (VERVOLG)

ATKV-tak Sultana
ATKV-tak Tampanne
ATKV-tak Thabazimbi
ATKV-tak Viljoenskroon
ATKV-tak Vredefort Koepel
ATKV-tak Windhoek
ATKV-tak Wollies

OOS- EN NOORDKAAPSTREEK

Streeksbestuurder: Gertjan Holtzhausen

ATKV-damestak Cradock
ATKV-damestak Kro'bossie
ATKV-jeugtak Die Beiteltjies
ATKV-jeugtak Graaffies
ATKV-jeugtak HSD Delf Diep
ATKV-jeugtak Kletsers Sonder Grense
ATKV-jeugtak Kookpunt
ATKV-jeugtak Lady Grey Kunste-akademie
ATKV-jeugtak Marlow
ATKV-jeugtak Prieska
ATKV-jeugtak Taalkibboets
ATKV-jeugtak Volksmond
ATKV-tak Bosberg
ATKV-tak Colesberg
ATKV-tak Die Juweel
ATKV-tak Gariep Dam
ATKV-tak Kapaailand
ATKV-tak Kliprosie
ATKV-tak Korbeel
ATKV-tak Noorsveld
ATKV-tak Rhenosterberg
ATKV-tak Rouxville
ATKV-tak Spandaukop
ATKV-tak Stormberg
ATKV-tak Verlore Bokooi
ATKV-tak Zastron

ATKV-HOOFKANTOOR

h/v Dover- en Surreystraat
Ferndale
Randburg

Posbus 4586
Randburg
2125

Tel.: 011 919 9000
WhatsApp-nommer: 082 654 7577
E-pos: atkv@atkv.org.za

'N GLASHELDER TOEKOMSBLIK

